

HOOFSTUK 6: DIE GODSBESKOUING VAN DIE JEHOVAH-GETUIES

6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die godsbeskouing van die Wagtoring-organisasie te meet aan die Bybel, om so die vraag te kan beantwoord of hierdie organisasie 'n onchristelike leer verkondig.

Eers word gekyk na wat die organisasie oor God se alomteenwoordigheid en alwetendheid sê en of dit as Bybels verantwoordbaar en as 'n Christelike siening van God beskryf kan word. Daar word ook ingegaan op die invloed wat hierdie siening van God op hulle siening van Sy wese en ander eienskappe het.

Tweedens word ingegaan op die Jehovah-getuies se siening van die Christelike leerstelling dat God 'n drie-enige God is. Maak hulle beskouing van hierdie leerstelling juis of juis nie dat hulle as 'n Christelike groepering beskou kan word?

Vervolgens word hulle sienings van wie Jahweh (Jehovah), wie Jesus en wie die Heilige Gees is en die motivering vir hierdie beskouings, gemeet aan wat die Bybel oor God leer. Is die organisasie se leer oor die Vader, die Seun en die Heilige Gees Bybels verantwoordbaar? Kan dit as Christelik beskou word, of tas die Jehovah-getuies se godsbeskouing die wese van die Christelike godsdiens aan?

Uit die bespreking van hierdie vrae word 'n samevatting en gevolgtrekking gemaak oor die vraag of die godsbeskouing van die Jehovah-getuies as onchristelik beskryf kan word.

In die oorweging van die sienings van die Jehovah-getuies word veel meer van direkte uitsprake in die Skrif gebruik gemaak as van dogmatiese werke. Laasgenoemde is wel bestudeer (vgl. bibliografie) en soos nodig as kontrole van bevindinge gebruik. 'n Apologetiese werk ten opsigte van die leerstellings van die Jehovah-getuies vereis egter primêr 'n benadering van Skrif-met-Skrif-vergelyking.

Daar word dan eerstens ingegaan op die oënskynlike beperkinge wat die Jehovah-getuies in hulle godsbegrip op God plaas.

6.2 'N BEPERKTE GOD?

6.2.1 INLEIDEND

Die Christelike kerke bely sedert die tyd van die Nuwe Testament en oor al die eeue daarna dat God alwetend en alomteenwoordig is. Daar is niks wat God nie weet nie en Hy is so verhewe dat Sy ganse skepping Hom nie kan bevat nie. Daarom verwys *Die Geloofsbelydenis van Atanasius* (1987:484 - vierde eeu na Christus) na God as "onmeetlik", en *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* (1987:486-487 - sestiende eeu na Christus) in Artikel 1 na God as "oneindig" en "volkome wys".

In hierdie onderafdeling word ondersoek ingestel na wat die Jehovah-getuies se siening van God se alwetendheid en Sy alomteenwoordigheid is, hoe dit met dié van die Christendom in die algemeen vergelyk, en of dit as Bybelgetrou en Christelik beskryf kan word.

6.2.2 IS GOD ALWETEND?

6.2.2.1 Die Jehovah-getuies se standpunt

Die Wagtoring-organisasie leer dat God nie bewus is van die meeste dinge wat in die wêreld aangaan nie. Omdat Sy woonplek ver van die aarde af is, is al wat Hy weet dit waaroor Sy engele Hom inlig of wat Hyself uitvind deur Hom in te skakel op iemand op aarde.

Die Wagtoring van 15/02/1915 (pp. 55-57) beweer dat dit vir God onmoontlik is om te weet van elke dingetjie, elke mikrobe of elke optrede van elkeen van die miljoene mense hier op aarde. Dit is selfs vir Hom onmoontlik om net te weet hoe dit met elkeen van die lede van die Wagtoring-organisasie op 'n gegewe tydstip gaan. Soos vir enige mens, sal dit vir God ook onmoontlik wees om selfs net te probeer op hoogte bly van *alles* wat met net 100 mense elke oomblik gebeur. Dit is beter om agente aan te stel om te kyk wat aangaan met elke individu. Dit is dan ook wat God gedoen het. Deur Sy engele wat Hom gereeld inlig, het God 'n breë idee oor wat aan die gang is. Aan die hoof van Sy inligtingsnetwerk staan die belangrikste engel van God, Jesus Christus.

Volgens hierdie leer is God doodgewoon nie by magte om alles te weet nie. Die verse in die Bybel wat sê dat God se oë alles raaksien (vgl. 6.2.2.2), verklaar dieselfde *Wagtoring* (p. 56) as sou dit beteken dat God nie alles raaksien nie, maar dat Hy by magte is om enigiets te wete te kom wat Hy wil weet. Dit gebeur óf deur Sy engele, óf deur direkte

kontak met iemand op 'n soortgelyke manier as die telefoon of telegraaf wat op aarde gebruik word. God is dus eintlik van min dinge in die hede bewus - net van dit wat Sy engele nodig ag dat Hy moet weet, of dit wat Hy te wete kom deur op iemand in te skakel. Dit sou buitendien volgens hierdie leer van die Wagtoring-organisasie vir God onmoontlik wees om alles in te neem wat gebeur, wat nog daarvan om dit te oordink en in die fynste besonderhede te bestuur en te beheer.

Dieselfde *Wagtoring* (p. 57) beweer dan dat die engele gereeld aan die Here verslag doen. Of dit maandeliks, weekliks of uurliks geskied, weet *Die Wagtoring* egter nie. Wat wel seker is, sê *Die Wagtoring*, is dat daar volgens die Bybel nie 'n haar van 'n mens se kop sal val sonder dat God daarvan bewus is nie. Dit beteken egter nie dat Hy self daarvan bewus is nie, maar dat Sy aangestelde engele van sulke klein dingetjies soos uitvallende hare bewus is!

In latere jare is hierdie idees oor die beperktheid van God se kennis en waarnemingsvermoëns steeds deur die Wagtoring-organisasie gehandhaaf. *Die Wagtoring* van 01/03/1972 (p. 154) beskou dit wat in *Die Wagtoring* van 15/12/1924 gesê word as so belangrik dat dit hierdie ou *Wagtoring* verbatim aanhaal. Hierdie aanhaling probeer 'n mooiklinkende rede gee vir waarom God so 'n beperkte kennis het van wat in die wêreld aangaan, naamlik dat Sy hemelse "majesteit en waardigheid" Hom verhoed om aandag te gee aan klein dingetjies of aan die uitvoering van Sy opdragte. Daarom het die "groot Jehovah" vir Hom engele aangestel om hierdie minderwaardige werk te doen.

Wanneer Jehovah iets te wete wil kom, stuur Hy Sy engele om ondersoek te gaan instel oor die aangeleentheid en Hom dan in te lig oor wat aan die gang is, aldus *Die Wagtoring* van 01/08/1970 (p. 471). 'n Voorbeeld hiervan is volgens *Die Wagtoring* die gebeurtenis wat in Genesis 18:20-22 en 19:1 beskryf word, waar God verneem van die sonde van Sodom en Gomorra en Sy engele stuur om ondersoek te gaan instel.

6.2.2.2 Die Jehovah-getuies se standpunt gewee

Die algemene Christelike standpunt oor die kennis van God word goed uitgedruk deur Heyns (1978:68): "Gods kennis is nie soos menslike kennis aan tyd en ruimte, waarneming en gevolgtrekking gebonde nie, ... sy kennis is die uitdrukking van sy deelname en leiding." In sy kommentaar op Matteus 10:28-31 sê Hendriksen (1976a:472-473) dat nie net die siel en liggaam van die dissipels vir God belangrik is nie, maar dat Hy selfs kennis dra en aandag gee aan elke haar op hulle koppe. Hierdeur beklemtoon

die Here Jesus dat God self spesiaal waak oor elke mens soos Hy dit selfs oor sulke onbelangrike voëls soos mossies doen.

Uit die Woord van God blyk duidelik dat daar geen beperkinge is aan God se kennis en heerskappy nie (vgl. Calvyn, 1984:302-316). Hy weet alles tot in die fynste besonderhede. Hy beheer elke voël en selfs elke haar op 'n mens se kop en sê dat die sekere wete van hulle hemelse Vader se persoonlike kennis en heerskappy vir Sy kinders tot troos moet wees (Matt. 10:28-30). Hy verloor hulle nooit uit die oog nie (Ps. 33:18).

Die Woord van God beklemtoon dat God al die mense, al die bewoners van die aarde en alles wat gedoen word, raaksien (Ps. 33:13-15; Sag. 9:1). Dit sluit goeie en slegte mense in; daar is niks wat die Here nie raaksien nie (Spreuke 15:3); "alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het" (Heb. 4:13).

Uit *Die Wagtoring* van 15/06/1977 (p. 355) blyk dat die Wagtoring-organisasie self begin besef het dat hulle vroeëre eksegeese van Spreuke 15:3 en Hebreërs 4:13 nie houdbaar is nie, want 'n heelwat versigtiger toon word hier gehoor. Met verwysing na hierdie twee Skrifgedeeltes word verklaar dat dit nie belangrik is om te weet of dit beteken dat God persoonlik alles waarneem, en of Hy dit deur Sy engele doen nie. Die twee moontlikhede kom volgens hierdie *Wagtoring* op dieselfde neer.

Dit is egter nie waar dat die moontlikhede op dieselfde neerkom nie, want die troos vir die Christen lê juis daarin dat sy hemelse Vader in Sy oneindige wysheid (Ps. 147:5) en almag, alles weet en onder Sy sorg het. Hierby moet in gedagte gehou word dat God se almag en Sy alwetendheid ten nouste aan mekaar verbonde is. Die rede wat vroeëre *Wagtoring*s aangegee het dat God engele aangestel het om van alles kennis te neem omdat Hy nie by magte is om dit self te doen nie (vgl. 6.2.2.1), is niks anders as 'n verwerping van die almag van God nie. Dwarsdeur die Bybel (Gen. 17:1; Op. 4:8) word die almag van God herhaaldelik beklemtoon. Die Wagtoring-organisasie bely wel aan die een kant God se almag (WTBTS, 1985a:103), maar misken dit terselfdertyd met die beperkinge wat hulle op God se alwetendheid plaas deurdat hulle glo dat Hy nie by magte is om alles te weet nie. Dit kom ook neer op die verwerping van die ewigheid van God (Ps. 90:2), want God word gesien as sou Hy soos 'n mens aan tyd gebonde wees.

Om die leerstelling dat God beperk is in Sy kennis te probeer verdoesel met 'n beroep daarop dat Hy te verhewe en waardig vir klein dingetjies is, gaan nie op nie. As Sy Goddelike heerlikheid en waardigheid die norm moes wees van die dinge waarvan Hy kennis behoort te dra, dan sou Hy van niks in hierdie skepping geweet het nie, omdat alles en almal sondig en Hom onwaardig is (1 Joh. 1:8). Maar juis omdat Hy die

volmaakte Regeerder en Onderhouer van alles is (Jes. 40:12-31; 41:10), dra Hy kennis en is Hy self in beheer van selfs die nietigste dingetjies (Matt. 10:29-30).

Op die oog af kan dit lyk of *Die Wagtoring* van 01/08/1970 (p. 471) heeltemal tereg op grond van Genesis 18 en 19 aanvoer dat God nie presies geweet het wat in Sodom en Gomorra aangaan nie, en daarom 'n ondersoekspan soontoe moes stuur. Maar volgens die Wagtoring-organisasie se eie leer dat God Hom sogenaamd op enigeen kan "inskakel" om presies uit te vind hoe dit gaan en wat aangaan, sou dit ook nie vir God nodig wees om op hierdie manier te werk te gaan nie. Hy hoef nie twee sigbare engele na Sodom toe te gestuur het nie, maar hulle kon volgens die leer van die Wagtoring-organisasie onsigbaar alles presies vasgestel het.

As 'n mens hierby neem dat God so alwetend en in beheer van sake is dat Hy volgens Psalm 139 die mens deur en deur ken, van elke optrede en gedagte bewus is, selfs weet wat hy gaan sê en boonop die mens sien en ken van voor sy geboorte af, dan is dit tog onmoontlik dat Hy nie presies geweet het wat in Sodom en Gomorra aan die gang was nie. Hy het buitendien klaar besluit op die straf vir die stede nog voordat die "ondersoekspan" met hulle uitslag gekom het (Gen. 18:17). Hierdie "sigbare ondersoek" van God en Sy engele voor die vernietigende straf van die stede, kan verklaar word as iets soortgelyks aan die menslike gebruik dat 'n regter, selfs in die geval van 'n misdadiger wat op heterdaad betrap is, nogtans ondersoek na die hele aangeleentheid moet instel, sê Aalders (1949:80) in sy verklaring van hierdie gedeelte.

6.2.2.3 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Here volgens die Bybel nie net tot in die fynste detail weet wat alles in Sy skepping aangaan nie, maar dat Hy elke deeltjie van hierdie skepping boonop onderhou en regeer. Hierdie Goddelike alwetendheid en beheer oor alles is vir die gelowige tot groot troos (Ps. 139).

Tereg sê Gispen (1952:262) in sy verklaring van Spreuke 15:3 dat die Here alwetend is; dat niks Sy oë ontgaan nie. "Ons moet met hierdie alwetendheid rekening hou." Met hulle leer dat God maar beperkte kennis het, tas die Wagtoring-organisasie die wese van die alwetende God aan.

Om die wese van God aan te tas, is om 'n onchristelike leer te verkondig. God is alwetend. Hy beklemtoon in Sy Woord dat as selfs die doderyk voor Hom ooplê, "hoeveel te meer die harte van die mensekinders" (Spr. 15:11).

6.2.3 VERGEET GOD?

6.2.3.1 Die Jehovah-getuies se standpunt

God se kennis is nie net beperk volgens die Jehovah-getuies nie. God kan ook vergeet, al is Hy nie soos 'n mens vergeetagtig nie. Die Jehovah-getuies leer dat God met opset vergeet. Volgens die organisasie se publikasie *Consolation* (23/03/1938:4) vergeet Jehovah willens en wetens diegene wat goddeloos geleef en gesterf het. Volgens die leer van die Wagtoring-organisasie bestaan mense wat gesterf het nie meer nie, behalwe in God se herinnering (vgl. 7.6). Omdat God die goddeloses nie weer uit die dood wil laat opstaan (of eintlik herskep) nie, beweer hierdie uitgawe van *Consolation* dat God hulle herinnering doodgewoon uit Sy en Sy helpers se gedagtes vee. Dit sal wees asof hierdie mense nooit bestaan het nie - deur God en skepse vergeet tot in ewigheid.

Die Wagtoring van 15/04/1963 (p. 242) gebruik die volgende tekste om hulle leerstelling te motiveer dat God die goddeloses tot in ewigheid sal vergeet: Deuteronomium 29:20 waar Moses praat van iemand wie se "naam" die Here "onder die hemel (sal) uitdelg"; Psalm 69:29 waar Dawid vra dat God sy teenstanders sal "uitdelg . . . uit die boek van die lewe en (dat hulle) nie saam met die regverdiges opgeskrywe (sal) word nie"; en Spreuke 10:7 wat sê "(d)ie nagedagtenis van die regverdige is tot seën, maar die naam van die goddelose vergaan".

6.2.3.2 Die Jehovah-getuies se standpunt geweeg

Nie in een van hierdie verse wat die Jehovah-getuies gebruik om hulle standpunt dat God vergeet te staaf, staan enigsins dat God vergeet nie! In Spreuke 10:7 gaan dit nie daaroor of God iemand sal vergeet nie. Daar word gesê dat die nagedagtenis van die regverdiges met vreugde deur hulle nakomelinge onthou sal word, maar dat die naam of nagedagtenis van die goddelose gou vergeet sal word. Magnani (1987b:286) wys daarop dat 'n soortgelyke voorbeeld in Psalm 109:13-14 voorkom waar Dawid vra dat die naam van die goddelose "uitgedelg word in die volgende geslag" deurdat sy "nakomelinge uitgeroei word". Hiermee saam vra Dawid egter dat God die ongeregtigheid en sondes steeds moet onthou.

As iemand se "naam onder die hemel uitgedelg" word (Deut. 29:20), beteken dit nie dat God hom sal vergeet nie. Die naam word immers *onder* die hemel (dit wil sê op aarde) uitgedelg en nie *in* die hemel nie. Dit kan beteken dat hy geen nageslag het om sy naam voort te dra nie, of dat die volgende geslag hom nie sal (wil) onthou nie, of beide. As Dawid weer vra dat sy teenstanders uitgedelg word uit die boek van die lewe (Ps. 69:29),

betekén dit kennelik dat hy vra dat hulle nie die ewige lewe in God se heerlikheid moet beërwe nie (Op. 3:5; 13:8; 20:15; 22:19). Dit beteken beslis nie dat hulle deur God vergeet sal word nie - inteeendeel (Op. 20:15).

Teenoor die leerstelling van die Wagtoring-organisasie dat God sekere mense vergeet, leer Gods Woord dat Hy (soos reeds gesien - vgl. 6.2.2.2) alwetend is. Dit beteken nie net dat Hy alles ken wat bestaan en weet wat in die hede aan die gang is nie. Dit beteken ook dat Hy alles omtrent die verlede weet. Die Here Jesus sê dat God nie die goddeloses vergeet nie, maar dat hulle dade in die eindoordeel aan die kaak gestel sal word. In Lukas 12:2-3 beklemtoon die Here dat daar "niks bedek" is "wat nie geopenbaar sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie". Dit sou tog nie moontlik wees as God sommige van die mense en hulle dade vergeet het nie. Dan sou daar baie dinge gewees het wat bedek en verborge was, wat nooit bekend gemaak sou word nie.

Selfs al klink dit beter om te sê dat God met opset vergeet as om te sê dat God vergeetagtig is, doen hierdie beskrywing van God tog geweldig afbreuk aan Hom. Die agtergrond vir hierdie leerstelling van die organisasie dat God se alwetende kennis so beperk is, is hulle verwerping van die hel as plek van pyniging. Hel is volgens hulle om deur Skepper en skepsels vergete te wees en nooit weer te bestaan nie (vgl. 7.8).

6.2.3.3 Gevolgtrekking

God se verstand is nie soos 'n rekenaar waarin data ingevoer en weer onttrek kan word nie. Psalm 147:5 besing die gedagte dat God se "verstand" "oneindig" is. Hoe kan die almagtige Skepper en Onderhouer van hemel en aarde, die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste, ooit selfs die kleinste dingetjie (wat nog van 'n mens, beeld van Homself en kroon van Sy skepping) vergeet? Dit is 'n aantasting van die wese van God om so klein van Hom te dink dat Hy nie eers alles wat Hy in die verlede gewet het, onthou nie. Weereens kan 'n mens nie anders as om ook hierdie leerstelling van die Wagtoring-organisasie as onbybels en daarom as onchristelik te beskryf nie.

6.2.4 *IS GOD 'N TOEKOMSVOORSPELLER?*

6.2.4.1 God se kennis van die toekoms

As die God van die Jehovah-getuies bitter min weet van wat in die hede aangaan, dan verbaas dit 'n mens nie dat hulle leer dat God se kennis van die toekoms uiters beperk is

nie. Eintlik het Hy volgens hulle leerstellings geen vooraf kennis van wat die toekoms gaan bring nie. Hy kan hoogstens soos 'n weervoorspeller, op grond van Sy huidige (beperkte!) kennis van sake, "met 'n groot mate van akkuraatheid" "voorsien" wat die toekoms gaan meebring, aldus die organisasie se publikasie, *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:311). Op dieselfde bladsy word die profesie van Jesaja (Jes. 11:3) ten opsigte van die komende Messias bespreek, en word dit beskryf as 'n baie goeie toekomsvoorspelling deur God: "Jehovah kon dit met vertroue oor sy Seun voorspel, want Hy het sy gesindheid en gedrag in die hemel sedert die begin van die skepping waargeneem." God het dus die dinge nie geweet nie, maar dit voorspel soos 'n goeie weervoorspeller op grond van Sy waarneming van hoe getrou Sy Seun is.

Net op die volgende bladsy van *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:312), weerspreek die organisasie dit wat op die vorige bladsy geleer word: "Jehovah het eweneens die vermoë om gebeure vooruit te weet." So probeer die organisasie 'n verduideliking gee waarom God in Sy Woord herhaaldelik sê (en nie bloot voorspel nie) wat die toekoms gaan bring. Om dit nie na 'n weerspreking van wat vroeër gesê is te laat klink nie, word dan in *Redenering uit die Skrif* bygevoeg dat God hierdie vermoë om dinge vooruit te weet "selektief en oordeelkundig gebruik". Dit maak egter nie sin dat Iemand wat die vermoë het om dinge van die toekoms te weet met opset sekere dinge vir Homself verberg, maar dan terselfdertyd tog allerhande voorspellings daarvoor maak nie.

6.2.4.2 Die sondeval

Die grootste enkele rede waarom die Wagtoring-organisasie God se kennis van die toekoms wil inperk, is klaarblyklik die sondeval wat deur Adam en Eva veroorsaak is. Vir die organisasie is dit ondenkbaar dat God Adam en Eva sou geskape het as Hy geweet het dat hulle in sonde sou val, want dan sou God volgens *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:312-313) die eintlike oorsaak wees van al die hartseer en goddeloosheid wat die sondeval meegebring het.

Die Wagtoring-organisasie glo dat die val van die duiwel en van die mens vir God as 'n verrassing gekom het. *Die Wagtoring* van 01/06/1953 (p. 340) neem sommer aan dat die duiwel deur God aangestel was om Adam en Eva op te pas. Dan word beweer dat dit nóg Skriftuurlik, nóg logies is om te beweer dat God geweet het dat Sy engel teen Hom sou rebelleer, of dat Adam en Eva vir sy versoeking sou val. God het dit nie verwag nie, omdat Hy nie Sy mag tot voorkennis gebruik het nie. Die rede vir hierdie ('n mens kan sê nalatige) optrede, sou wees dat God nie 'n agterdogtige God is nie. Ter versagting word dan gesê dat Jehovah wel vooraf weet wat Hy self gaan doen, maar dat Sy outomatiese voorkennis nie insluit wat Sy skepsele gaan doen nie. Dit bly egter 'n ope

vraag hoe dit moontlik is dat God wel vooraf weet wat Hy self gaan doen, maar nie weet wat Sy skepsele gaan doen nie. God se optrede in die geskiedenis van die mens is tog ten nouste verbonde aan die optrede van die mensdom.¹

6.2.4.3 Menslike logika versus die Skrif

By die beoordeling van die Jehovah-getuies se standpunt oor die gebrekkige kennis wat God van die toekoms sou hê, moet eerstens opgemerk word dat hierdie siening van die organisasie eerder 'n weerspieëling van menslike logika as van die Skrif is. Die Wagtoring-organisasie het dit rasioneel uitgedink dat God nie voor die tyd van die sondeval kon geweet het nie, aangesien Hy dan deur Sy skepping van die mens, volgens hulle logika, medeverantwoordelik sou wees vir die sondeval en al die hartseer en goddeloosheid wat daaruit voortgevloei het. Nêrens word hierdie standpunt egter deur die Skrif bevestig nie. Die teendeel is eerder waar, soos hieronder uitgewys sal word.

Hierdie logika van die organisasie oor die voorkennis van God, word ook op persone en wat in hulle lewe gaan gebeur toegepas. Soos reeds gesien, leer die organisasie dat God self nie eers geweet het of Jesus sou slaag nie. As Hy geweet het dat Jesus byvoorbeeld nie sou slaag nie, en Hy het Hom tog gestuur, sou Jehovah volgens die organisasie se logika medeverantwoordelik vir Jesus se mislukking wees.

Die probleem is egter dat hierdie menslike logika van die Wagtoring-organisasie by herhaling lynreg met die Skrif bots. Om hulle logika in stand te hou, word allerhande onlogiese verklarings dan gegee vir die betekenis van die Skrifgedeeltes wat hulle sieninge weerspreek. Daar word vervolgens by enkele van hierdie gedeeltes stilgestaan.

6.2.4.3.1 *Die Verlosser wat sou kom*

Volgens Efesiërs 1:3-5 het God "voor die grondlegging van die wêreld" al "voorbeskik" dat daar deur Jesus Christus verlossing vir mense sal wees. 1 Petrus 1:18-21 sluit ook hierby aan. Dit beteken dat God, nog voor Hy die wêreld gemaak het, al moes geweet het van die sondeval wat sou kom, en reeds uit genade 'n antwoord daarop beskik het in Sy Seun se werk op aarde.

Die menslike logika van die Wagtoring-organisasie kan egter nie hierdie verklaring aanvaar nie. *Die Wagtoring* van 01/08/1970 (p. 477) sê, sonder om enigsins na Efesiërs 1 of 1 Petrus 1 te verwys, dat daar geen aanduiding is dat die Seun voor die sondeval voorbeskik was as Verlosser nie. God (wat die toesig oor die eerste mense aanvanklik aan Satan toevertrou het) het Jesus eers na die sondeval vir die verlossingstaak gekies.

Op grond van die getrouheid wat Hy by Jesus gesien het, het Hy "gewet" dat Hy sou slaag.

Die Wagtoring van 15/01/1964 (p. 52) poog wel om 'n verklaring vir die voorbeskikking van Jesus "voor die grondlegging van die wêreld" te gee, naamlik dat "die grondlegging van die wêreld" eers op die tyd van Abel dui. Hy was die "eerste van die wêreld van die mens" wat die verlossing waardig sou wees. Hierdie verklaring word boonop in *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:314) op grond van Lukas 11:50-51 aan Jesus toegedig: "Dit is opmerklik dat Jesus 'die grondlegging van die wêreld' in Lukas 11:50-51 gelykstel met die tyd van Abel." Daar word dan beweer dat God na die sondeval maar voordat Abel verwek is, "sy voorneme gevorm het om 'n 'saad' voort te bring deur wie verlossing bewerk sou word [Gen. 3:15]".

Hierdie beroep op Lukas 11:50-51 gaan egter geensins op nie! Jesus sê nie daar dat "die grondlegging van die wêreld" en die lewe (of sterwe) van Abel saamval nie. Die "grondlegging van die wêreld" is geen geheime term wat op hierdie manier van 'n betekenis voorsien moet word nie. As daar in Lukas 11 gestaan het "voor die skepping van die wêreld", sou dit tog nie beteken dat die skepping van die wêreld en die lewe van Abel op dieselfde tyd plaasgevind het nie. Net so min kan "die grondlegging van die wêreld" en Abel se geboorte, lewe of sterwe gelykgestel word in betekenis. Die grondlegging (*kataboles*) van die wêreld (*kosmou*) beteken net dit wat dit sê - die grondlegging van die wêreld! Lukas 11:50-51 sê dat die profete en apostels van God wat van die grondlegging (begin of skepping) van die wêreld af doodgemaak is (Abel was die eerste een) deur God gewreek sal word (Greijdanus, 1941a:322).

As gekyk word na wat bekende kommentatore soos Greijdanus (1949a:26) en Hendriksen (1976d:77) oor Efesiërs 1:4 sê, is dit duidelik dat daar by hulle nie die minste twyfel is dat "voor die grondlegging van die wêreld" die tyd aandui voordat God Sy skepping begin het nie, dit wil sê in die ewigheid. Hendriksen verwys ook na 1 Petrus 1:19-20 en sê dat dit uit hierdie gedeeltes duidelik is dat die Here Jesus "van ewigheid" af bestem was om die verlossing vir die wêreld te bring. Greijdanus wys ook daarop dat hierdie verlossingsplan van ewigheid af, voor die begin van tyd, by God bestaan het. Hieruit volg dat God, wat nie vir Sy kennis aan tyd gebonde is nie, voor die skepping van die wêreld al gewet het dat die sondeval sou plaasvind en die Here Jesus as Verlosser voorbeskik het.

Die gesaghebbende werk wat onder die redakteurskap van Colin Brown verskyn het, *The New International Dictionary of New Testament Theology* (Esser, 1979:376-378), verduidelik dat die woord wat in die Afrikaanse vertaling van die Bybel met grondlegging vertaal word, *katabole*, wel fondamentlegging of grondlegging beteken. Die

werkwoord *kataballo* is saamgestel uit twee dele wat onderskeidelik "af" en "gooi" beteken. Die betekenis wat dit mettertyd aangeneem het, naamlik om 'n fondasie of fondament te lê, is verkry van die antieke bouproses en verwys na die neergooi van klippe in die fondasiesloot. Mettertyd is die woord ook vir ander dinge gebruik, byvoorbeeld om die begin of aanvang van 'n stryery aan te dui. Vanaf Polybius (tweede eeu voor Christus) gebruik skrywers die frase *apo* of *ek kataboles kosmou* vir die begin van die wêreld. Dit is dan ook volgens Esser hoe *katabole kosmou* opgeneem moet word in Lukas, Efesiërs, 1 Petrus en die plekke waar dit in Matteus, Hebreërs en die Johannese geskrifte gebruik word.

Uit hierdie Skrifgedeeltes blyk duidelik dat God, anders as wat die logika van die Wagtoring-organisasie dit wil, voor die begin van Sy skepping geweet het dat die mens in sonde sou val.² Dit is onjuis om soos die Wagtoring-organisasie te beweer dat as God vooraf geweet het van die sonde, Hy die outeur of mede-outeur van die sonde is. 'n Huweliksbevestiger wat weet dat daardie huwelik, soos enige huwelik, nog sy kwota hartseer saam met die vreugde sal beleef, is tog nie aanspreeklik vir daardie hartseer nie.

Dit is buitendien 'n verkleinering van God om Hom as deel of afhanklik van die tyd te sien. God het nie na die sondeval van die eerste mense aan 'n uitkoms probeer dink en gaandeweg tot die besef gekom dat Hy moontlik vir Jesus as Verlosser na die wêreld kon stuur, soos die Jehovah-getuies leer nie. Hy het reeds "voor die grondlegging van die wêreld" dit voorbeskik dat die Here Jesus as nasaat van Adam en Eva tot verlossing van die mensdom gebore sou word. Tereg sê Heyns (1978:68) dat God die toekomstige denke en dade van elke enkeling en die ganse menslike geslag vooruit weet. "As die eerste mensepaar in sonde val, word God nie, in eerbied gesê, onkant gevang nie, maar onmiddellik kondig Hy die koms van die Messias aan (Gen. 3:15)."

Die verdere bewering van die Wagtoring-organisasie dat God nie geweet het of Jesus sal slaag nie, is ook nie op die Bybel gefundeer nie en misken sowel Jesus se onfeilbaarheid as God se genadige voorbeskikking. God het nie soos *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:311) beweer op grond van Jesus se "gesindheid en gedrag in die hemele" voor Sy menswording bloot kon *voorspel* of Hy sou slaag nie. Van die begin af word met Goddelike gesag *gestel* dat Hy die slang se kop *sal* vermorsel (Gen. 3:15); dat die vrede wat Hy bring "sonder einde" sal wees (Jesaja 9:5-6); dat daar "deur sy wonde . . . vir ons genesing" sal kom (Jes. 53:5); en dat Hy die skuld van baie sal dra en hulle regverdig sal maak (Jes. 53:11).

Hoekom sou God buitendien dinge oor Jesus wou "voorspel" op grond van Sy waarneming van Hom, as Hy volgens die leerstelling van die organisasie doodgewoon

kon besluit om Sy "vermoë om dinge vooruit te weet" aan te skakel? Nee, dat Hy presies weet wat die toekoms bring en dit vooruit sê, is juis volgens God self 'n teken daarvan dat Hy werklik God is (Jes. 41:21-29). Daarom stuur Hy ook telkens die profete om aan die volk te verkondig wat Hy sê oor die toekoms.³ God is geen weerprofeet of toekomsvoorspeller nie, maar 'n kenner en bewerker van die toekoms (Jes. 44:6-8; 45:11; 46:9-10). Daarom kan 'n mens seker wees dat as God iets sê oor die verlede, hede of toekoms, dit die waarheid sal wees.

6.2.4.3.2 *Die toekoms van individue*

Weet God wat die toekoms vir elke individu inhou? Die Jehovah-getuies met hulle siening van 'n uiters beperkte God ontken dit. Hulle kom weereens met hulle menslike logika na die Skrif, en sê dat God nie mense sou aanspoor om te doen wat reg is en 'n beloning aan hulle voorhou, terwyl Hy weet dat hulle nie sal slaag nie (WTBTS, 1985a:312).

Die probleem vir die Jehovah-getuies is egter dat die Skrif nie net leer dat God vooruit, byvoorbeeld deur Sy profete, sê wat met Sy volk en ander volkere gaan gebeur nie,⁴ maar dat Hy ook duidelik sê wat met individue gaan gebeur. *Die Wagtoring* van 01/06/1953 (pp. 337-338) erken dat God vooraf geweet het dat Simson Israel sou verlos (Rig. 13:3-5), dat Jeremia 'n profeet sou wees (Jer. 1:5) en dat Johannes die Doper 'n werk soos dié van Elia sou doen om die mensdom voor te berei vir die koms van die Messias (Luk. 1:13-17). Daar word dan gesê dat God hulle nie vooraf hiertoe beskik het nie, maar dat Hy Sy werklike kennis van hierdie individue eers vanaf bevrugting kon gekry het. God het egter steeds nie geweet wat hulle uiteinde sou wees nie.

As na die Skrifgedeeltes wat *Die Wagtoring* bespreek self gekyk word, is dit duidelik dat *Die Wagtoring* se eksegeese daarvan geforseerd is en deur die Skrifgedeeltes self weerspreek word. Van al drie hierdie manne sê God *voor* bevrugting dat hulle gebore sou word en wat hulle lewenstaak sou wees. Van Simson se ma word daar pertinent gesê dat sy onvrugbaar was en geen kinders gehad het nie. Dan sê God sy "*sal* swanger word en 'n seun baar" (Rig. 13:3-5). Nadat daar aan haar opdrag gegee is om nie wyn of sterk drank te drink en om niks onreins te eet nie omdat die seun beskik is om reeds van binne die moederskoot 'n nasireër te wees, word herhaal dat sy swanger *sal* word. Dan sê God verder van hierdie kind, nog voor die bevrugting kon plaasgevind het, dat hy Israel sal begin verlos uit die hand van die Filistyne.

Van Jeremia sê die Here dat Hy hom geken het "voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het" - dus voordat bevrugting en die vorming wat reeds daarmee saamgaan,

plaasgevind het. So word daar ook van Johannes die Doper pertinent gesê dat eers *nadat* die engel vir Sagaria gesê het van sy seun Johannes wat gebore sou word en bestem is om "uit (te) gaan in die gees en die krag van Elia . . . om vir die Here 'n toegeruste volk te berei" (Luk. 1:17), sy vrou bevrug is en swanger geword het (Luk. 1:24).

Die Skrifgedeeltes wat *Die Wagtoring* self aanhaal om te bewys dat God nie die toekoms van individue weet nie maar dit kan voorspel op grond van hulle voorgeboortelike samestelling, weerspreek juis hierdie siening van die organisasie. Selfs voor bevrugting weet en bepaal God wat elkeen van hierdie mense se lewenstaak *sal* wees. *Die Wagtoring* van 01/08/1970 (p. 474) gee selfs toe dat God nie net geweet het nie, maar ook bepaal het dat een van die baie seuns van Dawid (Salomo) die tempel sou bou.

In Romeine 9:14-21 word die vrymag van God om self te kies watter mens Hy in genade wil aansien beklemtoon, en dat die mens nie die reg het om teen God te murmureer oor wat vir hom beskik is nie. In verse 10-13 word die tweeling Jakob en Esau dan as voorbeeld van hierdie vrye keuse gegee, waar God nog voor hulle geboorte en nog voor hulle enige goed of kwaad kon doen, die een bo die ander verkies het. Die Wagtoring-organisasie se publikasie *Is hierdie lewe al wat duur is?* (WTBTS, 1976b:58) haal Psalm 139:16 aan as bewys dat God die embryo kan sien. Op grond van die genetiese samestelling van die twee seuns sou God dan kon besluit watter een geskik sou wees vir die grootste seën.

Dit is egter nie wat Romeine 9:11-13 sê nie. In sy kommentaar op Romeine wys Hendriksen (1981:319-324) daarop dat voorbeelde in Romeine 9 gegee word daarvan dat God self besluit wie Hy na Hom toe sal roep (Rom. 8:28-30). Die finale oorweging op grond waarvan God besluit wie Hy na Hom toe roep, is nie geleë in goeie of slegte werke (of in die genetiese samestelling van iemand - HGS) nie, maar in die wil van God. Teenoor dit wat die Jehovah-getuies van hierdie Skrifgedeelte maak, stel Hendriksen duidelik dat dit hier daarom gaan dat "die goddelike, soewereine wil die bron van beide verkiesing en verwerping van mense is. Tog word die mens se verantwoordelikheid nie uitgekanselleer nie, hoewel daar nie so iets soos menslike verdienste is nie".

As 'n mens na die geskiedenis van Jakob kyk, besef jy dat hy werklik 'n skelm of bedrieër was soos sy naam aandui. Hy het byvoorbeeld beide sy bejaarde pa en sy skoonpa bedrieg, en dit ter wille van sy eie gewin. Dit is God wat hom telkens na die regte pad toe teruggedwing het. God het dus nie die goeie eienskappe in sy genetiese samestelling gesien en hom op die meriete daarvan gekies nie. God het juis sy swak eienskappe in die loop van sy lewe verander sodat hy kon inpas by die doel waarvoor God hom wou gebruik.

Met die bespreking van die sondeval (vgl. 6.2.4.2) is gesien dat die Wagtoring-organisasie nie saamstem daarmee dat God vooraf kan weet van verkeerde dinge wat mense gaan doen nie. Volgens hulle logika sou hierdie wete God aandadig maak aan die verkeerde dinge wat deur mense gedoen word. Die probleem wat die organisasie egter het, is dat die Bybel nie ooreenstem met hulle sienswyse nie. 'n Duidelike bewys hiervan is die geskiedenis van die verraad van Judas Iskariot. Volgens Handeling 1:16-26 het die Heilige Gees "deur die mond van Dawid" (Ps. 41:10) voorspel dat Judas, een van Jesus se dissipels, Hom sou verrai, en dat sy opsiensamp (Ps. 109:8) deur 'n ander oorgeneem sou word. God het dus honderde jare vooruit geweet van die verraad wat sou plaasvind. Daarom verklaar Johannes 6:64 en 71 dat Jesus "van die begin af geweet" het "wie hy was wat Hom sou verrai", naamlik Judas Iskariot.

Die *Ontwaak!* van 22/08/1954 (p. 8) erken dat God vooraf geweet het dat een van Jesus se dissipels Hom sou verrai, maar dat God nie geweet het wie dit sou wees nie. Toe Jesus agterkom dat Judas begin wegbeweeg van die ware godsdiens, het Hy besef dat dit Judas sou wees. Die organisasie erken dus dat God voor die tyd geweet het van die verraad, maar probeer tog Sy kennis as beperk voorstel deur te sê dat Hy nie geweet het watter individu dit sou doen nie.

Die *Wagtoring* van 01/08/1970 (pp. 475-476) maak ook melding daarvan dat God van lankal af geweet het van die verraad, maar dat Hy nie geweet het wie dit sou pleeg nie. Toe Jesus Sy dissipels geroep het, was Judas se hart nog suiwer. Eers na 'n ruk kon Jesus uit Judas se skelm optrede agterkom dat hy die verraaier sou wees.

Volgens *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:313-314) dui Johannes 6:64 (waar staan dat Jesus "van die begin af geweet (het) . . . wie hy was wat Hom sou verrai") nie daarop dat Jesus daarvan geweet het van "die begin van die skepping of van Judas se geboorte af nie, maar 'van die begin' van sy verraderlike optrede af".

Hierdie interpretasie van "van die begin af geweet" maak egter nie sin nie. As Jesus werklik mettertyd uitgevind het dat dit Judas sou wees, sou daar eerder net gestaan het dat Jesus dit geweet het, of dat hy mettertyd besef het wie Hom sou verrai.

Wat wel belangrik is, is die organisasie se erkenning dat God se kennis van die toekoms darem nie so beperk is dat Hy nie kon weet van die verraad wat sou kom nie. Dit bring die logiese vraag mee dat as Hy van die verraad geweet het en dit ingewerk het by Sy planne vir die soendood van Jesus, waarom kon God nie ook geweet het van die sondeval en dus voor die grondlegging van die wêreld daarvoor voorsiening gemaak het soos Efesiërs 1:4 sê nie?

Die verklaring van die Wagtoring-organisasie dat God wel vooraf geweet het van die verraad maar nie wie dit sou pleeg nie, beteken dat daar so klein van God gedink word dat dit baie naby aan godslastering is. God weet nie wie die Here Jesus sou verrai nie. Nou moet Hy wag dat die duivel eers iemand wat suiwer van hart is tot 'n val bring. God is dus afhanklik van die duivel vir die vervulling van Sy profesie, en die duivel weet selfs voor die Here wie die verraaier sal wees! Dit is lynreg teen die uitspraak van die Bybel wat sê dat die Here "van die begin af geweet (het) . . . wie hy was wat Hom sou verrai". Net so min as wat God se kennis van die verraad Hom daaraan aandadig maak; net so min maak God se kennis van wie die verraad sal pleeg Hom daaraan aandadig.

Hoe duidelik blyk die Goddelike voorkennis, ook selfs van die sonde, nie uit die woorde van die Here Jesus aan Petrus die dag voor die nag waarin Petrus Hom sou verloën nie (Lukas 22:34): "Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy drie maal geloën het dat jy My ken nie." Hoe *letterlik* het hierdie woorde nie waar geword volgens Lukas 22:54-62 nie. Tog, hoewel die Here Jesus voor die tyd presies geweet het van dit wat Petrus sou doen, maak dit Hom nie aandadig aan hierdie sonde (soos wat die Jehovah-getuies sou moes beweer as hulle hulle menslike logika konsekwent wil toepas) nie. Hoe verskriklik klein dink hierdie organisasie nie van God nie.

6.2.4.4 'n God sonder planne

Dat die organisasie 'n baie lae dunk van God het, blyk ook duidelik daaruit dat hulle Hom as planloos voorstel. As God nie die toekoms weet nie, kan Hy ook nie die toekoms beplan nie. Tog sê God herhaaldelik in die Skrif wat die toekoms vir mense en volke gaan meebring.

Die organisasie het egter nie van die begin af so klein van God gedink nie. Vir bykans die helfte van hulle bestaan is geleer dat God, wat die toekoms betref, met duidelike planne werk. Vanaf 1930 word geleer dat God wel vir Hom sekere dinge ten doel stel, maar nie planne het hoe om dit te verwesenlik nie.

Die Wagtoring van 15/08/1909 (p. 243) leer dat God voor die grondlegging van die wêreld Sy planne tot in die fynste besonderhede uitgewerk gehad het. God laat alle dinge geskied volgens Sy eie wil, volgens vaste, onveranderbare reëls en beginsels.

Die organisasie se publikasie *Creation* (WTBTS, 1927:72) stel 'n latere datum as "die grondlegging van die wêreld" voor as die tyd waarop God Sy planne gefinaliseer het. Hierdie boekie beweer op grond van Genesis 3:15 dat God net na die sondeval eers elke aspek van Sy plan met die mens geweet het.

Daarteenoor verklaar *Die Wagtoring* van 01/04/1930 (p. 101) dat die organisasie vir baie jare verkeerdlik van 'n "Godelike plan" gepraat het, waaronder hulle verstaan het dat God 'n fyn uitgewerkte plan of skema het wat Hy op 'n ordelike wyse tot uitvoer bring. *Die Wagtoring* sê dan dat die organisasie egter toe begin insien het dat dit nie so is nie. God maak nie planne nie. Hy stel Hom net sekere doelwitte voor oë en laat dit met verloop van tyd verwesenlik word.

Hierteenoor leer die Bybel baie duidelik dat God nie Sy doelstellings vir die toekoms planloos verwesenlik nie, maar dat Hy volgens Sy raadsplan werk. So sê Handeling 4:27-28 dat God die vernedering en kruisiging in Sy "raad vooruit bepaal het om plaas te vind", en Handeling 2:23 dat Jesus "deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is". Efesiërs 1:9-11 leer duidelik dat God die verlossing in Christus uitgevoer het soos wat Hy dit voorheen in Sy raad voorgeneem en gewil het. Die Ou Testament beklemtoon herhaaldelik dat die raadsplan van die Here vir ewig bestaan (Ps. 33:11; Spr. 19:21; Jes. 46:10). God het nie Sy beheer oor sake verloor nie.

6.2.4.5 Gevolgtrekking

Die God van die Bybel is die almagtige God, Skepper en Onderhouer van hemel en aarde. Hy is alwetend. Daar is niks in die hede wat Hy nie weet nie en niks kan buitendien sonder Hom bestaan nie. Daar is niks en niemand van die verlede wat deur Hom vergeet is nie. En daar is niks in die toekoms wat Hy nie ken nie (vgl. Calvyn, 1984:317-318). Daarom stel 1 Johannes 3:20 dit ondubbelsinnig: "... God is meer as ons hart, en Hy weet alles."⁵

Soos God self, is Sy wysheid en kennis ewig, onveranderlik, volmaak en volledig (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:171-176, 179-180). Om enigsins afbreuk daaraan te doen, en om boonop van Hom 'n toekomsvoorspeller te maak, is om die ware en volmaakte God te beledig, om klein van Hom te dink. Die standpunt van die Wagtoring-organisasie is 'n vergryp teen die alwetendheid van God, onbybels en daarom ook 'n onchristelike leerstelling.

6.2.5 IS GOD ALOMTEENWOORDIG?

6.2.5.1 Die Jehovah-getuies se standpunt

Die Wagtoring van 15/02/1981 (p. 6) beweer op grond van 1 Korintiërs 15:44 en Johannes 4:24 dat God "'n individu, 'n Persoon met 'n geestelike liggaam" is, en daarom 'n plek nodig het waar Hy kan bly en ook op 'n gegewe tydstop net op een plek kan wees.

1 Konings 8:43 word dan aangehaal om te bewys dat die hemele die "vaste woonplek" van God is. Daar word ook op grond van Hebreërs 9:24 afgelei dat Christus die "hemel" moes ingaan om "voor die aangesig van God" te kon verskyn. Op grond hiervan verwerp hierdie *Wagtoring* die Christelike leer dat God alomteenwoordig is.

Op die vraag waar die hemel is, kon die *Wagtoring*-organisasie wat van hulleself sê dat hulle geheel en al deur God gelei word in die verlede 'n antwoord gee. *The Golden Age* van 10/09/1924 (pp. 793-794) verklaar dat die organisasie glo dat die troon van God, die geestelike sentrum van die heelal, in die sterrestelsel genaamd "Pleiades" is (vgl. 5.5.4.1). As motivering word aangegee dat hulle dit bereken het op grond van die Groot Piramide wat God as Sy getuie in Egipte opgerig het. Daar word dan verder daarop gewys dat die ster "Alcyone" binne hierdie sterrestelsel die helderste is en dat die troon van God waarskynlik daar geleë is.

Dit is so ver hiervandaan dat *Die Wagtoring* van 01/02/1896 (p. 291) beweer dat die engele wat na Jesus se geboorte aan die herders verskyn het, waarskynlik 'n hele paar dae gevat het om op aarde te kom. Ook vir Jesus moes dit met Sy hemelvaart 'n hele tydjie geneem het voordat Hy die hemel bereik het en die Heilige Gees aarde toe gestuur is, aangesien die tydsverloop tussen die twee gebeure tien dae was, aldus die *New Era Enterprise* van 28/06/1921 (WTBTS, 1921b:4).

Ook op hierdie leerstelling (soos op so vele ander) het die *Wagtoring*-organisasie later teruggekom. Volgens *Die Wagtoring* van 15/11/1953 (p. 703) is dit nie meer houdbaar om die "Pleiades" te sien as die middelpunt van die heelal nie. Verder word gesê dat dit *onwys* is om 'n spesifieke plek in die heelal vir God se troon aan te dui, want die gevolg daarvan kan wees dat daardie deel van die heelal vereer word. Tog vaar die organisasie, na hierdie "erkenning" dat hulle verkeerde dinge (in die Naam van God) verkondig het, op dieselfde bladsy van *Die Wagtoring* uit teen die Christendom as "Satan se organisasie, Babiloniese Christendom", en verklaar dat dit duidelik is dat God veral sedert 1918 (sic!) met hulle is. Ook handhaaf hulle steeds die siening dat God nie alomteenwoordig is nie, maar 'n bepaalde woonplek het en slegs daar teenwoordig is (*Wagtoring*, 15/02/1981:6).

6.2.5.2 Die Jehovah-getuies se standpunt gewees

Die Jehovah-getuies se siening van 'n beperkte God wat net op een plek in die heelal op 'n slag kan wees, herinner sterk aan die godsídee wat by die antieke volke gevind word. Soos die antieke Grieke geglo het dat hulle gode op die berg Olympus bly, daar ingelig word oor wat in die wêreld aan die gang is en vandaar dinge op aarde laat gebeur; so glo

die Wagtoring-organisasie dat God iewers in die ruimte bly, daar ingelig word oor wat in die wêreld aangaan en vandaar dinge op die aarde laat gebeur.

Hierteenoor stel die Bybel (soos hieronder sal blyk) dat die heelal, wat God self geskep het, Hom nooit kan bevat nie! God is groter as Sy skepping. Hy bestaan van ewigheid af en het dus nie die tydelike skepping nodig en word nie daardeur beperk of ingeperk nie.⁶ Hy is aktief onderhoudend besig in Sy hele skepping. Daarom sê Dawid in Psalm 139 (vgl. Noordtjij, 1973:267-271) nie net dat God alwetend is en selfs vooruit weet van elke woord wat hy sal sê nie (vs. 4), maar daarmee saam (vs. 5-12) dat God hom heeltemal omring en dat dit nêrens in die heelal anders sal wees nie, omdat God oral teenwoordig is. Hierdie sekerheid van God se voortdurende nabyheid is vir Dawid onbegryplik en wonderlik (vs. 6).

God is so direk by die mens betrokke dat Dawid sê (vs. 13) dat dit Hy is wat die mens voorgeboortelik vorm (en hoeveel swanger vroue is daar nie oor die hele wêreld nie) en dat Hy altyd deur by hom, Dawid, is - selfs as 'n mens wakker word, besef jy dat God nooit van jou weg was nie (vs. 18). Daarom kan hy van God vra om hom op die ewige weg te lei (vs. 24). As God nie alomteenwoordig was nie, sou dit darem selfsugtig van Dawid gewees het om God so vir homself op te eis!

Om hulle saak te staaf dat God ver weg in die hemel 'n woonplek het en daarom nie alomteenwoordig kan wees nie, gebruik *Die Wagtoring* van 15/02/1981 (p. 6) 1 Konings 8:43 waar na die hemel as die "vaste woonplek" van God verwys word. Dieselfde Salomo wat hier aan die woord is, sê 'n klompie verse vroeër (vs. 13) oor die tempel wat hy vir God gebou het: "Verseker het ek vir U 'n woonhuis gebou, 'n vaste plek vir U om ewig in te woon." Sou dit beteken dat God nou twee woonplekke het waarin Hy om die beurt bly? Nee! Die antwoord vind 'n mens in 'n vers tussen hierdie twee verse, naamlik vers 27: "Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het."

Hieruit is dit duidelik dat onder "vaste woonplek" nie die woonkwartiere van God verstaan moet word nie, maar wel dat God daar op 'n besonderse manier teenwoordig is (vgl. 1 Kon. 8:10-11). Hierdie sogenaamde woonplekke kan egter volgens 1 Konings 8:27 nooit groot genoeg wees om God te bevat nie. God is groter as die hele heelal. Hy is nie deel van hierdie geskape werklikheid nie. Nie eers "die hoogste hemel" kan Hom bevat nie.

Dat die "hemel" waar die troon van God is nie 'n ruimtelike plek is soos wat die Jehovah-getuies dit interpreteer nie, blyk ook duidelik uit die gedeelte wat *Die Wagtoring* van 15/02/1981 (p. 6) uit Hebreërs aanhaal. Op grond van Hebreërs 9:24

beweer hulle dat God nie alomteenwoordig is nie, want Christus moes eers die hemel ingegaan het om "voor die aangesig van God vir ons te verskyn". 'n Klompie verse verder aan (Heb. 10:19-22) word egter gesê dat die gelowiges ook hierdie pad wat die Here vir hulle oopgebreek het kan en moet volg om voor God te verskyn. Grosheide (1935:119) sê in sy kommentaar op hierdie gedeelte dat die gelowiges God eendag volmaak sal ontmoet, maar dat hulle hier opgeroep word om nou al tot God toe te tree in gebed. Gelowiges kan dus God se heilige hemel betree in hulle binnekamer, of waar hulle hulle ook al bevind. Dit is alleen moontlik omdat die hemel geen ruimtelike plek is nie, en veral omdat God alomteenwoordig is. In gebed kom 'n mens voor God self te staan.

In Jeremia 23:24 sê God self dat Hy die hemel en die aarde vul. Die *New World Translation* van die organisasie kruisverwys hierdie vers met Psalm 139:7 (dat 'n mens nooit van God se aangesig kan wegkom nie) en Jesaja 66:1. In laasgenoemde vers sê die Here: "Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete." In sy kommentaar op Jesaja sê Ridderbos (1934:233) dat hierdie vers beteken dat God die ganse heelal beheers en vul. God sê dus self dat Hy alomteenwoordig is.

Die logika van die Jehovah-getuies ten opsigte van hulle verwerping van die alomteenwoordigheid van God, loop van die begin af skeef. Hulle hele siening word daarop gebou dat God as 'n Persoon 'n geestelike liggaam moet hê (vgl. 6.2.5.1). Magnani (1987b:202) wys daarop dat nêrens in die Bybel staan dat God 'n geestelike liggaam het nie. Die "geestelike liggaam" in 1 Korintiërs 15:44 wat hulle as bewys aanvoer, verwys na 'n opgestane menslike liggaam en nie na God nie. Die ander teksverwysing wat hulle aanvoer, Johannes 4:24, sê dat God Gees is - nie dat Hy 'n geestelike liggaam het nie. God kan tegelykertyd oral wees, want Hy het nie 'n liggaam wat Hom aan tyd of plek bind nie. As God wel 'n geestelike liggaam gehad het soos wat die Wagtoring-organisasie voorgee, dan moes hierdie liggaam die hele skepping gevul het, want God sê die hemel is Sy troon en die aarde Sy voetbank (Jes. 66:1). Hy moes die skepping selfs te bowe gegaan het, want ook die hoogste hemel kan God nie bevat nie (1 Kon. 8:27).

Nee, God staan buite Sy skepping. Jeremia bid: "Ag, Here HERE, kyk, U het die hemel en die aarde gemaak deur u grote krag en deur u uitgestrekte arm, geen ding is vir U te wonderbaar nie" (Jer. 32:17). En omdat geen ding vir God te wonderbaar is nie, is Hy ook so onderhoudend deel van hierdie skepping van Hom dat Paulus in Handeling 17:28 kan sê - "Want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons".

Jesus het wel liggaamlik opgevaar. Tog belooft Hy net voor Sy hemelvaart dat Hy "al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" met Sy volgelinge sal wees. Na Sy verheerlikte liggaam is Hy nie meer op aarde nie, hoewel Hy wel sal terugkom daarmee (Hand.

1:11). Na Sy Goddelike alomteenwoordigheid is Hy egter ewig by Sy mense. Dit word verder bewys daardeur dat Hy self sê "waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde" (Matt. 18:20). Volgens 2 Korintiërs 13:5 is die toets of iemand werklik 'n gelowige is, of Jesus Christus in hom/haar is.⁷

6.2.5.3 Gevolgtrekking

Uit alles wat hier gesê is, kan op grond van wat die Woord van God sê maar net een gevolgtrekking gemaak word: God is alomteenwoordig. Op grond van Psalm 139:7-9; Jeremia 23:24; Job 11:8-9 en Jesaja 66:1 verklaar Heyns (1978:65) tereg: "In tyd en ruimte het God geen begin en einde nie, in geen enkele vorm van afmeting en hoeveelheid is Hy weer te gee nie, want hoër as die hemel, dieper as die hel, breër as die see, groter as die aarde is die lewende God." Tereg ook sê Van Genderen (Van Genderen & Velema, 1992:176): "De ruimte is maar niet een menselijke aanschouingsvorm. Zij is de bestaanswijze van het geschapene. De ruimte behoort tot de structuren van de geschapen werkelijkheid. En de hemel der hemelen kan God zelfs niet bevatten (vgl. 1 Kon. 8:27)."

Hoe klein dink die Wagtoring-organisasie nie van God as hulle in *Aid to Bible Understanding* (WTBTS, 1971:665) beweer dat die ware God nie alomteenwoordig is nie, omdat daar staan dat Hy 'n blyplek het (waar Sy troon ook is) in die hemel. Watters (1987d:1) vat die mensgemaaktheid van die Jehovah-getuies se godsídee raak in 'n artikel onder die opskrif *The Small Gods of Bethel*, waarin hy sê "small minds sometimes have a tendency to create small gods that they can comprehend and predict". Dit is die geval met die Wagtoring-organisasie.

6.2.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die Wagtoring-organisasie leer dat God beperk is, sowel in Sy kennis as in Sy teenwoordigheid. Wat God se kennis van sake betref, word geleer dat God maar van min dinge weet wat in die wêreld gebeur, mense wat bestaan het vergeet en hoogstens die toekoms soos 'n weerprofeet kan voorspel. Hy is beslis nie alwetend nie.

Die rede vir God se beperkte en gebrekkige kennis is onder andere dat Hy ruimtelik beperk is. Die Wagtoring-organisasie verkondig dat God nie alomteenwoordig is nie, maar in Sy blyplek íewers in die ruimte (waarskynlik die sterrestelsel Pleiades) ingelig word oor wat op die aarde aan die gebeur is. Hierdie leerstellings van die Wagtoring-organisasie oor God se kennis en teenwoordigheid verskil reglynig met die Bybel en met dit wat oor die eene deur die Christelike kerke geleer is.

As 'n mens op menslike logika vertrou en die Bybel daarby probeer aanpas, kom jy uiteindelik soos die Jehovah-getuies uit by 'n God wat sogenaamd almagtig is, maar wat net op een plek op 'n slag kan wees, net aan 'n paar sake op 'n slag kan aandag gee, wat moet wag totdat die duiwel een van die dissipels verlei het om te weet wie die een is wat Jesus sal verraaï, wat nie oor alle wysheid beskik nie maar in Sy ver en afgeleë plek ingelig word oor wat aangaan. Die Bybel leer egter duidelik dat God almagtig, alwetend en alomteenwoordig is.

Met sy leerstelling oor die beperktheid van God, skep die Wagtoring-organisasie dus 'n valse beeld van God by sy lede. Hierdie onbybelse en dus onchristelike beeld van God werk deur na hulle onvermoë om God as Drie-eenheid te erken, en verklaar waarom God 'n "werkende krag" nodig het om Sy werk op aarde te doen, twee sake waarop hieronder ingegaan word.

6.3 BESTAAN DIE DRIE-EENHEID?

6.3.1 INLEIDEND

In die lig van die Wagtoring-organisasie se beperkte siening van God as sou Hy aan tyd en ruimte gekoppel wees en dus nie alwetend en alomteenwoordig kan wees nie, is dit geen wonder dat die organisasie ook nie kan insien dat die een almagtige God by magte is om drie Persone te wees nie.

Van vroeg in die geskiedenis van die organisasie het hulle die leer verwerp dat God 'n Drie-eenheid is. Die organisasie se publikasie *Reconciliation* (WTBTS, 1928:101) gaan selfs sover om te sê dat die duiwel hierdie leerstelling uitgedink het: "Never was there a more deceptive doctrine advanced than that of the trinity. It could have originated only in one mind, and that is the mind of Satan the Devil."

Die Wagtoring-organisasie erken dat hulle verwerping van die leerstelling van die Drie-eenheid beteken dat hulle een van die kardinale leerstellings van die Christendom verwerp. So stel die 32 bladsye lange publikasie *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (wat in 1989 gepubliseer is en die organisasie se argumente waarom hulle die Drie-eenheid verwerp saamvat) dat die geloof in die Drie-eenheid "immers al eeue lank die sentrale leer van die kerke" van die Christendom is (WTBTS, 1989:3).⁸

Op dieselfde bladsy verklaar die publikasie met reg dat dit van die grootste belang is om 'n "juiste kennis van God se ware natuur" te hê, "en dit beteken dat ons tot die kern van die Drie-eenheidsgeskil moet deurdring". Omdat hierdie publikasie die nuutste en 'n

uitgebreide beoordeling van die Drie-eenheidsleer uit die oogpunt van die Wagtoring-organisasie bevat, sal hulle kritiek op hierdie leerstelling oor God (wat so 'n duidelike kenmerk van die leer van die Christelike kerke oor die eeue is) veral aan die hand van hierdie boekie bespreek word.

Die belangrikste redes waarom die Wagtoring-organisasie die Drie-eenheidsleer afwys, word in *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* uiteengesit. Dit kan in die volgende drie hoofpunte saamgevat word:

- Dit is "onbegryplik vir die menseverstand" (pp. 4-5).
- Dit is nie deur die eerste Christene verkondig nie (pp. 5-12).
- Dit is in stryd met die Bybel (pp. 12-31).

Hierdie selfde volgorde word verder in die oorweging van die Wagtoring-organisasie se standpunte gevolg. Eers word op die eerste twee hoofpunte ingegaan (6.3.2 & 6.3.3), waarna die derde hoofpunt in besonderhede bespreek en geëvalueer word (6.3.4 tot 6.6). Die doel is om te kyk of die Jehovah-getuies se verwerping van die Drie-eenheidsleer gronde het of nie, en wat die implikasies van die verwerping is.

6.3.2 DIE ONBEGRYPLIKHEID VAN DIE DRIE-EENHEIDSLEER

Die organisasie se voorliefde vir die menslike logika blyk duidelik uit hierdie argument wat teen die Drie-eenheidsleer ingebring word, naamlik dat die Drie-eenheidsleer "onbegryplik vir die menseverstand" en daarom onwaar is. Nadat die Drie-eenheidsleer kortliks uiteengesit is ("Die Drie-eenheid word dus beskou as 'een God in drie Persone'"), word verklaar dat "talryke opregte gelowiges" vind dat hierdie leer "verwarrend is, strydig met die normale rede en anders as enigiets wat hulle al teëgekom het" (WTBTS, 1989:4). Verder word gesê dat dit onlogies is om te dink dat die Vader God is, Jesus God is, die Heilige Gees God is, maar dat daar nogtans nie drie Gode is nie maar een God.

Om hierdie siening te staaf en te bewys "hierdie verwarring kom algemeen voor", doen die publikasie (WTBTS, 1989:4) 'n beroep op *The Encyclopedia Americana* wat die Drie-eenheidsleer as "onbegryplik vir die menseverstand" beskryf. Hoewel die boekie, soos hier ook die geval is, hom herhaaldelik op ander publikasies beroep, is dit opvallend dat die bibliografiese gegewens van die publikasies nie aangegee word nie. Die rede hiervoor is, na die oordeel van die skrywer, dat die organisasie versuim om op 'n wetenskaplik korrekte wyse 'n beroep op andere te doen om hulle standpunt te staaf.

'n Voorbeeld hiervan is die beroep wat die organisasie hier doen op *The Encyclopedia Americana*. Die aangehaalde gedeelte verskyn in volume 27 van die ensiklopedie (Grant, 1980:116) en daar word juis daarop gewys dat die Drie-eenheidsleer nie vir 'n mens verwarrend hoef te wees nie, al kan dit nie ten volle deur die menslike verstand begryp word nie. Letterlik staan daar: "It is held that although the doctrine is beyond the grasp of human reason, it is, like many of the formulations of physical science, not contrary to reason, and may be apprehended (though it may not be comprehended) by the human mind."

Dieselfde geskrif wat die Wagtoring-organisasie dus aanhaal om hulle siening te staaf dat die Drie-eenheidsleer onbegryplik vir die menslike verstand en daarom verwarrend en verwerplik is, sê eintlik die teendeel - dat daar baie dinge is wat aanvaar word, sonder dat presies verduidelik kan word hoe dit werk.

Die organisasie gebruik egter dieselfde argument as die ensiklopedie wanneer dit hulle pas. *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:163-164) verklaar dat hoewel die menslike verstand dit nie kan begryp dat God van ewigheid bestaan en dus geen begin gehad het nie, dit "nie 'n gegronde rede (is) om dit te verwerp nie". Voorbeelde word dan gegee dat 'n mens begrippe soos "tyd" en "ruimte" gebruik, al kan niemand "na 'n sekere oomblik as die begin van tyd wys nie" en al kan 'n mens nie verstaan hoe ruimte eindeloos kan wees nie. Dan word 'n belangrike opmerking oor God gemaak, wat net so goed as antwoord kan dien op hulle argument van die onverstaanbaarheid en gevolglike verwerplikheid van die drie-enige wese van God: "Moet ons werklik verwag om alles te verstaan omtrent 'n Persoon wat so groot is dat hy die heelal, met al sy ingewikkelde ontwerpe en ontsaglike grootte, tot stand kon bring?"

'n Ander argument wat deur die boekie *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:4) gebruik word saam met die argument oor die onbegryplikheid van die Drie-eenheidsleer, is die siening van die Jesuïet Joseph Bracken dat die Drie-eenheid "'n kwessie van formele geloof" is, maar dat dit "min of geen [invloed - WTBTS] op die alledaagse Christelike lewe en aanbidding" het.

Bowman (1989:18-20) gee in sy antwoord op hierdie stelling toe dat daar vandag heelwat kerke is wat nie groot waarde heg aan die Drie-eenheid nie, al bely hulle hulle geloof daarin amptelik in hulle leerstellings. Hy wys daarop dat hierdie kerke meestal ook nie groot waarde heg aan die belangrikheid van die Bybel vir die daaglikse lewe nie, hoewel hulle dit ook in hulle amptelike leerstellings onderskryf.

Volgens Bowman het die Drie-eenheidsleer wel geweldige betekenis en relevansie in die kerke waar God werklik, soos *Die Geloofsbelydenis van Atanasius* (1987:484) dit stel, as "een God in die Drieheid" geëer word. Diegene wat in die Drie-eenheid glo, het die

versekering dat hulle nie deur 'n blote skepsel nie maar deur "God-met-ons" verlos is. Jesus se dood is nie eenvoudig die betaling van 'n perfekte mens vir 'n sondige mens nie, maar die offer van hierdie tegelykertyd God en mens, en is daarom oneindig waardevol (vgl. Spykman, 1992:83-84). Sy dood gee 'n mens nie nou die geleentheid om jouself te red nie, maar is self die redding vir dié wat in Hom glo as hulle Verlosser. Net so kan Christene hulle vreugde daarin vind dat God nie 'n veraf God is nie. God die Heilige Gees wat in Christene is, is die bewys van God se nabyheid. Hy is geen onpersoonlike energie waaruit Christene krag kan put nie, maar God self. Danksy Hom kan die mens in 'n persoonlike verhouding met God lewe. Die Drie-eenheidsleer hou dus in dat die mens se verlossing van begin tot einde die werk van God is en nie van skepsele nie (Ef. 1:3-14; 2:1-10; 1 Pet. 1:2).⁹

Dat die mens God nie ten volle kan begryp nie, maak nie dit wat God oor Homself in die Bybel openbaar onwaar nie. As God in Sy Woord openbaar dat daar net een God is, en terselfdertyd dat drie Persone waarlik die een God is (vgl. 6.3.4), moet die mens nie met sy logika daaraan wil verander nie, maar dit aanvaar as deur God gegee. Tereg sê Bavinck (1918b:1) dat dit wat God van Homself in die natuur en die Skrif geopenbaar het "de voorstelling en begrip van den mensch zeer verre te boven" gaan.

6.3.3 DIE DRIE-EENHEIDSLEER EN DIE EERSTE CHRISTENE

6.3.3.1 Inleidend

As die Wagtoring-organisasie se standpunt dat die Drie-eenheidsleer onbegryplik en daarom verwarrend en onwaar is nie opgaan nie, is die volgende vraag of die organisasie in die tweede plek (vgl. 6.3.1) korrek is as hulle beweer dat die Drie-eenheidsleer nie deur die eerste Christene verkondig is nie.

Die Jehovah-getuies se boek *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (1989:7) maak, na 'n drie bladsye lange bespreking van die eerste Christene se siening van die Drie-eenheidsleer (pp. 5-7), die volgende gevolgtrekking: "Die getuienis van die Bybel en van die geskiedenis toon dus duidelik dat die Drie-eenheid gedurende Bybeltye en etlike eeue daarna onbekend was." Hierdie "getuienis" van die organisasie word in hierdie onderafdeling ondersoek.

6.3.3.2 Die term Drie-eenheid en die Bybel

Die eerste argument wat die organisasie aanvoer, is dat die woord "Drie-eenheid" nie in die Bybel voorkom nie. Dit bewys egter nie dat die Drie-eenheidsleer onbybels is nie.

Die Jehovah-getuies maak self van terme soos "teokrasie" en "millenium" gebruik wat nie in die Bybel voorkom nie om 'n begrip wat hulle op grond van die Bybel gevorm het, daardeur te probeer vasvat. Die term "Drie-eenheid" is 'n beskrywing van dit wat die Bybel leer omtrent God, naamlik dat daar drie Persone is wat al drie waarlik God is, maar dat daar net een God is (vgl. 6.3.4.2). Die drie Persone is dus een God (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:143-146).

Bowman (1989:22) wys daarop dat die woord "Bybel" ook nie in die Bybel voorkom nie. Geen vers in die Bybel sê eksplisiet dat hierdie spesifieke groep boeke saam die Bybel of Gods Woord vorm nie. Tog is die geloof dat hierdie boeke en ook net hulle in die Bybel tuishoort, wel gebaseer op wat die Bybel leer. Dieselfde argument moet op die Drie-eenheid toegepas word. Die vraag is nie of die woorde waarmee 'n sekere leerstelling aangedui word in die Bybel voorkom nie, maar of die leer wat deur hierdie terme aangedui word in lyn is met wat die Bybel leer.

6.3.3.3 Die Drie-eenheid en die Ou Testament

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:6) maak die gevolgtrekking dat daar "geen duidelike Drie-eenhedsleer in die eerste 39 boeke van die Bybel" is nie. Hiermee kan saamgestem word, maar dit neem nie weg dat die Drie-eenhedsleer implisiet in die Ou Testament aanwesig is nie, soos byvoorbeeld blyk uit die boek Jesaja wat herhaaldelik verklaar dat daar net een God is (Jes. 43-45), maar ook sê dat die Een wat gebore sou word "ewig" en "God" is (Jes. 9:5 - vgl. 6.5.4).

Volgens Bowman (1989:22-23) doen die Ou Testament die voorbereidende werk vir die Drie-eenhedsleer. In daardie tyd was dit baie belangrik dat die klem by God se volk gelê moes word op die feit dat Hy een is, omdat politeïsme by die omringende volke aan die orde van die dag was. Die Ou Testament bevat wel aanduidings dat die Messias wat sou kom God sou wees (Ps. 45:6; Jes. 7:14; 9:6), maar dit is nie verstaan (soos so baie ander dinge oor God) voordat die Messias gekom het nie.

Hierdie siening word onderskryf deur die Wagtoring-organisasie se eie weergawe van Johannes 1:18 in die *New World Translation*, waar van twee Persone gepraat word wat God genoem word en gesê word dat die tweede Persoon (Jesus) juis gekom het om God volmaak te openbaar. Daar is egter *geen grammatiese rede* waarom God in hulle Bybelvertaling die eerste keer met 'n hoofletter en die tweede keer met 'n kleinletter geskryf moes word nie: "No man has seen God at any time; the only begotten god who is in the bosom [position] with the Father is the one that has explained him."¹⁰ Met die

Here Jesus het die volmaakte openbaring van God gekom. Sy koms en die betekenis daarvan word breedvoerig in die Nuwe Testament weergegee.

6.3.3.4 Die Drie-eenheid en die Nuwe Testament

Die belangrike vraag is dus nou of die Drie-eenheidsleer of duidelike gronde daarvoor in die Nuwe Testament te vinde is. In die res van die hoofstuk sal aan die hand van Skrifgegewens veral by hierdie vraag stilgestaan word. Nou word eers gekyk na verdere argumente van die organisasie in hulle boekie *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:6).

Volgens die organisasie kom die "gedagte van die Drie-eenheid" geensins in die Nuwe Testament voor nie. In die organisasie se *Studievrae vir die brosjure "Moet jy aan die Drie-eenheid glo?"* (*Ons Koninkryksbediening*, 06/1990:3-6) word dan ook die vraag gevra: "Watter aanhalings kan gebruik word om te toon dat die Drie-eenheid nie in die Christelike Griekse Skrifte geleer is nie?" Die aanhaling wat heel eerste in die boekie verskyn om hierdie siening van die organisasie ten opsigte van die Nuwe Testament te staaf, kom uit *The Encyclopedia of Religion* (Anon., 1987:54) en lui: "Teoloë is dit eens dat die Nuwe Testament ook nie 'n uitdruklike Drie-eenheidsleer bevat nie."

Wat 'n mens dadelik opval in hierdie aanhaling van die Wagtoring-organisasie uit bogenoemde ensiklopedie is die woord "uitdruklik". In sy breedvoerige bespreking van die boekie *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?*, wys Arellano (1990:87) daarop dat die Bybel nêrens "uitdruklik" sê dat Jesus Migael die aartsengel is nie, maar dat Jehovah-getuies dit tog as "'n Bybelse waarheid" beskou (vgl. 6.5.2).

Om te weet wat *The Encyclopedia of Religion* bedoel met die uitspraak dat die Nuwe Testament "nie 'n uitdruklike Drie-eenheidsleer bevat nie", moet die res van die bladsy waaruit hierdie aanhaling gemaak is ook gelees word. (Anon., 1987:54). Daar word heelwat tekste gegee wat op 'n Twee-eenheid van die Vader en Jesus dui, en ook tekste wat op 'n Drie-eenheid dui. Daarna word daarop gewys dat die taal van die Bybel en die vroeë Christene "ekonomies" is, waaronder verstaan word dat dit op die "goddelike hantering van aardse sake" gerig was. Dit het sake ingesluit soos dat God 'n verbond met Israel opgerig het, deur Sy profete gepraat het, in Christus mens geword het, en dies meer. Verder word gesê dat hoewel die Nuwe Testament nie die tegniese taal wat later in die definiëring van die Drie-eenheidsleer gebruik is bevat nie, dit tog regverdigbaar is om die oorsprong van hierdie leerstelling in die Bybel te soek.

Die tweede werk wat aangehaal word om die organisasie se siening te staaf (WTBTS, 1989:6), is die boek van Edmund J. Fortman, *The Triune God: A Historical Study of the*

Doctrine of the Trinity. Die aanhaling wat hieruit gebruik word, lui soos volg: "Die Nuwe-Testamentiese skrywers . . . gee ons geen formele of geformuleerde Drie-eenheidsleer nie, geen uitdruklike leer dat daar in een God drie gelyke, goddelike persone is nie" (Fortman, 1972:XV-XVI).

Weereens staan hier nie dat die Nuwe Testament geen Drie-eenheidsleer gee nie, maar wel dat dit nie 'n "formele", "geformuleerde", of "uitdruklike" weergawe daarvan gee nie. In die deel wat die organisasie weglaat uit die aanhaling ("..."), kwalifiseer Fortman duidelik die aangehaalde gedeelte. Hy wys daarop dat "die Nuwe-Testamentiese skrywers" Jesus uitdruklik God noem, en dat die Heilige Gees op dieselfde vlak as die Vader en die Seun geplaas word wat goddelikheid en persoonlikheid betref. Net voor sy stelling dat hulle "geen formele of geformuleerde Drie-eenheidsleer" gee nie, stel Fortman (1972:XV-XVI) baie duidelik dat die basis vir die Drie-eenheidsleer wel deur die Nuwe-Testamentiese skrywers gegee word: "They give us in their writings a triadic ground plan and triadic formulas. They do not speak in abstract terms of nature, substance, person, relation, circumincession, mission, but they present in their own ways the ideas that are behind these terms." Net nadat hy dan sê dat die skrywers van die Nuwe Testament nie 'n uitdruklike, formele of geformuleerde Drie-eenheidsleer verkondig nie, sê Fortman: "But they do give us an elemental trinitarianism, the data from which such a formal doctrine of the Triune God may be formulated."

Hierdie gedagte wat Fortman uitspreek dat 'n mens reeds in die Nuwe Testament 'n "elementêre trinitarianisme" kry, word hieronder verder ondersoek wanneer dit wat die Bybel self sê aan die orde kom (vgl. 6.3.4). Dit blyk egter reeds uit die gesaghebbende werke waarna die organisasie self verwys dat duidelike gronde vir die Drie-eenheidsleer wel in die Nuwe Testament te vinde is. Ondertussen behoort dit ook uit bogenoemde voorbeelde duidelik te wees dat die Wagtoring-organisasie graag wetenskaplikes aanhaal op so 'n manier dat dit klink of hulle met die organisasie se standpunte akkoord gaan, terwyl net die teenoorgestelde eintlik waar is.

Voordat oorgegaan word na 'n omvattende bespreking van die Drie-eenheidsleer en die Bybel (vgl. 6.3.4 e.v.), word nou eers in navolging van die volgorde in *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* stilgestaan by die sienings van die Christene in die eerste eeue na die tyd van die Nuwe Testament.

6.3.3.5 Die Drie-eenheid en die "voor-Niceense vaders"

6.3.3.5.1 *Inleidend*

Met die "voor-Niceense Vaders" word verwys na Christen-skrywers wat voor die sinode van Nicea in die vierde eeu na Christus geleef en geskryf het. In *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:6) word 'n aanhaling gegee uit die *Encyclopaedia of Religion and Ethics* (Fulton, 1958:461) wat dit laat klink asof die idee van 'n drie-enige God eers in die vierde eeu (in die tyd rondom die sinode van Nicea) ontstaan het. Die organisasie gaan dan uit hulle pad om dit te bewys, as sou die Christen-skrywers in die drie eeue voor Nicea Jesus as skepsel, tydelik en nie as gelyke van die Vader of as God gesien het nie (WTBTS, 1989:7).

Wat die *Encyclopaedia of Religion and Ethics* egter wel sê en wat die boekie uitlaat, is dat die Christelike geloof aanvanklik nie trinitaries was in "streng ontologiese" sin nie (Fulton, 1958:461). Volgens Bowman (1989:25-26) beteken dit dat hoewel al die elemente van die Drie-eenheid in hulle geloof aanwesig was, daar nie eksplisiet van die wese van God as drie-enig gepraat is nie. Die ensiklopedie (Fulton, 1958:458-459) stel dan ook duidelik dat hoewel die leerstelling van die Drie-eenheid eers laat sy opwagting gemaak het in die teologie, dit wel lewend was in die vroeëre aanbidding.

'n Leerstelling word heel dikwels nie van die begin van die verkondiging daarvan amptelik uiteengesit nie. Dit gebeur dat iets wat al jare geglo is eers later uiteengesit word, dikwels omdat daar mense gekom het wat hierdie oortuiging van die kerk in twyfel begin trek het. 'n Mens kan byvoorbeeld nie sê dat die Bybel met sy spesifieke boeke eers in die vierde eeu saamgestel is, omdat daar toe eers amptelik neergestip is dat hierdie boeke en hulle alleen die Bybel vorm nie. Net soos die Bybel reeds in die eerste eeue nie-amptelik deur die eerste Christene as gesaghebbende Woord van God erken is, is die Bybelse leer oor God, soos later saamgevat in die Drie-eenheidsleer, reeds aanwesig in die geskrifte van die eerste Christene. Omdat die Wagtoring-organisasie die teendeel beweert, moet nou gekyk word wat die eerste Christene se werklike sienings hieroor was.

6.3.3.5.2 *Justinus Martyr*

Justinus Martyr (omstreeks 165 n.C. oorlede) is die eerste "voor-Niceense Vader" wat die boekie van die Wagtoring-organisasie (WTBTS, 1989:7) bespreek. Sonder om enige verwysing te gee, sê die boekie dat Martyr "die voormenslike Jesus 'n geskape engel genoem (het) wat 'onderskeie [is] van die God wat alles gemaak het'".

Hierdie beskrywing van die siening van Justinus Martyr is doodgewoon *onwaar*. In die *Eerste apologie van Justinus* skryf Justinus Martyr (1969:184) dat Jesus "Engel" (wat boodskapper beteken) genoem word, want Hy is gestuur om dinge te openbaar. Daarom dat die "Engel van die Here" in Eksodus 3 sê dat Hy "die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob" is. Op dieselfde bladsy sê Justinus Martyr dat die Seun nie die Vader is nie, maar dat beide waarlik God is.

Dit is dus duidelik dat Justinus Martyr, soos die Christelike kerke vandag steeds doen, erken het dat die Here Jesus God is, en dat Hy "Engel" (of "Woord") genoem word omdat Hy dinge van God aan mense openbaar. Martyr bewys dus klaar die Wagtoring-organisasie se siening verkeerd dat dit wat die Drie-eenheidsleer beskryf, veral dat Jesus waarlik God is, nie voor die vierde eeu verkondig is nie. Die teendeel blyk waar te wees.

6.3.3.5.3 *Irenaeus*

Irenaeus (omstreeks 200 n.C. oorlede) is die volgende persoon wat deur *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* bespreek word. Volgens die boekie het hy die Vader as die "ware en enigste God" beskryf (WTBTS, 1989:7). Bowman (1989:29) wys daarop dat Irenaeus die Vader as die enigste ware God beskryf het in kontras met die gnostiese spekulatiewe gode, en nie in kontras met Jesus nie. Hy praat dan ook van Jesus as: "Christus Jesus, ons Here, en God, en Verlosser, en Koning" (Irenaeus, 1969:330). Verder noem hy Jesus die Skepper van die wêreld wat mens geword het in hierdie skepping wat Hy bestuur (Irenaeus, 1969:546).

By Irenaeus sien 'n mens dus onder andere die deel van die Drie-eenheidsleer dat Jesus met Sy menswording tegelykertyd Skepper en skepsel, God en mens geword het. In plaas daarvan dat Irenaeus gebruik kan word om te bewys dat die gedagtes wat in die Drie-eenheidsleer vervat word nie bestaan het voor die vierde eeu na Christus nie, blyk die teendeel (soos in die geval van Justinus Martyr) die geval te wees.

6.3.3.5.4 *Clemens van Alexandrië*

Clemens van Alexandrië (omstreeks 215 n.C. oorlede) se leer word volgende deur die boekie bespreek as bewys vir die Wagtoring-organisasie se siening oor die leerstellings van die eerste Christene. Volgens die boekie het Clemens "Jesus in sy voemenslike bestaan 'n skepsel genoem" en verklaar dat hoewel Hy naas die Vader is, Hy "nie aan Hom gelyk is nie" (WTBTS, 1989:7).

Weereens is die beeld wat die organisasie van hierdie Christen-skrywer se sieninge gee 'n valse beeld. Clemens (1969a:206) leer dat Jesus die "gemanifesteerde Godheid" is, "gelyk aan die Here van die heelal", Sy Vader. Verder sê Clemens (1969b:574) dat Jesus "naas die Vader bestaan" en "gelyk in wese, een met die Vader, ewig en ongeskep is". Clemens (1969c:468) verduidelik selfs hoe hy die Drie-eenheidsleer verstaan: "Ek verstaan niks anders nie as dat die heilige Drie-eenheid bedoel word; want die derde is die Heilige Gees, en die Seun is die tweede, deur wie alle dinge gemaak is ooreenkomstig die wil van die Vader."

6.3.3.5.5 *Tertullianus*

Tertullianus (omstreeks 230 n.C. oorlede) is die volgende persoon wat die boekie bespreek. Hy word soos volg aangehaal: "Die Vader is verskillend van die Seun"; en "Daar was 'n tyd toe die Seun nie bestaan het nie . . . Voor alle dinge was God alleen" (WTBTS, 1989:7).

Met Tertullianus het die Wagtoring-organisasie die grootste probleem om dit te laat klink asof hy nie die Drie-eenheidsleer aanhang nie, want Tertullianus was die man wat die basiese terminologie geformuleer het wat steeds in amptelike weergawes van die Drie-eenheidsleer verskyn. In *Die geloofsbelydenis van Nicea* (1987:483) wat vandag nog algemeen deur Christelike kerke bely word, word gesê Jesus is "God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader".

Hierdie terme word reeds by Tertullianus (1969a:34-35) gevind as hy sê Christus is "God uit God, soos lig uit lig vloei" en dan byvoeg "dit wat uit God voortgekom het, is tegelyk God en die Seun van God, en die twee is een". Dan voeg Tertullianus by dat hoewel Jesus tweede staan wat posisie betref, daar wat Sy aard betref geen rangorde bestaan nie. "Hy is die Seun van God, en word tegelykertyd ook God genoem op grond van die eenheid in wese met God." Met Jesus se geboorte as mens het God mens geword.

Tertullianus (1969b:606) praat ook by name van die Drie-eenheid, bestaande uit drie Persone, naamlik die Vader, Sy Seun, en die Gees. Hierdie drie Persone is saamgebind as een God.

Bowman (1989:31) wys daarop dat die aanhaling wat die organisasie aan Tertullianus toedig, "(d)aar was 'n tyd toe die Seun nie bestaan het nie", nie deur Tertullianus self gesê is nie, maar dat dit 'n navorser se siening van sy standpunt was. In werklikheid het Tertullianus die tweede Persoon van die Drie-eenheid as ewig gesien.

Die opstellers van *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* het vroeër in die boekie (WTBTS, 1989:5-6) voorbrand gemaak daarvoor dat die lesers nie die woorde van Tertullianus meer as 'n eeu voor die sinode van Nicea moes opneem as 'n verkondiging van die Drie-eenheidsleer nie. Dit is gedoen deur te sê dat Tertullianus se gebruik van die woord *Trinitas* (die Latyn vir *Drie-eenheid* - Engels *Trinity*) "nie op sigself 'n bewys (is) dat Tertullianus die Drie-eenheid geleer het nie". Uit die Rooms-Katolieke werk *Trinitas - A Theological Encyclopedia of the Holy Trinity* word dan op selektiewe wyse aangehaal om dit te laat klink asof Tertullianus nie die woord Drie-eenheid gebruik het in die sin wat die woord later gebruik is nie. Bowman (1989:32) haal egter hierdie boek verbatim aan, waaruit dit duidelik is dat net sekere woorde wat Tertullianus gebruik het en waarmee later sekere fasette van die Drie-eenheidsleer beskryf is, nie deur Tertullianus self in sy uiteensetting van die Drie-eenheidsleer gebruik is nie. Die woord *Trinitas* is egter duidelik gebruik om na die drie-enigheid van God te verwys (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:147).

Tertullianus se geskifte wys selfs duideliker as die ander persone hierbo genoem dat die Wagtoring-organisasie 'n wanindruk van die geskiedenis van die Drie-eenheidsleer by lesers van *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* probeer skep. Tertullianus het die drie-enigheid van God by name geleer, en dit meer as 'n eeu voor Nicea al op 'n uitgebreide wyse uiteengesit. Juis omdat hierdie leer oor God so kosbaar vir die vroeë kerk was, moes 'n sinode later byeengeroep word om die leer teen valse leerstellings te definieer en uiteen te sit.

6.3.3.5.6 *Hippolitus*

Hippolitus (omstreeks 235 n.C. oorlede) word volgende as "voor-Niceense Vader" deur *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* bespreek. Die boekie haal die volgende woorde van hom aan: God wat "niks tydgenootlikes [van dieselfde ouderdom] gehad het nie . . . maar hy was Een, heeltemal alleen; wat, omdat hy dit gewil het, in aansyn geroep het wat nie voorheen bestaan het nie". Dan voeg die organisasie onmiddellik daarna die woorde "soos die geskape, voormenslike Jesus" by (WTBTS, 1989:7).

Hierdie byvoeging van die organisasie om dit te laat klink asof Hippolitus Jesus nie as God beskou het nie maar as 'n geskapene, is 'n miskennening van wat Hippolitus werklik geleer het. Hippolitus (1969a:227) sê oor die bestaan van God voor die skepping die volgende: "Buiten Hom was daar niks; tog, terwyl Hy alleen bestaan het, het Hy tog in die meervoud bestaan." Hy stel dan op soortgelyke wyse as Tertullianus dat Jesus en die Vader saam God is soos "lig uit lig, of soos water uit 'n fontein, of soos 'n straal van die son".

Dat Hippolutus sou geglo het dat Christus 'n skepsel en dus nie God is nie, blyk onwaar te wees as ook verder na sy standpunte gekyk word. Hy (Hippolutus, 1969a:225-226) noem Jesus "Christus die Almagtige", en verwys na Vader, Seun en Heilige Gees gesamentlik. Verder sê hy "Christus is die God bo alles/almal" (Hippolutus, 1969b:153). Die Wagtoring-organisasie het dus beslis die leerstellings van Hippolutus verkeerd weergegee om so hulle argument te pas (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:147).

6.3.3.5.7 *Origines*

Origines (omstreeks 250 n.C. oorlede) word laastens deur die organisasie gebruik om hulle standpunt te ondersteun. Hoewel die organisasie sê dat Jesus volgens Origines "in vergelyking met die Vader 'n baie klein liggie is", verklaar Origines self "(n)iks in die Drie-eenheid kan groter of van mindere waarde genoem word nie" (Arellano, 1990:133-135). Hy sê ook op grond van Openbaring 1:8 dat die Seun net soos die Vader almagtig en God is. Oor die Heilige Gees sê Origines dat hierdie Persoon sulke mag en waardigheid besit dat die doop nie sonder die gesag van die Drie-eenheid, by name Vader, Seun én Heilige Gees kan plaasvind nie.

6.3.3.6 *Gevolgtrekking*

Na die bespreking kom die boekie *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* tot die volgende slotsom: "Die getuienis van die Bybel en van die geskiedenis toon dus duidelik dat die Drie-eenheid gedurende Bybeltye en etlike eeue daarna onbekend was" (WTBTS, 1989:7). Uit die getuienis van die persone waarop die boekie hom beroep, blyk die teendeel waar te wees, naamlik dat die Ou Testament die Drie-eenheidsleer nie uitsluit nie, en reeds aanduidings daarvan bevat; dat die Nuwe Testament die basis van die Drie-eenheidsleer bevat; dat die eerste Christene wel heelwat elemente van die latere dogma geleer en bely en selfs meer as 'n eeu voor die sinode van Nicea God by name as Drie-eenheid bely het; en dat die uiteensetting van hierdie leerstelling in die vierde eeu voortgevloei het uit en as verdediging gedien het vir dit wat sedert die begin van die Christendom geleer is (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:146-147).

Verder blyk uit die werke wat die organisasie aanhaal ter staving van hulle sieninge, dat die eerste Christene duidelik nie die Jehovah-getuies se leer oor God verkondig het nie (vgl. Jonker, 1977:21-23). In stryd met die leer van die Wagtoring-organisasie word Jesus as God en almagtig beskryf en nêrens as Migael die aartsengel nie. Die Heilige Gees weer word as 'n Persoon beskryf wat deel van die Goddelike Drie-eenheid is. Die eerste Christene en hedendaagse skrywers word op 'n oneerlike manier selektief aangehaal en

dinge in die mond gelê wat dit laat klink asof hulle sieninge ooreenstem met dié van die organisasie, terwyl dit beslis nie die geval is nie.

Dit bring 'n mens by 'n belangrike vraag uit: waarom sal 'n organisasie van soveel wanvoorstellings gebruik maak om 'n leer wat hulle glo vals is in diskrediet te bring? Die organisasie se eie woorde in hulle publikasie *Is hierdie lewe al wat daar is?* (WTBTS, 1976b:46) is vir hulle ter veroordeling: "Dit is duidelik dat die ware God, wat ook die 'God van die waarheid' is en wat leuens haat, persone wat organisasies aanhang wat leuens leer nie met guns sal beskou nie . . . En werklik, wil jy selfs geassosieer word met 'n godsdienst wat nie met jou eerlik was nie?" Met hulle voorstelling van die vroeg-Christelike tyd is die Wagtoring-organisasie nie eerlik met hulle lede en ander lesers nie.

Die ander belangrike saak waarop gewys moet word, is dat die Wagtoring-organisasie erken (WTBTS, 1989:3) dat hulle leer in stryd is met die "sentrale leerstelling" van die Drie-eenheid wat die Christelike kerke oor soveel eeue verkondig het. Hierdeur erken die organisasie self die nie-Christelike aard van sy leer; en deur die bestryding van die Christelike leer, sy eie onchristelike karakter.

Die groot vraag bly steeds: wat sê die Bybel self? Nou dat twee van die Jehovah-getuies se argumente teen die Drie-eenheidsleer behandel is (6.3.2 en 6.3.3), bly die laaste belangrike argument van die organisasie teen hierdie leer oor, naamlik dat die Drie-eenheidsleer onbybels is.

6.3.4 DIE DRIE-EENHEIDSLEER EN DIE BYBEL

6.3.4.1 Inleidend

In die res van die hoofstuk (6.4 tot 6.7) word die godsidee van die Jehovah-getuies en dié van die Christendom in die lig van die Skrif bespreek. Dit sluit sake in soos Wie Jahweh is, of Jesus Skepper God of blote skepsel is, of Jesus almagtig is en aanbid mag word, en of die Heilige Gees 'n Goddelike Persoon of 'n werkende krag is.

In hierdie afdeling word veral stilgestaan by die Jehovah-getuies se siening van die eenheid van God. Dit word aan die hand van die Skrif beoordeel.

6.3.4.2 Net een God

Volgens *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:12-13) verkondig die hele Bybel "monoteïsme" ("die Bybelleer dat God enig is"). Hiermee kan heelhartig saamgestem word, want dwarsdeur die Bybel word beklemtoon dat daar net een God is.

Na die erkenning dat God een is, maak die boekie 'n denksprong, naamlik dat dit sou beteken dat God een Persoon is: "Die Bybelskrywers het dit eerder baie duidelik gestel dat God een Persoon is - 'n unieke, onverdeelde Wese sonder gelyke" (WTBTS, 1989:13). Met die beskrywing dat God "'n unieke, onverdeelde wese sonder gelyke" is, kan weereens heeltemal saamgestem word. Die Drie-eenheidsleer onderverdeel God nie in drie dele nie. Punte drie en vier van *Die Geloofsbelydenis van Atanasius* (1987:484) sê hieroor die volgende: "Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer, sonder om die persone te vermeng of die wese te deel."

Die Bybel leer egter nêrens dat die een God een Persoon is nie. Die teendeel is waar. Beide die Ou Testament (Deut. 4:35, 39; 6:4; 32:39; 2 Sam. 22:32; Jes. 43:10; 44:6; 45:5, 21, 22; 46:9) en die Nuwe Testament (Rom. 3:30; 1 Kor. 8:4, 6; Gal. 3:20; 1 Tim. 1:17; Jak. 2:19; Jud. 1:25) leer dat daar net een God is. En beide Ou en Nuwe Testament leer dat die Vader God is (Gen. 3:14, 15; Ef. 1:3; Joh. 1:1, 18; 17:1), dat die Seun God is (Jes. 9:5; Joh. 1:1, 18; 20:28; 2 Pet. 1:1) en dat die Heilige Gees God is (Jes. 6:8-10 en Hand. 28:25-27; Jer. 31:31-34 en Heb. 10:15-17; Hand. 5:3-4).¹¹ Hieruit kan die afleiding gemaak word dat Vader, Seun en Heilige Gees een God is. Dit is dan ook wat die Drie-eenheidsleer op grond van die Bybel stel, naamlik dat daar net een God is (monoteïsme), wat Homself in drie onderskeie Persone bekendstel.

6.3.4.3 Meer as een God

Wat dikwels misgekyk word in die bespreking van die Jehovah-getuies se leer oor God is dat hulle, in teenstelling met wat hulle self beweer, nie 'n monoteïstiese godsídee het nie. In 'n poging om te verklaar waarom die Bybel Jesus op verskeie plekke God noem, verkondig die organisasie 'n veelgodedom. Die organisasie weier om te erken dat die enigste verklaring vir die herhaalde verwysings na Jesus as God in die Bybel is dat Hy werklik een in wese met die waaragtige God is. Volgens hulle is Hy "'n god" (die *New World Translation* se vertaling van Joh. 1:1), ondergeskik aan die Vader.

Die Wagtoring-organisasie gaan selfs so ver om van die Drie-eenheidsleer af weg te kom, dat hulle beweer dat daar naas Jesus nog 'n hele klomp ander ondergeskikte gode is. *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* wys daarop dat Jesus in Jesaja 9:5 (9:6 in die *New World Translation*) "Sterke God" genoem word, en verduidelik dan dat dit nie beteken

dat Hy ook deel van die "een God" is nie, maar dat Hy deel is van 'n ondergeskikte veelgodedom: "En al word Jesus 'Sterk' genoem, kan daar net een persoon wees wat 'almagtig' is. Dit sou min betekenis hê om Jehovah die 'almagtige' God te noem tensy daar ander bestaan wat ook gode genoem word, maar wat 'n ondergeskikte of mindere posisie beklee." (WTBTS, 1989:28.)

Dit is dus duidelik dat die Wagtoring-organisasie nie monoteïsme (een-God-leer) verkondig soos die Bybel nie, maar (soos die heidene deur die eeue) 'n veelgodedom. In hierdie veelgodedom is daar 'n oppergod (die Almagtige) en 'n hele aantal ondergeskikte gode. Die feit dat hulle beweer dat hulle net die "oppergod" aanbid, verander niks aan hulle onbybelse siening van 'n veelgodedom nie. Die Bybel sê nie net dat daar net een almagtige God is wat alleenlik aanbid moet word nie; die Bybel sê herhaaldelik uitdruklik dat daar net een God is.¹²

6.3.4.4 Is engele gode?

Vir hulle siening van 'n verskeidenheid ondergeskikte gode beroep die opstellers van *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:28) hulle daarop dat die Bybel in Psalm 8:6 na 'n engel as "'n goddelike wesc" (Hebreeus - *elohim*) verwys, en dat Satan ('n gevalle engel) in 2 Korintiërs 4:4 "die god van hierdie wêreld" genoem word.¹³

Dit bring die vraag mee waarom die Bybel herhaaldelik sal beklemtoon daar is net een God, maar terselfdertyd leer dat die engele ook gode is. In Psalm 8:6 is - letterlik vertaal - nie van engele sprake nie. Soos die organisasie self aandui, staan daar in die Hebreeus *elohim* wat "God" beteken. Volgens Psalm 8:6 het God die mens "'n weinig minder gemaak . . . as *Elohim*", oftewel God. Hier word, soos in die hele res van die Psalm, terugverwys na die skepping van die heelal toe die mens na die beeld van *Elohim* geskape is (Gen. 1:27).¹⁴

Die probleem is egter dat Hebreërs 2:6-8, wat terugverwys na Psalm 8, in vers 7 sê dat God die mens "'n weinig minder as die engele gemaak" het. Sowel Ridderbos (1962:123) as Bowman (1989:52-53) wys daarop dat die skrywer van die Hebreërs-brief die Septuaginta¹⁵ aanhaal (waar *Elohim* met "engele" vertaal is) om sy stelling oor die posisie van die engele ten opsigte van die mens te verduidelik. Dit beteken egter nie dat omdat daar in Psalm 8 na God verwys word en in Hebreërs 2 na engele, engele gode is nie. Hebreërs noem engele duidelik "dienende geeste" (1:14). Die engel in Openbaring 19:10 stel dan ook duidelik dat hy nie aanbid mag word nie, omdat hy 'n mededienskneg is en nie God nie. Dwarsdeur die Bybel word dit beklemtoon dat daar net een God is.

Dit is wel so dat 2 Korintiërs 4:4 na Satan verwys as "die god van hierdie wêreld". Daar word egter nie na hom as 'n ware god verwys soos wat *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:28) impliseer nie, maar as iemand wat hom valslik as god voordoen en keer dat die ware evangelie deur mense geglo word. Jesus se antwoord aan Satan in Lukas 4:8, nadat Satan beweer het dat hy die maghebber oor die wêreld is, wys duidelik dat Satan verkeerdlik aanspraak daarop maak dat hy ook god is. Dit is erg om te dink dat die Wagtoring-organisasie hom egter waarlik as 'n god erken. Moet die afgod Dagon as 'n god erken word omdat Rigters 16:23-24 na hom verwys as die god van die Filistyne? Nee, stellig nie. Net so min is Satan 'n god en net so min kan die verwysing na hom as "die god van hierdie wêreld" gelykgestel word aan die talle verwysings in die Skrif dat Jesus waarlik God is.

6.3.4.5 Is mense gode?

Die Bybelse antwoord op hierdie vraag is duidelik negatief. Die mens is 'n skepsel van God. Hy is wel na die beeld van God geskape, maar is steeds ondergeskik aan Hom. Die sondeval het juis onder andere as gevolg van die verleidelende woorde van die slang dat die mens, deur aan God ongehoorsaam te wees, "soos God sal wees . . ." (Gen. 3:5) plaasgevind.

Tog word in die Bybel na menslike regters as gode verwys (Joh. 10:34-35; Ps. 82:1-6). Hierdie gedeeltes word dan deur *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:28) aangehaal om te bewys dat "onvolmaakte mense" ook gode is volgens die Bybel. Dit word gedoen in weerswyl daarvan dat die Bybel dit duidelik stel dat menslike maghebbers nie gode is nie (Eseg. 28:2, 9; Jes. 31:3; Dan. 4:30-32; 2 Tess. 2:4).¹⁶

Dit is duidelik dat die regters of leiers waarna Psalm 82 verwys nie werklik gode is soos wat die Wagtoring-organisasie voorgee nie. Die Bybel ontken dat maghebbers of enige ander mense gode is. Volgens Psalm 82 is hierdie maghebbers boonop sterflik. Hierby sê die Bybel, soos reeds gesien, herhaaldelik dat daar net een God is.

Die digter van Psalm 82 verwys net by wyse van spreke na die regters as gode. Dit is digterlike taal wat gebruik word, waarskynlik om hierdie mense se mag oor lewe en dood te beskryf (Noordtjij, 1973:79 & Bouma, 1950b:28). As Psalm 98:8 sê: "Laat die riviere in die hande klap, die berge tesame jubel", dan beteken dit tog kennelik nie dat riviere hande het en berge monde nie. Net so min kan op grond van Psalm 82 (en Jesus se aansluiting daarby in 'n redenasie met die Jode in Joh. 10) die gevolgtrekking gemaak word dat die regters waarlik gode is of met reg so genoem kan word.

Die Wagtoring-organisasie is so angstig om te bewys dat die Drie-eenheid vals is, dat hulle eerder 'n veelgodedom verkondig. *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:28) erken pertinent dat "Jesus 'n Sterke God" is, maar ook dat Hy soos al die ander gode "'n ondergeskikte of mindere" god is. Hierdeur bewys die organisasie self dat hulle 'n leer verkondig wat strydig is met wat God in Sy Woord oor Homself openbaar, want hulle erken dat "die Bybelleer (is) dat God enig is".

Uit bogenoemde blyk duidelik dat die Drie-eenheidsleer nie in stryd is met die Bybel soos die Wagtoring-organisasie beweer nie. Trouens, in die Bybel word juis geopenbaar dat God een is en dat die drie Persone, Vader, Seun en Heilige Gees, die enige ware God is (vgl. Verkuyl, 1992:295-303). Daarom is hierdie leerstelling vanaf die tyd van die Nuwe Testament sentraal in die kerk (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:146-151).

Die Jehovah-getuies se verwerping van die Bybelgegronde leerstelling van die Drie-eenheid dwing hulle om 'n onbybelse leer oor die bestaan van 'n magdom gode te fabriseer en by 'n absoluut onchristelike godsbegrip te eindig.

6.3.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Deur die Drie-eenheidsleer te verwerp, wys die Jehovah-getuies dat hulle nie deel van die Christendom is nie. Anders as wat die organisasie probeer voorgee, verkondig die Christelike kerke van hulle ontstaan in die tyd van die Nuwe Testament af dat daar net een God is en dat Vader, Seun en Heilige Gees hierdie een God is. Selfs al sou die mens se verstand nie die volle omvang van die wese van die almagtige God kan verstaan nie, mag 'n mens nie om daardie rede God se openbaring van Homself in die Bybel probeer verander om in te pas by jou beperkte logika nie.

In die Bybel openbaar God dat daar net een God is. Die Jehovah-getuies se leerstelling dat dit beteken dat daar net een almagtige oppergod is, maar dat daar ook baie mindere gode is, is radikaal in stryd met Gods Woord. Die standpunt van die Jehovah-getuies oor die drie-enige God van die Bybel bewys dat hulle 'n onchristelike organisasie is.

In die volgende afdeling word nagegaan Wie Jahweh (Jehovah), die God wat die Jehovah-getuies as oppermagtige God beskryf, werklik is.

6.4 WIE IS JAHWEH?

6.4.1 INLEIDEND

Wie is Jahweh (of dan Jehovah)? Is dit die Vader se eie naam soos die Jehovah-getuies beweer, of word die Seun en die Heilige Gees ook Jahweh genoem in die Bybel? As laasgenoemde die geval is, sal die Drie-eenheidsleer nog sterker daardeur gestaaf word. Om die vraag te beantwoord, word eers gekyk na die Jehovah-getuies se siening. Daarna word die Ou-Testamentiese gegewens oor die naam Jahweh nagegaan, en daarna word gekyk hoe die Ou-Testamentiese gegewens oor die naam Jahweh in die Nuwe Testament gebruik word.

6.4.2 WIE JAHWEH IS VOLGENS DIE JEHOVAH-GETUIES

Die Wagtoring-organisasie beweer dat net die eienaam "Jehovah" (eerder "Jahweh" - vgl. 4.7.4)¹⁷ die naam van die Vader is. Die *New World Translation* het dan ook die naam "Jehovah" op verskeie plekke in die Nuwe Testament invertaal, waar die organisasie glo na die Vader verwys word (vgl. 7.11).

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:29) voer aan dat "die Bybel konsekwent (openbaar) dat die almagtige God, Jehovah, alleen oppermagtig is, dat Jesus sy geskape Seun is en dat die heilige gees God se werkende krag is". Die waarheid al dan nie van die stellings oor Jesus en die Heilige Gees word later in die hoofstuk bespreek (6.5 en 6.6). Waarmee saamgestem kan word, is dat Jahweh die almagtige God en daarom alleen oppermagtig is. Die vraag is egter Wie Jahweh volgens Gods Woord is.

6.4.3 WIE JAHWEH IS VOLGENS DIE BYBEL

Die Bybel leer dat Jahweh die almagtige God is. "Alles wat Jahweh behaag, doen Hy, in die hemel en op die aarde . . ." sê Psalm 135:6. Daarom bely Job teenoor Jahweh in Job 42:2: "Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie." Dit is dus vir God heeltemal moontlik om 'n menslike natuur aan te neem en waarlik mens te word soos die Drie-eenheidsleer bely.

Reeds in die Ou-Testamentiese tyd het Jahweh Hom op 'n sigbare wyse (menslike vorm) aan mense geopenbaar. Genesis 18 vertel dat Jahweh, in die vorm van 'n mens, saam met twee engele aan Abraham verskyn het, lank by hom gebly het en dat hulle 'n hele gesprek gevoer het. Daar is gepraat oor 'n seun wat Sara oor 'n jaar sou hê en dat Jahweh van plan was om Sodom en Gomorra te verdelg. Nadat die twee engele vertrek

het, het Abraham die verdelging probeer keer in 'n lang man tot man-gesprek met Jahweh, waarin hy Jahweh met Wie hy praat onder andere "die Regter van die ganse aarde" noem.

'n Mens lees ook dat die almagtige God aan Jakob verskyn het, met hom gepraat het, sy naam na "Israel" verander het, hom geseën het, en daarna "van hom af opgevaar" het (Gen. 35:9-13). In Eksodus 24:9-12 lees 'n mens dat Moses, Aäron, Nadab, Abihu en 70 van die oudstes van Israel "die God van Israel gesien" het, en word Hy ook Jahweh genoem. Ook Jesaja het vir Jahweh gesien (Jes. 6:1-7).

In menslike vorm was dit dus moontlik om Jahweh (oftewel God) te sien en selfs aan Hom te raak (Gen. 32:24-30). Om God egter in Sy volle heerlikheid te sien sou onmiddellike dood beteken (Eks. 3:6; 33:18-23). Selfs die srafs (engele) bedek hulle gesigte voor God (Jes. 6:2).

In die Nuwe Testament (Joh. 1:18) word egter gesê dat niemand God ooit gesien het nie, maar dat die enigste God, wat in die skoot van die Vader is, Hom verklaar het.¹⁸ Hier is onmiskenbaar sprake van twee Persone wat God genoem word. Die een is nog nooit gesien nie, en word dan geïdentifiseer as God die Vader. Die ander is al gesien, want Hy is die verklaarder of openbaarder van God, en dit is kennelik die Woord waarvan Johannes 1 praat, God die Seun, Jesus Christus (vgl. Berkouwer, 1952:142-143).

Wie is die Jahweh dan wat gesien en selfs aangeraak is in die Ou Testament, as daar in Johannes 1:18 beklemtoon word dat "niemand . . . ooit" God die Vader gesien het nie? Dit moet die openbaarmakende God wees, wat gesien is en waarvan hierdie vers skryf, naamlik die Here Jesus. Dit impliseer dat al die tekste hierbo genoem uit die Ou Testament wat van 'n sigbare Jahweh praat, na die Seun as Jahweh verwys. As Jesaja 6:1-10 saam met Johannes 12:37-43 gelees word, is dit verder duidelik dat die Jahweh wat deur Jesaja gesien is, in die Seun wat mens geword het geopenbaar is (vgl. ook Matt. 13:10-17).

In Eksodus 3 waar Jahweh Homself aan Moses bekendstel, word gesê dat die "Engel van Jahweh" (vs. 2) wat hier aan die woord is, tegelyk Jahweh self is (vs. 4 en verder). Dat Jahweh se Engel (oftewel Boodskapper) dus self ook Jahweh is (Eks. 3:2 - 4:17), sluit aan by Johannes 1:18 waar God (wat gesien is) God wat nie gesien is nie verklaar. Daarom word God (wat gesien is) ook die Woord (oftewel Boodskapper of Openbaarder - Bouma, 1950a:53) genoem in Johannes 1.

In Eksodus 3:14 openbaar Jahweh Homself as "Ek is" aan Moses en in Jesaja 42 en 43 (vgl. Jes. 43:10) aan Israel. In die Nuwe Testament word beskryf hoe die Here Jesus Hom aan die Jode openbaar as "Ek is" (Joh. 8:58; 18:5-8). Coetzee (1986:171) sê "it

exhibits to our mind unquestionably the fact that Jesus' absolute *EGO EIMI* utterances in Jn 8 *deliberately refer to the prophecies of Is 42-43*". Dat die Jode dan ook verstaan het wat Jesus daardeur oor Homself gesê het, naamlik dat Hy Jahweh is, kan uit hulle gedrag afgelei word. Johannes 8:59 beskryf dat nadat Hy dit gesê het die Jode Hom wou stenig (die straf vir godslastering).¹⁹ Johannes 18:6 vertel hoe die groot menigte Jode gewapen met swaarde en stokke (Matt. 26:47) wat gekom het om hierdie een Man Jesus gevange te neem, "agteruitgegaan en op die grond geval" het, toe Jesus vir hulle gesê het "Ek is" (*Egô eimi* - vgl. Berkouwer, 1952:135-138; Verkuyyl, 1992:222-224).

Die derde Persoon van die Drie-eenheid is ook betrokke by die gebeure in Jesaja 6. Die "stem van die Here" vra in vers 8: "Wie sal Ek stuur? En Wie sal vir ons gaan?" Volgens Handeling 28:25-27 is dit die Heilige Gees wat hier aan die woord is. In Jeremia 31:31-34 beskryf Jahweh die nuwe verbond wat Hy met Sy volk sal sluit. Volgens Hebreërs 10:15-17 is dit die Heilige Gees wat daar aan die woord is (Grosheide, 1935:116).

6.4.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Dit is dus duidelik dat die Nuwe Testament (waar Vader, Seun en Heilige Gees vir die eerste keer duidelik onderskei word) dele van die Ou Testament waar gestel word dat Jahweh aan die woord is, op sowel die Vader as die Seun, en selfs ook op die Heilige Gees van toepassing maak (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:139). Die siening van die Jehovah-getuies dat "Jehovah" die eienaam van slegs die Vader is, in onderskeid van die Seun en die Heilige Gees, word dus deur Skrif-met-Skrif-vergelyking van Bybelgegewens verkeerd bewys.

God Drie-enig is daarom die almagtige, ewige en enigste God wat Hom as Jahweh in die Ou Testament openbaar het, en wat vandag nog deur die Christendom vereer word met die uitroep "hallelu-jah" ("prys-Jahweh"). Die Jehovah-getuies se siening dat alleen die Vader Jahweh is, strook nie met die Bybel nie, word dus nie deur die Christendom geleer nie en is gevolglik 'n onchristelike leerstelling.

6.5 WIE IS JESUS?

6.5.1 INLEIDEND

Die vrae wat in hierdie onderafdeling beantwoord moet word, is of die Bybel leer dat Jesus ewig en Skepper of 'n blote skepsel - een van die engele - is; of Hy almagtig God is; en of Hy aanbid mag word. Die standpunt van die Jehovah-getuies word telkens teenoor die Skrif geweeg.

6.5.2 IS JESUS SKEPPER OF SKEPSEL?

6.5.2.1 Is Jesus 'n skepsel?

6.5.2.1.1 Inleidend

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:15) som die Jehovah-getuies se siening oor Jesus as skepsel soos volg op: "Jesus het gesê dat hy 'n voormenslike bestaan gehad het, dat hy deur God geskep is as die begin van God se onsigbare skeppingswerke." Met die Jehovah-getuies kan saamgestem word dat Jesus 'n voormenslike bestaan gehad het (Joh. 8:58), maar Hy sê nêrens dat Hy deur God geskep is nie.

Die drie Skrifgedeeltes wat die boekie van die Wagtoring-organisasie as bewyse aanvoer dat Jesus 'n skepsel en nie Skepper is nie (WTBTS, 1989:14), is Kolossense 1:15, Openbaring 3:14 en Spreuke 8. Hierdie drie Skrifgedeeltes word vervolgens ondersoek om te bepaal of hulle wel bewys dat Jesus 'n blote skepsel en nie Skepper is nie.

6.5.2.1.2 Kolossense 1:15

In Kolossense 1:15 staan dat Jesus "die Eersgeborene van die hele skepping" is. Dit word dan deur die Jehovah-getuies gesien as Bybelse bewys "dat Jesus in sy voormenslike bestaan 'n geskape geespersoon was" en dat Jesus nie voor Sy skepping bestaan het nie (WTBTS, 1989:14).

Die vraag is nou of die woord "Eersgeborene" (Grieks: *Prototokos*; Hebreeus: *Bekôr*) wel noodwendig "eerste skepsel" beteken soos die Wagtoring-organisasie dit verklaar. Volgens die standaardwerk van Colin Brown (red.) waaruit die Wagtoring-organisasie self aanhaal om dinge te staaf (WTBTS, 1989:6), *The New International Dictionary of New Testament Theology* (Bartels, 1979:667-669), kan *prototokos* en *bekôr* in die eerste plek letterlik die kind wat "eerste gebore" is aandui. Omdat die "eersgeborene" so 'n belangrike posisie in die antieke Ooste gehad het (Gen. 27:19-36; 49:3), selfs voor die wet (Gen. 25:31-33; Deut. 21:15-17), het die term ook die oordraaglike betekenis verkry van iemand wat spesiaal of hoogaangeskrewe is. So sê God in Eksodus 4:22 dat die volk Israel Sy "eersgebore seun" is. In Psalm 89:28 sê God oor Dawid (die jongste seun van Isai - 1 Sam. 16:11): "Ek sal hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde." In Jeremia 31:9 noem God Efraim sy "eersgeborene", al was sy broer Manasse voor hom gebore (Gen. 41:51-52).

Ook in die Nuwe Testament word "eersgeborene" gebruik in hierdie oordraaglike sin van iemand wat spesiaal of hoogaangeskrewe is. So noem Hebreërs 12:23 al die

gelowige gemeentelede "eersgeborenes" waar daar gepraat word van "die gemeente van eersgeborenes (*prototokon*) wat in die hemel opgeskrywe is". Dit dui beslis nie daarop dat net oudste kinders gelowiges is nie, maar dat die gelowiges spesiaal en belangrik vir God is. Openbaring 1:5 en Kolossense 1:18 weer noem Jesus "die Eersgeborene uit die dode", terwyl Jesus nie die eerste Persoon was wat al uit die dood opgewek is nie,²⁰ maar wel die belangrikste, die een wat die dood oorwin het (2 Tim. 1:10).

Dit is dus duidelik dat die verwysing na Jesus as "Eersgeborene van die hele skepping" in Kolossense 1:15, wat deur die Wagtoring-organisasie gebruik word om te bewys dat Jesus die eerste skepsel is, net sowel daarop kan dui dat Jesus die belangrikste Persoon ten opsigte van die hele skepping kan wees. As die vers in konteks gelees word, is dit duidelik dat die volgende verse juis beklemtoon dat Hy die Skepper van alles, van die hele skepping sonder enige uitsondering is. Hy kan dus nie "Eersgeborene" in die sin van die eerste in 'n ry skepsels wees soos die Wagtoring-organisasie leer nie (Van Leeuwen, 1953:21), maar Hy is wel die belangrikste Persoon ten opsigte van die Skepping (Hendriksen, 1979c:72), want "alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape" (vs. 16; vgl. ook Spykman, 1992:397).

Toe Jesus eeue na die begin van die skepping self Mens (deel van Sy skepping) geword het, was Hy nie die eerste skepsel nie, maar Hy, die belangrikste Persoon ten opsigte van die hele skepping, het tegelykertyd die belangrikste Skepsel geword. Ook in die sin dat Hy as Skeppergod deel van die skepping geword het, is Jesus tereg die "Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape . . ." (Kol. 1:15-16).

In teenstelling van wat die Wagtoring-organisasie leer, beskryf Kolossense 1:15 en verder Jesus nie as blote skepsel nie, maar as Skepper van alles (vgl. Spykman, 1992:140-143, 397).

6.5.2.1.3 *Openbaring 3:14*

Die tweede Skrifgedeelte wat *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:14) aanvoer as motivering waarom hulle meen dat dit 'n Bybelse leerstelling is dat "Jesus deur God geskep" is, is Openbaring 3:14 waar na Jesus as "die begin van die skepping van God" verwys word. Volgens die boekie kan "begin" (Grieks: *arche*) nie "beginner" van die skepping beteken nie. Die volgende rede word aangevoer: "In sy Bybelgeskifte gebruik Johannes meer as 20 keer verskeie vorme van die Griekse woord *arkhe* (sic), en hulle het altyd dieselfde betekenis, naamlik 'begin'."

Hierteenoor dui *The New International Dictionary of New Testament Theology* (Coenen, 1979b:164) die betekenis van *arche* aan as "begin" en "beginner" of "oorsaak" ("beginning, cause"). Die vorm *archo* beteken "om te begin" of "om te regeer"; die vorm *archon* beteken "regeerder, prins"; en *archegos* beteken "regeerder, leier". Openbaring 3:14 kan dus net sowel na Jesus as die "oorsaak" of "oorsprong" of "Persoon in beheer" van die hele skepping verwys, as na Hom as die eerste ding van die skepping.

Die argument dat Johannes *arche* in sy verskillende vorme altyd as "begin" in die sin van "eerste ding" gebruik, gaan kennelik nie op nie. In die organisasie se eie *New World Translation* word *archon* met "regeerder" vertaal in Openbaring 1:5. Die woord *arche* self word in die res van Openbaring net gebruik in die verwysing na God as "die begin [*arche* - HGS] en die einde" (Op. 21:6; 22:13). Die Wagtoring-organisasie wil tog nie beweer dat God as die "begin" in die sin van "eerste ding" in hierdie verse beskryf word nie, maar wel in die sin van "oorsaak", "oorsprong", oftewel die Een by Wie alles begin het.

Dit gee dan ook goeie rede om *arche* in Openbaring 3:14 te vertaal met "die begin van die skepping" in die sin dat Jesus die "oorsaak" of "oorsprong" van die skepping is. Dit sluit goed aan by wat Johannes self in sy evangelie met soveel klem sê oor Jesus (Joh. 1:3): "*Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*" (My kursivering - HGS.)

Dit is dus duidelik dat ook hierdie Skrifgedeelte nie kan dien as klinkklare bewys dat Jesus 'n blote skepsel is nie, maar dat dit eerder daarop dui dat Hy die Skepper van elke deeltjie van die skepping is.

6.5.2.1.4 *Spreuke 8*

Spreuke 8 is die derde Skrifgedeelte wat deur *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:14) aangevoer word as bewys dat Jesus 'n skepsel is. Hier vind 'n mens dat die "wysheid" as 'n persoon beskryf word wat "gebore is" voor God met Sy skeppingswerk begin het (Spr. 8:22 e.v.). Daar word dan aangeneem dat die woord "Wysheid" hier op Jesus dui, al sê die Bybel dit nêrens nie: "Hoewel die woord 'Wysheid' gebruik word om die een wat deur God geskep is te verpersoonlik, is die meeste geleerdes dit eens dat dit in werklikheid beeldspraak vir Jesus as 'n geesskepsel voor sy menslike bestaan is."

Dat daar geen bewyse is dat die "Wysheid" waarna Spreuke 8 verwys die Here Jesus is nie, blyk klaar uit die feit dat die Wagtoring-organisasie se boekie hom vaag daarop beroep dat die meeste geleerdes sogenaamd dink dat dit so is. As egter na die Bybel self

gekyk word, word dit gou duidelik dat "Wysheid" hier nie 'n ander woord vir Jesus of 'n beskrywing van Hom is nie.

"Wysheid" word nie net in Spreuke 8 nie, maar reeds in Spreuke 1 en tot in Spreuke 9 gepersonifieer. Niks dui daarop dat dit 'n ander "Wysheid" is as waarvan in Spreuke 8 sprake is nie. As "Wysheid" na Jesus verwys soos die Wagtoring-organisasie beweer, dan beteken dit dat Gods Woord hier leer dat Jesus 'n vrou is (Spr. 1:20; 8:1; 9:1) wat op die pleine en op die hoeke van rumoerige strate (1:20-21) en by die uitgange van die stad en die ingang van die deure (8:3) skreeu. Jesus is dan die suster van die seun met wie die skrywer van Spreuke praat (7:4) en bly in 'n huis met sewe pilare (9:1). Sy nooi mense om eerder na haar te kom as na 'n ander vrou met die naam "Dwaasheid" (9:1-18). Wysheid (oftewel Jesus) en insig moet verkry word, omhels word, dan sal dit jou eer en verhoog (4:7-8).

Dat "Wysheid" in Spreuke nie 'n verpersoonliking van die Here Jesus is nie (al is daar sogenaamde geleerdes wat dit sou beweer), is duidelik as 'n mens Gods Woord lees. Gesaghebbende werke soos *The New International Dictionary of New Testament Theology* (Goetzman, 1979:1027-1029) en Gispens kommentaar op Spreuke (1952:32-33, 133-134) is dit eens dat dit in Spreuke 8, soos in die ander gedeeltes van Spreuke, gaan om 'n "poëtiese personifikasie" van die wysheid (soos ook van dwaasheid) en dat dit nie met die Here Jesus vereenselwig kan word nie.

As Spreuke 8 werklik bedoel dat wysheid 'n skepsel van God is, soos wat die Wagtoring-organisasie beweer, dan beteken dit dat daar 'n tyd was wat die alwyse God sonder wysheid was, wat tog onmoontlik is. Bowman (1989:60-61) wys daarop dat Spreuke 8:23 teenoor die mens wat wysheid moet verwerf, stel dat die wysheid ewig by God is. Hy wys dan daarop dat dieselfde uitdrukking wat hier die ewigheid van die wysheid aandui, ook die ewigheid van God aandui in Psalm 90:2.

6.5.2.1.5 *Gevolgtrekking*

Samevattend kan gesê word dat nie een van die Skrifgedeeltes waarop die Jehovah-getuies hulle beroep vir hulle siening dat Jesus 'n blote skepsel en dus nie ewig is nie, hierdie standpunt van die organisasie onderskryf nie (vgl. Jonker, 1977:12-14). Dit is ook nie waar dat Jesus sou gesê het "dat hy deur God geskep is as die begin van God se onsigbare skeppingswerke", soos wat *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:15) beweer nie.

Die teendeel is eerder waar. Johannes wat Openbaring geskryf het, stel in die Johannes-evangelie dat Jesus nie in Sy voormenslike bestaan 'n skepsel kon wees nie, want "alle

dinge het deur Hom ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie". Kolossense 1 wat ook deur die Wagtoring-organisasie aangehaal word ter ondersteuning van hulle siening, beklemtoon juis dat Jesus in Sy voormenslike bestaan nie 'n skepsel was nie, want "alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape" (vgl. Berkouwer, 1952:133-141; Van Genderen & Velema, 1992:236-238; Verkuy, 1992:62-64).

6.5.2.2 Is Jesus die engel Migael?

6.5.2.2.1 Inleidend

Die Wagtoring-organisasie sien Jesus nie net as 'n skepsel nie (al is Hy die vernaamste een), maar gee ook 'n ander naam aan Hom in Sy voormenslike bestaan en na Sy hemelvaart, naamlik die naam van die aartsengel Migael. *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:239) beweer dat die Skrifgetuieis daarop dui "dat die Seun van God as Migael bekend gestaan het voordat hy na die aarde gekom het en ook aan daardie naam geken word sedert sy terugkeer na die hemel".

Verskeie argumente word op grond van die Skrif deur die Jehovah-getuies aangevoer vir hierdie standpunt van hulle. In *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:238-239) kom vier argumente voor wat vervolgens behandel word.

6.5.2.2.2 Eerste argument

Die eerste argument dat Jesus Migael is, volg daaruit dat Migael die aartsengel is (Jud. 1:9) en dat 1 Tessalonisense 4:16 sê dat die Here Jesus van die hemel sal neerdaal "met die stem van 'n aartsengel". Hieruit word dan die gevolgtrekking gemaak dat omdat Jesus nie met 'n mindere se stem sal kom nie, "die aartsengel Migael . . . dus redelikerwys Jesus Christus" is (WTBTS, 1985a:239).

Hierdie argument van die organisasie gaan egter nie op nie. In 1 Tessalonisense 4:16 staan dat Jesus "neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God". As dit sou beteken dat Jesus 'n aartsengel is, sou dit ook "redelikerwys" moes beteken dat Jesus 'n basuin is. Die soort logika gaan duidelik nie op nie.

Wat dan? Van Leeuwen (1953:142) stel in sy kommentaar op hierdie gedeelte dat hier staan dat Jesus se verskyning gepaard sal gaan met 'n teken bestaande uit die uitroep van 'n aartsengel en die klank van 'n basuin. Dit dui juis op die Goddelike majesteit van

die Een wat kom. Hendriksen (1976e:116-117) sê in sy kommentaar op 1 Tessaloniense 4:16 dat met die Here se koms Hy sal roep (vergelyk Joh. 11:43), die aartsengel sal roep, en die basuin sal weerklink, "en die dode sal onverganklik opgewek word" (1 Kor. 15:52). Beide verklaarders stel dus die roep van Jesus en van die aartsengel as twee aparte uitroepe. Hierdie gedeelte bewys dus geensins dat Jesus 'n aartsengel of Migael is nie.

6.5.2.2.3 *Tweede argument*

Die tweede argument van *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:239) dat Jesus Migael is, is dat beide Jesus en Migael as aanvoeders van die hemelse leërs beskryf word en dit dus "redelik" aanvaar kan word dat hulle dieselfde persoon is. So sê Openbaring 12:7-12 "dat Migael en sy engele oorlog sou voer teen Satan en hom en sy goddelose engele uit die hemel souwerp nadat Christus koninklike gesag ontvang het". Openbaring 19:11-16 beskryf Jesus weer as aanvoerder van die hemelse leërs teen die nasies van die wêreld.

Ook hierdie redenasie gaan nie op nie. Hoekom moet dit dieselfde persoon wees wat by beide geleenthede die hemelse leërs aanvoer? Buitendien gee Openbaring 12 geen aanduiding dat Jesus (die Kind - Du Preez, 1992:154-155) en Migael een en dieselfde is nie. Die teendeel is eerder waar. Du Preez (1992:156) verduidelik dat toe Jesus teruggekeer het na die hemel, daar vir die Satan nie meer plek was nie. Volgens Daniël 12:1 is Migael die engel wat die volk van God beskerm. Hy en sy engele stoot die duiwel uit die hemel, en so beskerm hulle die gelowiges teen hulle aanklaer. "Maar die eintlike werk is reeds deur die Kind gedoen. Hy het finaal verseker dat alle gelowiges 'n plek sal hê in die nuwe hemel op 'n nuwe aarde (Op. 21:1-3)."

6.5.2.2.4 *Derde argument*

Die derde argument is dan juis ook gegrond op Daniël 12:1, naamlik dat Migael optree in die tyd van die grootste benoudheid. Dit pas volgens die boekie in by Jesus se optrede (WTBTS, 1985a:239).

Ook hierdie argument gaan nie op nie. In Psalm 20:2 staan daar dat Jahweh 'n mens beskerm in die dag van benoudheid. Die Wagtoring-organisasie wil tog nie beweer dat Migael Jehovah is nie. As Migael optree in groot benoudheid, beteken dit nog nie dat Hy Jesus of Jahweh is nie. Hierdie argument bewys geensins dat Jesus en Migael dieselfde persoon is nie.

6.5.2.2.5 *Vierde argument*

Die vierde argument vir die beskouing dat Jesus Migael is, is dat Migael se naam "Wie is soos God?" beteken (WTBTS, 1985a:238-239). Jesus se naam is egter nooit "Wie is soos God" nie, maar "Emmanuel" - dit is "God met ons" (Matt. 1:23; vgl. Spykman, 1992:396-397).

6.5.2.2.6 *Gevolgtrekking*

Die slotsom waartoe daar nou gekom kan word, is dat daar, anders as wat die Wagtoring-organisasie beweer, geen getuienis uit die Skrif is wat daarop dui dat Jesus en Migael dieselfde persoon is nie. Buitendien word Migael in Daniël 10:13 as "een van die vernaamste vorste" beskryf, terwyl Jesus "Here en God" is (Joh. 20:28).

Die Bybel is duidelik daaroor dat Jesus na Sy hemelvaart Homself gebly het en nie Migael geword het nie. In Handeling 7:55 en 59 staan dat Stefanus vir Jesus gesien het in die hemel, nie vir Migael nie. Hy bid ook tot Hom as "Here Jesus". In Handeling 9:5 stel Jesus Homself bekend aan Saulus as "Jesus". Die boek Openbaring verklaar dat dit die "openbaring van Jesus Christus" is (Op. 1:1). In Openbaring 22:16 stel die Here Homself weereens bekend as Jesus. Die Bybel sluit af in Openbaring 22:20-21 met die belofte dat die Here Jesus weer kom en met 'n seën "van ons Here Jesus Christus".

Die hele Hebreërs 1 beklemtoon dat die Here Jesus nie 'n engel is nie. Selfs die Wagtoring-organisasie het dit in die verlede ingesien. In *Die Wagtoring* van 11/1879 (p. 4) word in verband met Hebreërs 1:4-6 die volgende gesê: "Jesus means Savior . . . His position is contrasted with that of men and angels, as he is Lord of both, having 'all power in heaven and earth'. Hence it is said, 'Let all angels of God worship him'; (that must include Michael, the chief angel, hence Michael is not the Son of God) . . ."

Jesus is geen eerste skepsel van God, of 'n engel nie (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:260-263). Die Bybel leer dat Hy die Skepper van alles is.

6.5.2.3 *Is Jesus die Skepper van alles?*

Die Bybel begin met die volgende woorde (Gen. 1:1): "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." In Jesaja 44:24 en 45:18 beklemtoon God (Jahweh) dat Hy alles geskape het en dat Hy dit alleen gedoen het: "Ek is die HERE [Jahweh - HGS] wat alles volbring, wat die hemel uitspan, Ek alleen, en wat die aarde uitsprei - wie was met My?"

Dat hierdie Skepper van hemel en aarde nie net God die Vader is nie, blyk duidelik uit Johannes 1:1-3 wat tot twee keer sê dat die Seun "in die begin" van alles reeds by God die Vader was, en dat alles, op geen uitsondering na nie, deur Hom geskep is. So stel Psalm 102:26-28 dat God (vs. 25), oftewel Jahweh (vs. 23), hemel en aarde geskep het, en maak Hebreërs 1:10-12 hierdie spesifieke woorde op die Here Jesus van toepassing.

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:16) voer aan dat Kolossense 1:16-17 so verstaan moet word dat God Jesus geskep het, en daarna die skepping "deur middel van die eniggebore Seun". Hoewel dit nie is wat in die verse staan nie, was die Wagtoring-organisasie selfs bereid om aan die Bybel te verander om hierdie leerstelling van hulle te pas. Terwyl Kolossense 1:16-17 vier keer sê dat "alle dinge" deur Jesus geskep is en in Hom stand hou, voeg hulle *New World Translation* die woord "ander" telkens tussen hakies in. Dit verander die betekenis van die verse radikaal, want deur te sê dat "alle (ander) dinge" deur Jesus geskep is, is om te sê dat Jesus self 'n skepsel is. Dit is radikaal in stryd met wat die verse werklik sê, naamlik dat die Seun nie skepsel nie, maar Skepper is.

Die verklaring van die Wagtoring-organisasie is ook in stryd met wat God in Jesaja 44:24 sê, want as Christus 'n ander god as Jahweh is, dan beteken dit dat Jahweh nie alleen hemel en aarde geskep het nie, maar dat 'n ander ondergeskikte god Hom daarin gehelp het.

Al verklaring wat sin maak, is om die Bybel letterlik op te neem dat Vader, Seun en Heilige Gees (Gen. 1:2) saam alles geskep het, en dit sonder hulp as een God genaamd Jahweh gedoen het. Die Skepper van hemel en aarde is dus die ewige drie-enige God (Van Genderen & Velema, 1992:236-238). In Sy voormenslike bestaan is Jesus nie 'n skepsel nie, maar volwaardige Skepper en Onderhouer van alles (Berkouwer, 1952:133-141). Daarom sê Kolossense 1:16-17: "Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape . . . en in Hom hou alle dinge stand." Dit sluit aan by Romeine 11:36 waar oor God gesê word "uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid".

6.5.2.4 Gevolgtrekking

Samevattend kan dus gesê word dat dit duidelik uit die Skrif is dat Jesus in Sy voormenslike bestaan geen skepsel, selfs nie eers die eerste skepsel van God is nie, maar dat Hy self ten volle ewige Skepper en Onderhouer van alles is. Die Jehovah-getuies se leer dat Jesus die eerste skepsel (Migael die aartsengel) is, is 'n miskienning van wat die Bybel sê dat daar nie 'n ding is wat Hy nie geskep het nie, en dat Hy dus self

ewig is. Deur die werping van hierdie Bybelse leer van die Christendom, bewys die Jehovah-getuies weereens dat hulle 'n onchristelike organisasie is.

Omdat die organisasie Jesus Christus nie as die ware en ewige God wil sien nie, het dit ook implikasies vir gebed tot Hom. Hulle beskouings en argumente in dié verband word vervolgens gemeet aan wat die Bybel sê oor of Jesus aanbid behoort te word al dan nie.

6.5.3 *MAG JESUS AS GOD AANBID WORD?*

6.5.3.1 **Inleidend**

Vir die Wagtoring-organisasie is Jesus een van die ondergeskikte gode naas die almagtige God (WTBTS, 1989:28). Die vraag of Hy, sogenaamd 'n skepsel, wel aanbid mag word, het deur die geskiedenis van die organisasie verskillende antwoorde ontlok. Die rede hiervoor is voor die hand liggend, want net die een en enigste God mag volgens die Bybel aanbid word (Eks. 20:3; Matt. 4:10), en Jesus word volgens die Bybel aanbid (Matt. 28:17).

Die Wagtoring-organisasie wil Jesus nie as die waaragtige God erken nie. Daarom is die getuienis van die Bybel dat Jesus aanbid is en aanbid moet word, deur hulle in die loop van hulle geskiedenis op verskillende wyses geïnterpreteer om in te pas by die organisasie se standpunt dat Jesus nie die almagtige God is nie. Hierby word vervolgens stilgestaan.

6.5.3.2 **Jesus moet aanbid word**

Eers is geleer dat Jesus wel aanbid moet word. *Die Wagtoring* van 15/07/1898 (p. 216) verklaar dat "die Here Jesus heeltemal tereg aanbid is terwyl Hy op aarde was, want hoewel Hy nie Jehovah God was nie, was Hy steeds 'n God". *Die Wagtoring* van 15/10/1945 (p. 313) leer dat elkeen wat Jehovah God aanbid, ook "Christus Jesus" "moet aanbid en voor Hom neerbuig . . . Die heilige engele het graag hierdie goddelike opdrag gehoorsaam". Selfs *Die Wagtoring* van 01/02/1959 (p. 96) sê nog dat Stefanus se gebed tot Jesus in Handeling 7:59 korrek was en gewys het op goeie insig van sy kant af.

6.5.3.3 **Jesus mag nie aanbid word nie**

Die huidige standpunt van die organisasie is dat Jesus glad nie aanbid mag word nie. *Jy kan vir ewig in die Paradijs op aarde lewe* (WTBTS, 1982:46) stel onomwonde dat net

Jehovah (die naam wat die organisasie alleen vir die Vader gebruik) aanbid mag word: "Net Jehovah moet aanbid word. Die Bybel toon herhaaldelik hoe verkeerd dit is om . . . enigiemand of enigiets behalwe Jehovah te aanbid."

Redenering uit die Skrif (WTBTS, 1985a:235-236) meen dat in die aanbidding van Jesus en die opdrag van God daartoe, die Griekse woord vir aanbidding *proskunein* eintlik nie "aanbidding" beteken nie maar "hulde bring". Waar *proskunein* egter na die aanbidding van God verwys, sou dit volgens hierdie Wagtoring-publikasie wel "aanbidding" beteken. In lyn hiermee het die organisasie se *New World Translation* waar dit om die aanbidding van Jesus gaan, telkens *proskunein* met "hulde betoon" vertaal, maar waar die woord op die aanbidding van God dui, dit met "aanbid" vertaal. So het die organisasie hulle leerstelling dat Jesus nie die ware, aanbiddingswaardige God is nie, invertaal in hulle weergawe van die Bybel.

6.5.3.4 Jesus mag relatief aanbid word

Waarskynlik omdat hulle self 'n probleem met hulle standpunt aangevoel het, kom *Die Wagtoring* van 15/02/1983 (p. 18) met die oplossing (in stryd met hulle standpunt dat Jesus glad nie aanbid mag word nie) dat Jesus "relatief aanbid" mag word. Hierdie *Wagtoring* erken selfs dat *proskunein* waar dit in Hebreërs 1:6 na Jesus verwys, "aanbidding" kan beteken (terwyl die *New World Translation* dit met "hulde betoon" vertaal): "If that is the correct sense here, it evidently means a relative worship, a worship of Jehovah God directed through his glorified Son."

Wat hierdie standpunt verbasend maak, is nie net dat erken word dat *proskunein* in Hebreërs 1 "aanbidding" kan beteken nie, maar ook dat die organisasie die moontlikheid van "relatiewe aanbidding" in die verlede (met reg) by name verwerp het. Die organisasie se publikasie *The truth shall make you free* (WTBTS, 1943:37) stel dit so: "A religionist may not excuse himself by saying that he merely gives the image 'relative honor and worship' and is not worshipping the image itself, but the one for whom the image stands." Daar word dan gesê dat so 'n argument presies dieselfde argument is wat die heidene gebruik.

Die Wagtoring-organisasie se publikasie *Laat God waaragtig wees* (WTBTS, 1956:149) sê op grond van Openbaring 19:10 en 22:8-9: "Betreklike eer aan God deur 'n engel is tereggewys met hierdie woorde: 'Pas op! Moet dit nie doen nie! . . . Aanbid God!'" As onthou word dat die Wagtoring-organisasie Jesus as 'n engel sien, dan is dit duidelik dat die stelling wat *Die Wagtoring* van 15/02/1983 (p. 18) maak oor "relatiewe aanbidding" voorheen deur die organisasie self verwerp is.

As die Bybel self aan die woord kom, is dit duidelik dat die Nuwe Testament beklemtoon dat *proskunein* net God toekom. Wanneer Satan in Matteus 4:8-10 vir Jesus al die koninkryke van die wêreld beloof as Jesus voor hom sou neerval en hom *proskunein*, weier Jesus om dit te doen en gee as motivering dat dit net God toekom. Aan die einde van die evangelie van Matteus (28:17) word vertel dat sommige van Jesus se dissipels Hom *proskunein* - dit wat volgens Jesus in hierdie selfde evangelie net God toekom.²¹ Jesus reageer nie negatief daarop nie maar eerder positief, want Hy beklemtoon Sy almag (vs. 18) en Sy alomteenwoordigheid (vs. 20), wat beide eienskappe van net God alleen is.

Openbaring 22:8-9 beskryf hoe Johannes 'n engel wil *proskunein*. Die engel keer hom en sê dat dit net God toekom. In Hebreërs 1:6 sê God die Vader dat al die engele Jesus moet *proskunein*.²² Die engele wat weet dat *proskunein* net God toekom, is ook hulle wat dit regtens teenoor Jesus doen.

Die Bybel leer dus baie duidelik dat Jesus aanbid mag en moet word, juis ook omdat Hy waarlik God is. Aanbidding kom net God toe en daarom kom dit die Here Jesus toe. In Handeling 7:59-60 lees 'n mens hoe die sterwende gelowige, Stefanus ("n man vol van geloof en van die Heilige Gees" - Hand. 6:5), in die laaste oomblikke van sy lewe spesifiek tot die Here Jesus bid. Selfs in die *New World Translation* met naslaanverwysings (WTBTS, 1984b:1323) word in 'n voetnoot by vers 59 aangedui dat dit 'n gebed van Stefanus was. Dit is hieruit duidelik dat die eerste Christene van die begin af die Here Jesus aanbid het en dit met reg, want Hy is waarlik God.

Om krag te verleen aan hulle weerspreking van wat die Bybel leer oor die aanbidding van Jesus, gaan die Wagtoring-organisasie selfs so ver as om hulle op die Koran van die Islam te beroep. In hulle publikasie, nogal met die titel *Dinge waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg* (WTBTS, 1966a:256-257), word die Koran aangehaal waarvolgens Jesus sou gesê het dat Hy "geen reg" daarop het om aanbid te word nie. Hierteenoor leer die Bybel dat Jesus aanbid mag en moet word.

As Jesus nie waaragtig God was nie maar van die begin af 'n skepsel, sou enige aanbidding, diens en verering van Hom afgodies gewees het (Rom. 1:25). Dat Jesus *proskunein* ontvang, iets wat duidelik volgens die Nuwe Testament net God toekom; dat God die Vader sê dat selfs al die engele Jesus moet *proskunein*; en dat die eerste

Christen-martelaar sterf met 'n gebed tot die Here Jesus op sy lippe - dit alles beklemtoon dat Jesus aanbid mag en moet word.

Die leerstelling van die organisasie dat die Here Jesus Christus nie aanbid mag word nie, is nie net in stryd met wat die Bybel leer nie. Dit is ook 'n miskenning van die eer wat die Here regtens toekom. Ook ten opsigte van aanbidding is dit dus duidelik dat die Jehovah-getuies 'n onchristelike organisasie is.

Vervolgens word stilgestaan by die Wagtoring-organisasie se siening van die aard en karakter van Christus se godheid.

6.5.4 IS JESUS 'N MINDERWAARDIGE OF DIE ALMAGTIGE GOD?

6.5.4.1 Inleidend

Die Wagtoring-organisasie maak onderskeid tussen God en god. *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:28) vra die vraag: "Is dit strydig met die Bybel se leer dat daar net een God is as mens sê dat Jesus Christus 'n god is?" Daar word dan gesê dat dit nie teenstrydig is nie, aangesien die Bybel sou sê dat hoewel daar net een almagtige God is, daar tegelyk baie ondergeskikte gode is.

Hoewel reeds gesien is dat die Bybel leer dat daar net een God is (vgl. 6.3.4.2), moet ter wille van volledigheid aandag gegee word aan die argumente wat die organisasie inbring dat Jesus 'n ondergeskikte god is (WTBTS, 1989:28). Om dit te bespreek word daar in die eerste plek gekyk na Johannes 1:1, die vers waarop die Wagtoring-organisasie se motivering berus dat daar 'n onderskeid tussen "die God" en "'n god" in die Bybel gemaak word. Daarna word na Johannes 20:28, Jesaja 9:5, Openbaring 1:8, Filippense 2:5-8, Markus 10:18 en Hebreërs 1:8 in die volgorde gekyk. Die rede vir die volgorde sal uit die behandeling blyk.

6.5.4.2 Johannes 1:1

'n Woord-vir-woord-vertaling van Johannes 1:1 uit die oorspronklike Grieks, sal soos volg kan klink: "In begin was die woord, en die woord was by die god, en god was die woord." In die Afrikaanse Bybelvertaling word "God" en "Woord" egter met hoofletters geskryf. 'n Woord-vir-woord-vertaling kan dan soos volg daar uitsien: "In begin was die Woord, en die Woord was by die God, en God was die Woord." Die *New World Translation* vermeng bogenoemde twee om hulle siening van 'n "almagtige God" en Jesus as 'n "ondergeskikte god" daardeur te bevestig. By gebrek aan 'n Afrikaanse

weergawe word die Nederlandse weergawe (WTBTS, 1986c:1328) van Johannes 1:1 gegee: "In (het) begin was het Woord, en het Woord was bij God, en het Woord was een god."

Die redes vir hierdie vertaling deur die organisasie word deur *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:27-28) gegee. Eerstens word beweer dat daar alleen op die manier 'n onderskeid getref kan word tussen die twee persone waarvan daar in die vers sprake is: "Iemand wat 'by' 'n ander persoon is, kan nie dieselfde as daardie ander persoon wees nie." Tweedens word gesê dat omdat die lidwoord "die" nie voor "god" is wanneer na Jesus verwys word nie, Jesus nie "dié God", oftewel "die almagtige God" is nie, maar net "'n god" of "godelik" - 'n god "wat 'n ondergeskikte of mindere posisie beklee".

Wat die *eerste argument* betref, moet saamgestem word dat hier van twee Persone sprake is. As daar staan dat die Woord (oftewel Jesus - vs. 14, 17) by God was, dan is dit twee Persone, Jesus en God die Vader, wat intiem bymekaar was van voor (die) begin, dit wil sê van ewigheid af (Bouma, 1950a:52-53). Maar hierby word 'n baie belangrike ding gevoeg. Hierdie "Woord" was nie net "by God" nie, maar "God was die Woord". Hier word dus beklemtoon dat twee onderskeie Persone beide "God" genoem word (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:405, 415-417).

In die lig daarvan dat die Bybel beklemtoon dat daar net een God is, asook dat die tweede sinsdeel van Johannes 1:1 eindig en die derde sinsdeel begin met "God" wat laat blyk dat die skrywer dieselfde God in gedagte het, is dit 'n byvoeging by die Bybel om voor te gee dat hier, in een vers, van twee verskillende ware gode gepraat word. Tog is dit duidelik dat minstens twee Persone deel is van die een God (vgl. Verkuyl, 1992:224-227). Omgekeerd kan 'n mens sê dat God hier op twee maniere beskryf word - as Iemand wat die Woord by Hom het, en as Iemand wat die Woord self is, dit wil sê 'n Twee-eenheid.

Die bekende Suid-Afrikaanse Nuwe-Testamentikus, E.P. Groenewald (1980:23), vat in sy kommentaar op Johannes die betekenis van die eerste vers van hierdie evangelie raak deur dit aan te dui as "'n hoogtepunt in die openbaringsgeskiedenis. Die Woord is ten volle God (vgl. [Joh.] 10:30; 17:11, 22) maar as Persoon onderskeie van God, en net soos God is Hy ook ewig. Daar was dus ook nie 'n tyd toe Hy nie was nie."

Die *ander argument* wat die Jehovah-getuies inbring om hulle standpunt te staaf, is dat daar nie 'n bepaalde lidwoord "die" by die tweede gebruik van die woord "God" is nie. Hieruit word afgelei dat hier nie van die spesifieke God gepraat word nie, maar van 'n onbepaalde en daarom ondergeskikte god.

Bultmann (1964:16-17) wys egter tereg daarop dat hier nie van subordinasie sprake is nie. "Die Woord word aan God gelykgestel: hy was God" (my vertaling - IIGS). Om dit hier met 'n *god* of *goddelik* te vertaal is nie korrek nie. Ook Ridderbos (1987:38) wys so 'n vertaling af en sê dat hier geen sprake is van 'n onderskikking van die Woord nie.

Bowman (1989:92-94) gee vyf redes aan waarom die argument van die Jehovah-getuies rondom die bepaalde lidwoord nie geldig is nie. Die *eerste* is dat die Wagtoring-organisasie hierdie sogenaamde reël van hulle dat wanneer daar nie 'n "die" voor God geplaas word nie dit op 'n onbepaalde en ondergeskikte god dui, nie self verder toepas nie. In Lukas 20:38 kom die bepaalde lidwoord "die" nie voor "God" voor nie en behoort die organisasie as hulle konsekwent wil wees met hulle reël, dit met "'n god" ('n ondergeskikte kleinletter-"god") te vertaal. Aangesien die organisasie glo dat "'n god" hier na Jehovah verwys (vgl. vs. 37), pas dit die organisasie nie om dit so te vertaal nie. Die *New World Translation* vertaal dit dan met "'n God" (dit wil sê die almagtige hoofletter-"God").

Deur die verwysing na God in Lukas 20:38 met "'n God" te vertaal, erken die organisasie self dat as die bepaalde lidwoord "die" nie voor "God" staan nie (soos ook in Joh. 1:1 die geval is), dit geen rede is om dit as verwysing na 'n ondergeskikte of 'n ander god as die ware God te beskou nie. Hierdeur word bewys dat ook hulle tweede argument vir hulle vertaling van "'n god" in Johannes 1:1 nie kan standhou nie.

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:28) gee ter stawing van hulle argument dat "'n" voor "god" geplaas moet word al het die Grieks nie so 'n onbepaalde lidwoord nie, ander Skrifgedeeltes aan waar soortgelyke sinskonstruksies voorkom as in Johannes 1:1. Met verwysing na Johannes 8:44 word die volgende verklaring gegee: "Net soos in Johannes 1:1 staan die predikatiewe selfstandige naamwoorde ('mensemoordenaar' en 'leuenaar') in die Grieks voor die werkwoorde ('was' en 'is') en dan word "'n" by die meeste vertalings ingevoeg.

Bowman (1989:93) wys in die *tweede plek* daarop dat hierdie argument nie gebruik kan word om aan te dui dat Jesus volgens Johannes 1:1 'n ondergeskikte god is nie. As daar na die duiwel in Johannes 8:44 in die Afrikaanse vertaling as "'n mensemoordenaar" en "'n leuenaar" verwys word, beteken dit tog nie hy is 'n "ondergeskikte of mindere" mensemoordenaar of leuenaar nie. Buitendien word daar ook op ander plekke in die Skrif op hierdie wyse en sinskonstruksie na God verwys, waar dit duidelik na die een en enigste ware God verwys (Luk. 20:38; Joh. 8:54).

In die *derde plek* vestig Bowman (1989:93) die aandag daarop dat *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* self erken dat dit nie nodig is om die woord "'n" in bogenoemde

sinskonstruksies in te voeg nie, maar dat dit gedoen kan word as die vertaler voel dat "die Griekse grammatika en die konteks dit vereis" (WTBTS, 1989:28).

Bowman (1989:94) meen in die *vierde plek* dat die konteks van die gedeelte ter sprake in Johannes 1:1 nie die gedagte van 'n sekondêre, ondergeskikte god steun nie (vgl. Bultmann, 1964:16). Daar word beklemtoon dat die Woord reeds "in die begin" van alles bestaan het. Hy bestaan dus voor die begin van tyd of skepping, dit wil sê ewig en ongeskape. Verder stel vers 3 dat daar nie 'n ding is wat nie deur Hom geskep is nie, wat beklemtoon dat Hy die Skepper van alles en daarom waaragtig God is (vgl. 6.5.2 & Ridderbos, 1987:50-51).

In die *vyfde plek* maak Bowman (1989:94) die gegronde opmerking dat die Jehovah-getuies deur hulle vertaling "die Woord was 'n god", die Bybel homself laat weerspreek. Soos gesien in 6.3.4.2 hierbo, beklemtoon die Bybel herhaaldelik dat daar nie enige ander regte of ware god behalwe die een en enigste regte en ware God is nie. Johannes 1:1 beklemtoon juis dat beide Vader en Seun hierdie een en enigste ware God is. Maar eerder as om dit te erken, laat die Wagtoring-organisasie die Bybel in dieselfde vers van twee ware gode praat en so 'n veelgodedom verkondig.

Ten slotte kan daarop gewys word dat die Bybel op heelwat plekke van God praat, sonder om "die" daarvoor te plaas (Joh. 1:6, 12, 13, 18) of om "die" wisselend te plaas en te los (Joh. 3:2; 13:3). Die Wagtoring-organisasie vertaal egter *Theos* met en sonder die bepaalde lidwoord "die", herhaaldelik met "God" met 'n hoofletter.

6.5.4.3 Johannes 20:28

Die Wagtoring-organisasie het duidelik probleme om die feit dat Jesus waarlik God is volgens hierdie vers weg te verklaar. Letterlik kan Tomas se woorde aan Jesus hier soos volg vertaal word: "Tomas antwoord en sê vir Hom: 'Die Here van my en die God van my.'" Tog dwing die leerstelling van die organisasie oor die minderwaardige posisie van Jesus hulle om te sê "Thomas het nie gedink dat Jesus die almagtige God is nie" (WTBTS, 1989:29).

Daar is twee rigtings wat die organisasie kan inslaan om te probeer verbykom by dit wat die apostel hier oor Jesus en voor Jesus bely. Die een is om te ontken dat Tomas met Jesus gepraat het. Die ander is om te ontken dat Tomas besef het wat hy doen. Waarskynlik omdat die organisasie besef dat nie een van hierdie argumente in die omstandighede gewig dra nie, word van altwee die argumente gebruik gemaak om te kyk of dit nie dalk saam gewigtig genoeg kan klink nie. *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:29) sê aan die een kant dat Jesus vir Tomas "in die wonderdadige

omstandighede" "soos 'n god" was. Aan die ander kant stel die boekie dit ook as 'n moontlikheid "dat dit bloot Thomas se emosionele uitroep van verwondering was, geuiter teenoor Jesus, maar gerig tot God".

Nie een van hierdie argumente is egter oortuigend nie. Tomas sou Jesus nie uit verwondering "'n god" genoem het nie. Tomas was 'n Jood en het geweet dat dit godslasterlik is om 'n skepsel God te noem. As Jesus 'n blote skepsel was, sou Hy Tomas beslis tereggewys het en nie as antwoord op sy belydenis dat Jesus Here en God is (in die volgende vers - vs. 29), Tomas se geloof in Hom as korrek uitwys en boonop beklemtoon dat elkeen salig is wat glo dat die opgestane Here "die Here van my en die God van my" is nie. Bowendien noem Tomas, selfs nie eers in sy verwondering, Jesus "'n god" soos wat die Wagtoring-organisasie hier as argument stel nie, maar "die God".

Vir Ridderbos (1992:318) is dit duidelik dat die Here Jesus Tomas se belydenis dat Hy God is aanvaar. Ridderbos noem Tomas se belydenis die hoogtepunt van die Johannesevangelie. Dit sluit volgens hom ten nouste by Johannes 1:1 aan.

Die ander manier waarop die organisasie probeer om dit wat die Bybel hier leer te ontken, naamlik om te sê dat Tomas moontlik met Jesus gepraat het maar dat die woorde eintlik tot God gerig was, gaan in die sin wat die organisasie dit bedoel ook nie op nie. Die Bybel sê baie duidelik dat Tomas hier met Jesus praat. As hy vir Jesus sê dat Hy sy Here en God is, kan dit nie anders opgeneem word as wat die Bybel self hier leer nie. Tog is die organisasie reg daarin dat Tomas hierdie woorde tot God rig, want Jesus tot Wie dit gerig word, is God (Joh. 1:1, 18).

Die verdere rede wat die organisasie aangee vir hulle teenkanting teen wat Tomas hier bely, is dat die konteks dit weerspreek. In Johannes 17:3 sê Jesus self dat die Vader "die enige waaragtige God" is; in Johannes 20:17 praat Jesus van Sy Vader as "my God"; en in Johannes 20:31 word gesê dat hierdie evangelie geskryf is dat geglo kan word dat Jesus "die Seun van God" en dus nie "die almagtige God is nie" (WTBTS, 1989:29).

Bowman (WTBTS, 1989:97) wys in reaksie op bogenoemde verse daarop dat as die Vader die enigste ware God is (en dit is Hy ook)²³, dan kan Jesus nie "die God" van Tomas wees nie, tensy Jesus self ook die enigste ware God is - anders dien en bely Tomas hier 'n valse god. Deur te vertel dat Jesus die Vader "my God" noem, en net enkele verse verder dat Jesus deur Tomas ook "die God van my" (oftewel "my God") genoem word, beklemtoon die evangelis Johannes juis dat Tomas aan Jesus die hoogste moontlike ereposisie toeken. Vers 31 waar Jesus "die Seun van God" genoem word, weerspreek nie vers 28 waar Jesus God genoem word nie (vgl. Berkouwer, 1952:156-159), maar bevestig juis dat die term "Seun van God" by Jesus Sy Godwees aandui (soos

wat die term "Seun van die mens" Jesus se menswees aandui - vgl. Matt. 16:13, 16 & Verkuy, 1992:215-216).

Dit is opvallend dat die Johannes-evangelie daarmee begin dat Jesus God is (Joh. 1:1, 18), en dat dit hier teen die einde van die evangelie herhaal word (Joh. 20:28 - Groenewald, 1980:406). Twee Persone kan tereg die enigste ware God genoem word. Die een wat God genoem word, is nog nooit gesien nie, sê Johannes 1:18. Die ander wat God genoem word, is gesien en is as God hely (Joh. 1:18; 20:28). Die Jehovah-getuies bewys dat hulle 'n onchristelike leer oor Jesus Christus huldig, wanneer hulle ontken dat Tomas reg is as hy vir Jesus sê "(d)ie Here van my en die God van my", want Jesus sê self dat diegene salig is wat Hom nie as opgestane Here en God gesien het nie, en tog in Hom as sodanig glo (Hendriksen, 1976c:465-466).

6.5.4.4 **Jesaja 9:5**

Die Bybel sê nie net dat die Here Jesus "God" (Joh. 1:1) en "die God" (Joh. 20:28) is nie. Die Bybel noem Jesus ook "Sterke God". Jesaja 9:5 sê dat die "Kind" wat gebore (sal) word, onder andere "Sterke God" genoem sal word. Dat die "Kind" hier na die Here Jesus verwys, is vir die Jehovah-getuies ook duidelik. Volgens *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:28) is hierdie vers juis 'n bewys dat daar heelwat ondergeskikte of mindere gode is wat wel sterk is, maar nie die sterkste oftewel die almagtige God nie. Hoewel Jesus dus "Sterke God" genoem word, beteken dit juis nie dat Hy die almagtige God is nie.

Ridderbos (1940:59) wys in sy verklaring van hierdie teksgedeelte daarop dat Jesaja Jesus nie deur digterlike oordrywing hier God noem nie, want die majesteit en enigheid van God word juis skerp beklemtoon in die boek Jesaja (vgl. die verse uit Jes. gegee by 6.3.4.2). Verder wys hy daarop dat die term "Sterke God" wat hier op Jesus van toepassing gemaak word, ook in Jesaja 10:21 gebruik word. In Jesaja 10 word die mag en beskikking van die "Sterke God" (vs. 21), dit is Jahweh (vs. 20, 23), in die lewe van die volk van God en ander volkere beskryf.

"Sterke God", die naam wat Jesus genoem word (Jes. 9:5), is tegelykertyd ook die naam wat vir Jahweh gegee word. "Sterke God" dui dus nie aan dat Jesus 'n ondergeskikte god is soos die Jehovah-getuies beweert nie, maar beklemtoon juis die krag waaroor Jesus as God beskik. Van Genderen maak in sy bespreking van die term "Sterke God" in Jesaja 9:5 die volgende opmerking: "(I)n de messias komt God Zelf tot de mens. Hij komt om te verlossen. De verlossing zal volkomen zijn, want Hij is de Sterke God" (Van Genderen & Velema, 1992:434).

Daar kan net een "Sterke God" wees, aangesien die boek Jesaja duidelik leer dat daar net een God is (vgl. 6.3.4.2). Reeds in die Ou Testament word daar dus gesê dat die Messias wat sou kom "Sterke God, Ewige Vader" en Jahweh sal wees.

6.5.4.5 Openbaring 1:8

Daar is reeds gewys op die feit dat Jesus "God" is (Joh. 1:1), dat Hy "die God" is (Joh. 20:28), en dat Hy "Sterke God" is (Jes. 9:5). Hy is nie 'n ondergeskikte god nie, want die Bybel ken nie so iets soos 'n ondergeskikte god nie. Volgens Gods Woord is daar net een ware en egte God. Hierteenoor leer die Wagtoring-organisasie, juis omdat hulle nie wil erken dat Jesus net soos die Vader (en die Heilige Gees) die een ware God is nie, dat Jesus 'n ondergeskikte god is. Die manier waarop hulle Jesus en die sogenaamde hele menigte van gode onderskei van die oppergod, die Vader, is om net van die Vader as die almagtige God te praat.

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:28) gaan selfs so ver om te sê dat die beskrywing van God as almagtig, impliseer dat daar ook gode moet wees wat nie almagtig is nie: "Dit sou min beteken is hê om Jehovah die 'almagtige' God te noem tensy daar ander bestaan wat ook gode genoem word, maar wat 'n ondergeskikte of mindere posisie beklee."

Hierdie argument van die organisasie beklemtoon die valse beeld wat hulle van God het as die sterkste van al die gode - 'n soort oppergod (al noem hulle Hom nie so nie). Dit is nie wat dit beteken as die Skrif sê dat God almagtig is nie. Dat God almagtig is, is 'n wesenseienskap van God. Dit is wat maak dat Hy God is. Heyns (1978:66) noem die almag van God "die mag van sy heerskappy wat Hy in wysheid volgens sy geregtigheid en heiligheid uitoefen". Die almag van God wys dus op Sy volkome heerskappy oor Sy skepping. Dit vergelyk God nie met mindere gode nie. Wat dit tog wel sê, is dat die ware God almagtig is, nie so onmagtig soos die mensgemaakte en deur die mensuitgedinkte afgode nie (Jes. 44:6 - 46:13).

As Jesus waarlik God is, soos die Bybel wel leer, dan hou dit meteen in dat Hy ook almagtig is, want God is almagtig. Anders as wat die Jehovah-getuies leer dat Jesus wel "'n god" is maar nie "die almagtige God" nie, leer die Bybel pertinent in Openbaring 1:8 dat ook Jesus almagtig God is.

In Openbaring 1:8 word "die Almagtige" as "die Alfa en die Omega" beskryf. Du Preez (1992:22) wys daarop dat *Alfa* en *Omega* die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet is, en dat die beskrywing van God as "die Alfa en die Omega" op presies dieselfde neerkom as die beskrywing van God verder aan in Openbaring as "die Eerste

en die Laaste" (1:17) en "die Begin en die Einde" (21:6). Hy verklaar ook dat hierdie beskrywings na God as Skepper, Onderhouer en Voleinder van die wêreld verwys. Dat Du Preez reg is om hierdie uitdrukkings as sinonieme te beskou, blyk uit Openbaring 22:13 waar "die Alfa en die Omega", "die begin en die einde" en "die eerste en die laaste" naas mekaar gestel word.

Openbaring 1:17 wys duidelik dat die uitdrukking "die eerste en die laaste" na Jesus verwys, want die Persoon aan die woord stel Homself soos volg bekend: "Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid." Dit kan nie op die Vader dui nie, maar net op die Seun.²⁴

Ook Openbaring 22:13 waar staan dat "die Alfa en die Omega" tegelyk "die eerste en die laaste" en "die begin en die einde" is, wys op die Here Jesus. In Openbaring 22:12 sê die Persoon aan die Woord dat Hy gou kom; in vers 13 stel Hy Homself as "die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste" bekend; en in vers 16 as "Jesus". Openbaring 22:20 eindig dan met 'n oproep dat Hy, die "Here Jesus" wat gesê het dat Hy gou kom, beslis moet kom. Groenewald (1986:224) maak die volgende gevolgtrekking oor die benaminge *Alfa en Omega, Eerste en Laaste, Begin en Einde*: "Hierdie verhewe benaming wat aan God toekom (1:8; 21:6), is ook die benaming vir Jesus (1:17; 2:8) want Hy is self God" (vgl. ook Spykman, 1992:83-84).

As Openbaring 1:8 sê dat "die Alfa en die Omega" die Almagtige is, en dit uit die res van Openbaring blyk dat ook na Jesus as "die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste" verwys word, dan is dit duidelik dat God in Openbaring 1:8 ondubbelsinnig openbaar dat Jesus die almagtige God is. Dit is te begrype, want daar is net een God volgens die Bybel. As Jesus God is soos die Bybel duidelik sê, dan moet Hy ook almagtig wees - en dit is Hy. Dit is volgens Greijdanus (1938:333) juis om Sy grootheid en mag as God aan te dui dat Hy in Openbaring 22:13 tot drie maal toe herhaal dat Hy die Oorsprong en Einddoel van alle dinge is.

Dit beteken nie dat die Vader wat almagtig God is en die Seun wat almagtig God is dieselfde Persoon is nie. Vader en Seun is duidelik onderskeibare Persone, maar saam is hulle een almagtige God. Daarom dat Du Preez (1992:23) sê dat Openbaring 1:8 van die Drie-enige God as "die Almagtige" praat.

6.5.4.6 Filippense 2:5-8

Die Wagtoring-organisasie gebruik graag die verse in die Skrif wat aantoon dat Jesus bereid was om ter wille van die verlossing van die mens Homself te ontledig en 'n dienende mens te word (Fil. 2:7), om te "bewys" dat Jesus 'n ondergeskikte van die

almagtige God is. *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:16-20) wy 'n hele afdeling daaraan dat "God altyd Jesus se meerdere" is, en dat Jesus daarom nie almagtig en "God" met 'n hoofletter is nie.

Op grond van verskeie Skrifgedeeltes (Joh. 8:17-18; 17:3; 20:17; 2 Kor. 1:3; 1 Tim. 5:21) waar na Jesus en God as aparte Persone verwys word, met God as die Vader van Jesus, maak *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:17) die volgende gevolgtrekking: "Aangesien Jesus 'n God, sy Vader, gehad het, kon hy nie terselfdertyd daardie God wees nie." Daar word dan beklemtoon dat hulle "twee verskillende entiteite moet wees".

Hierdie redenasie van die Wagtoring-organisasie berus op 'n wanvoorstelling van die Drie-eenheidsleer wat ook in ander werke van die organisasie voorkom. In hulle boek *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:39) word die Drie-eenheidsleer eers goed weergegee: "Volgens die Drie-eenheidsleer is daar drie persone in een God, dit wil sê, daar is 'een God, Vader, Seun en Heilige Gees.'" As kritiek teen hierdie leerstelling word (op dieselfde bladsy) nie die Drie-eenheidsleer nie, maar 'n valse weergawe daarvan gekritiseer as sou die Drie-eenheidsleer nie drie Persone as God sien nie, maar net een Persoon: "Aangesien Jesus tot God gebid het en gevra het dat God se wil, en nie syne nie, moet geskied, kan die twee nie dieselfde persoon wees nie."

Jesus en God die Vader tot Wie Hy bid, is nie volgens die Drie-eenheidsleer dieselfde Persoon nie. Die leer sê wel dat nie net die Vader waarlik die enige waaragtige God van die Bybel is nie, maar ook die Seun en die Heilige Gees.

Verder leer die Drie-eenheidsleer, op grond van onder andere Filippense 2:5-8, dat Jesus Homself as God ontledig het (vgl. Snyman, 1965:485-487) en mens geword het, deel geword het van hierdie skepping van Hom (Joh. 1:3, 9-14). Tog het Hy as ware mens steeds en tegelykertyd God gebly (Joh. 1:18; Calvyn, 1986:632-633). Daarom word Hy "Emmanuel" genoem wat beteken "God met ons" (Matt. 1:23; vgl. Spykman, 1992:396-397). Daarom sê Paulus dan ook in Kolossense 2:9: "In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik" (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:430-438).

Op grond van hierdie interpretasie van die Bybel, stel *Die Geloofsbelydenis van Atanasius* (1987:485 - punte 30-37) dat die Here Jesus Christus tegelyk volkome God én volkome mens is, "na die Godheid aan die Vader gelyk, na die mensheid minder as die Vader". Volgens Sondag 6 van *Die Heidelbergse Kategismus* (1987:525-526) moes die ware God ook waarlik mens word, sodat Hy "deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid" kon dra, want "die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Maar die mens, wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie".

Dit verklaar dan ook die Skrifgedeeltes wat *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:17-20) gebruik om te bewys dat Jesus ondergeskik aan Sy Vader is, want as ware Mens moes Hy volkome gehoorsaam aan God wees om vir mense se sondes te kon betaal. Deur Homself te ontledig van Sy God-gelyk-wees en Sy gepaardgaande heerlikheid (vgl. Ridderbos, 1966:75, 78), het Hy die volkome dienende Mens geword, tot in die dood toe gehoorsaam aan Sy Vader (Fil. 2:6-8). Hy het Homself so ingeperk om volkome gehoorsaam te wees, dat Hy niks anders as die wil van die Vader wou en daarom kon doen nie (Joh. 5:19), soos Hy self sê (Joh. 6:38): "Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het." Selfs in dit wat Hy sê en leer is Hy so volkome gehoorsaam aan Sy Vader dat Hy net dit leer wat Hy wat Hom gestuur het wil hê dat Hy leer (Joh. 7:16).

So volmaak is die Here Jesus mens en as mens volkome gehoorsaam aan Sy Vader, dat Hy selfs die "dag en die uur" van Sy wederkoms aan die beslissing van Sy Vader oorlaat (Mark. 13:24-32). Van Leeuwen (1935:173) wys daarop dat Jesus in Markus 13 aan die een kant beklemtoon dat die hemel en die aarde eerder sal verbygaan, maar dat dit wat Hy sê nooit sal verbygaan nie (vs. 31). Hierdie uitspraak bevestig Sy Goddelike alwetendheid en beheer oor sake, en tog erken hy direk daarna dat Sy menslike beperktheid so volkome is dat Hy na Sy mensheid ("Seun van die mens" - vs. 26) nie die tyd van Sy wederkoms ken nie.²⁵ Hy het Hom dus ook van kennis ontledig om waarlik mens te word, en as ware mens te kon opgroei (Luk. 2:52). Dit het 'n geweldige offer van die Here gevra om ter wille van die verlossing van die mens waarlik mens te word, in alle opsigte as mens aan ander mense gelyk (Fil. 2:7), uitgesonder die sonde (Heb. 4:15).

Tog was die Here Jesus terselfdertyd volkome God gewees. Greijdanus (1949b:50) verduidelik op grond van Filippense 2:7 dat die Here Jesus deur selfontlediging in plaas daarvan om as God te kom, Hom kon openbaar as volkome mens en dienskneg. Hy bly egter God, maar maak dit nie sigbaar nie. Hy wys dan daarop dat Jesus self sê dat Hy Hom ontledig het van Sy heerlikheid met Sy koms as mens na die aarde (Joh. 17:5; vgl. Berkouwer, 1952:147-151).

6.5.4.7 **Markus 10:18**

Aangesien Jesus Hom dus van Sy eie Goddelike heerlikheid en van Sy gelykwees aan God die Vader ontledig het, het dit eers na Sy opstanding met 'n verheerlikte liggaam vir die dissipels duidelik geword dat Hy "Here en God" is (Joh. 20:28) en daarom aanbid moet word as die Een wat weer alle mag verkry het (Matt. 28:17-18). Tog het Hy ook al voor Sy kruisiging telkens laat deurskemer dat Hy God is.

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:17) haal Markus 10:18 aan as bewys dat Jesus self sê dat Hy nie God is nie: "Jesus het dus gesê dat niemand so goed soos God is nie, nie eens Jesus self nie." Maar dit is nie wat Jesus hier sê nie. Wanneer 'n man voor Jesus op sy knieë val en Hom as "Goeie Meester" aanspreek (Mark. 10:17), vra Jesus aan hom waarom hy Jesus "goed" noem, want net God alleen is "goed". Dit is nie 'n teregwyding aan die man oor sy aanspreekvorm nie, maar iets wat die Here Jesus wil beklemtoon sodat die man bereid sal wees om werklik alles te los en Hom te volg (Mark. 10:21-22).

Alle mense is sonde (1 Joh. 1:8). Jesus is die enigste mens wat sonder sonde is (Heb. 4:15). Hy is dus die enigste mens wat werklik as goed, oftewel as "Goeie Leermeester", aangespreek kan word. Hy sê dan ook van Homself dat Hy die "goeie Herder" (Joh. 10:11-14) is. Volgens Hendriksen (1976b:392) word Jesus se vlekkeloosheid en Sy Goddelikheid dwarsdeur die Markus-evangelie beklemtoon. As Markus hier beskryf hoe die Here Jesus sê dat alleen God goed is, dui hy daarmee aan dat die Here Jesus erken het dat Hy (die vlekkelose goeie Leermeester) werklik God is. In Matteus 23:1-10 beklemtoon die Here Jesus self dat Hy die enigste een is wat waarlik "Leermeester" genoem kan word.²⁶ Hy is die enigste "goeie Leermeester". Hy is dus volgens Sy eie woorde God - die ware God vir Wie 'n mens alles kan agterlaat om Hom te volg (Mark. 10:17-31).

6.5.4.8 Hebreërs 1:8

Uit alles wat hierbo gesê is, is dit duidelik dat die Bybel tegelykertyd leer dat Jesus waarlik en volkome mens en waarlik en volkome God is. Heelwat bewysplase kan nog bygevoeg word dat die Here Jesus nie 'n onegte God nie, maar (saam met die Vader en die Heilige Gees) die enigste God is. Jesus sê self dat Hy God is, byvoorbeeld in Markus 10:18 hierbo genoem, in Sy "Ek is"-uitsprake (Joh. 8:58; 18:5-6 - vgl. 6.4.3), deur Sy erkenning van Tomas se geloofsuitspraak dat Hy Here en God is (Joh. 20:28-29 - vgl. 6.5.4.3), deur toe te laat dat Hy aanbid word (6.5.3.5), en deur Homself "die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste" te noem (Op. 22:13, saam met Op. 1:8, 17, 18 - vgl. 6.5.4.5).

Jesaja noem Jesus God (Jes. 9:5). Johannes noem Jesus God (Joh. 1:1, 18 en waarskynlik ook 1 Joh. 5:20). Tomas noem Jesus God (Joh. 20:28). Petrus noem Jesus God (2 Pet. 1:11).²⁷ Paulus noem Jesus God (1 Tim. 3:16; Tit. 1:3-4) en praat selfs daarvan dat God die gemeente "deur sy eie bloed verkry het" (Hand. 20:28).²⁸

Die Skrifgedeelte waarby egter nog stilgestaan moet word, is Hebreërs 1:8 waar ook God die Vader Jesus as God aanspreek: "U troon, o God, is tot in alle ewigheid . . ." Vir die Wagtoring-organisasie is hierdie 'n te duidelike bewys dat Jesus nie maar sommer 'n ondergeskikte godheid soos die engele, die duiwel of aardse regters is nie. Daarom verander die *New World Translation* die vers om te lees: "God is uw troon in alle ewigheid . . ." (WTBTS, 1986c:1494).

Die organisasie se publikasie *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:113) verduidelik dat die Wagtoring-organisasie se vertaling dat God die troon van Jesus is, beteken dat God "die 'troon' of Bron en Handhawer van Christus se koningskap is". Dit is egter nie wat die woord "troon" in die Bybel beteken nie. Bowman (1989:107) wys daarop dat 'n "troon" nie in die Bybel die bron van iemand se gesag is nie, maar die posisie of plek van waar iemand regeer. Wanneer Matteus 5:34 die hemel "die troon van God" noem, beteken dit beslis nie dat die hemel "die 'troon' of Bron en Handhawer" van God se gesag is nie.

'n Aardse koning is tog belangriker as die stoel (troon) waarop hy sit en regeer. Die stoel is nie die bron of handhawer van sy gesag nie. As die organisasie se weergawe van Hebreërs 1:8 korrek was, sou dit beteken dat Jesus hier as belangriker as die Vader beskryf word, want dan sou Jesus die Regeerder gewees het, en God die Vader bloot Sy stoel of troon van waar Hy regeer (De Bruyn, 1974:4). In hierdie vertaling doen die Wagtoring-organisasie geweldig afbreuk aan die majesteit van God die Vader, net om te probeer om die Bybel se getuienis dat die Vader die Seun ook as God aanspreek, weg te vertaal.

Dat die Vader die Seun hier "God" noem, is ook duidelik uit die konteks waarin hierdie vers staan. Die hoofstuk (Heb. 1) beklemtoon juis dat die Here Jesus nie 'n engel of 'n ander geskape wese is nie. Daarom sê die Vader (Heb. 1:6) "al die engele van God moet Hom aanbid", iets wat net God toekom (Matt. 4:8-10; Op. 22:8-9 - vgl. 6.5.3.5). In Hebreërs 1:10 maak die Vader dit wat in Psalm 102:26-28 van Jahweh (vgl. Ps. 102:13 e.v.) gesê word, net so op Jesus van toepassing.

Dit is dus duidelik dat dit wat op soveel ander plekke in die Bybel erken word, naamlik dat die Here Jesus ook die enige waaragtige God is, nie iets is wat bloot deur mense verkondig word nie, maar van God die Vader self kom.

6.5.4.9 Samevatting en gevolgtrekking

Die Wagtoring-organisasie se standpunt dat Jesus 'n minderwaardige of ondergeskikte god is, word in hierdie gedeelte afgewys. Die rede vir die afwysing is dat die Bybel nie so

iets ken as 'n minderwaardige god nie. Daar is net een ware God (vgl. 6.3.4.2). Omdat Johannes 1:1 sê dat beide Vader en Seun waarlik God is, is dit duidelik dat Jesus, soos Sy Vader, hierdie enigste ware God is.

Die argument van die Wagtoring-organisasie dat die bepaalde lidwoord "die" nie voor "God" staan in Johannes 1:1 as dit op Jesus betrekking het nie, en Jesus dus "'n god" oftewel 'n ondergeskikte god is, word as ongeldig bewys. Daar word naamlik ook op ander plekke na God die Vader verwys sonder die bepaalde lidwoord "die" voor "God", maar dit maak Hom nie 'n ondergeskikte god in die oë van die Jehovah-getuies nie. Buitendien word Jesus in Johannes 20:28 deur Tomas as "die God" aangespreek. Jesus wys hierdie woorde van Tomas nie af nie, maar beklemtoon in die volgende vers die belangrikheid van hierdie belydenis vir mense se saligheid (vgl. 6.5.4.2 & 6.5.4.3).

Dat Jesus in Jesaja 9:5 "Sterke God" genoem word, 'n naam wat net in die volgende hoofstuk vir Jahweh gebruik word, beklemtoon nie dat Jesus 'n ondergeskikte of mindere god is soos die Wagtoring-organisasie beweer nie, maar is reeds 'n Ou-Testamentiese aanduiding dat Jesus waarlik God is. Dit is juis die boek Jesaja waarin in latere hoofstukke so herhaaldelik beklemtoon word dat daar net een God is, waarin staan dat Jesus "Sterke God" is (vgl. 6.5.4.4).

In die boek Openbaring word gesê dat "die Alfa en die Omega" die Almagtige God is. "Die Alfa en die Omega", as die eerste en die laaste letter van die Griekse alfabet, word dan duidelik verder in Openbaring as sinonieme vir "die Eerste en die Laaste" gebruik - 'n uitdrukking wat die boek herhaaldelik op Jesus toepas. Dit bewys dat Jesus (soos Sy Vader) die een almagtige God is (vgl. 6.5.4.5).

Om te verstaan waarom Jesus volgens verskeie Skrifgedeeltes wat die Wagtoring-organisasie aangee as eg menslik beskryf word en 'n mindere plek ten opsigte van God die Vader inneem, is veral Filippense 2 gebruik. Hiervolgens het die Here Hom van Sy Godwees "ontledig", dit ingeperk, dat Hy wat ware en almagtige God is, tegelyk volkome mens en deel van Sy skepping kon wees. As mens het Hy geleidelik geopenbaar Wie Hy werklik is. In die Bybel is dan ook opgeteken dat Tomas, Johannes, Petrus en die apostel Paulus Hom (mettertyd) as God gesien het. Ook God die Vader noem Jesus in Hebreërs 1 God en sê dat al die engele Jesus moet aanbid (vgl. 6.5.4.6 tot 6.5.4.8).

Dit is dus duidelik dat die leerstelling van die Jehovah-getuies dat Jesus 'n mindere god is, een van baie sulke mindere gode, 'n vergryp is teen die ware wese van Christus as almagtige God wat ter wille van die verlossing van die mensdom bereid was om tegelykertyd 'n ware mens (uitgesonder die sonde) te word. In hierdie lig gesien kan hierdie leerstelling van die Jehovah-getuies nie anders as onchristelik beskryf word nie.

Verder is die leerstelling onchristelik omdat dit bots met die leer oor Jesus Christus wat Sy volgelinge, die Christendom, oor al die eeue sedert Sy koms na die aarde verkondig het.

Juis deur hulle dodelike verset teen wat die Bybel en die Christelike kerke oor soveel eeue oor "ons God en Verlosser, Jesus Christus" (2 Pet. 1:1) leer, wys die Jehovah-getuies hulle ware kleure as 'n onchristelike en selfs antichristelike organisasie.

6.5.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die Jehovah-getuies se Christologie verskil radikaal van dié van die Christendom. Hulle ontken dat Jesus ewige Skepper van alles is, maar glo dat Hy eers deel van die skepping geword het toe Hy ter wille van die verlossing van die mensdom mens geword het. Hierdie oortuiging verskil radikaal van die leer van die Christendom oor Wie die Here Jesus is (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:421-424, 430-438). Dit is in stryd met die Skrif en 'n vergryp teen die Here self.

Die Here Jesus is ook geen mindere god, een van baie ander wat onder die gesag van die almagtige God val soos die Jehovah-getuies beweër nie. Die Bybel leer dat Hy waarlik almagtig God is wat geëer en aanbid moet word.

Die minderwaardige siening wat die Wagtoring-organisasie van die Here Jesus het, is direk in stryd met dit wat die Christendom op grond van die Bybel leer. Dit bewys onteenseglik dat hulle 'n onchristelike leer oor die Here Jesus Christus verkondig.

Vervolgens moet gekyk word na wat die Wagtoring-organisasie leer ten opsigte van die derde Persoon van die Drie-eenheid, die Heilige Gees.

6.6 WIE IS DIE HEILIGE GEES?

6.6.1 INLEIDEND

Volgens die Jehovah-getuies is die Heilige Gees nie God nie, selfs nie eers 'n persoon nie, "maar 'n sterk krag wat God uit Homself uitstuur om sy heilige wil te volbring" (WTBTS, 1985a:145). Volgens hierdie leer is die Heilige Gees nie "iemand" nie, maar "iets". Die Jehovah-getuies verwys dan ook na die Heilige Gees as "dit". Die leerstelling van die Jehovah-getuies oor die wese van die Heilige Gees, verskil radikaal van dié van die tradisionele Christendom. Die Christendom bely dat die Heilige Gees 'n Goddelike persoon is - die derde Persoon van die Drie-eenheid.²⁹

Die Christendom grond hul siening van Wie die Heilige Gees is op die Bybel. So stel *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* (1987:494) in Artikel 11 dat die Heilige Gees "in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid is; . . . dat Hy inderdaad ware en ewige God is, soos die Heilige Skrif ons leer".

Vir hulle standpunt oor die Heilige Gees beroep die Jehovah-getuies hulle ook op die Skrif. Om die waarheid te sê, hulle beweer dat die verskillende Bybelgedeeltes wat na die Heilige Gees verwys hul siening eenparig onderskryf: "The Scriptures themselves unite to show that God's holy spirit is not a person but is God's active force . . ." (WTBTS, 1988b:1019).

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:20) erken dat die Jehovah-getuies se leer oor die Heilige Gees radikaal verskil van die leer van die Christendom. Terwyl laasgenoemde leer dat die Heilige Gees volkome God is, die derde Persoon van die Drie-eenheid, stel die boekie van die Wagtoring-organisasie dat "die Bybelse gebruik van 'heilige gees' toon dat dit 'n beheerde krag is wat Jehovah God gebruik om verskeie van sy voornemens uit te voer".

'n Mens kry dus hier twee radikaal teenoorgestelde standpunte oor die Heilige Gees, wat albei die Bybel as bewysgrond gee dat hulle leerstelling die korrekte een is. Daarom word, nadat die Jehovah-getuies se siening uiteengesit is, eers ingegaan op wat die Bybel sê oor die wese van die Heilige Gees, voordat die Jehovah-getuies se argumente geweeg word. So word dan vasgestel of die leer van die Wagtoring-organisasie oor die Heilige Gees werklik op die Skrif gegrond is of nie.

6.6.2 JEHOVAH-GETUIES SE SIENING VAN DIE HEILIGE GEES

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:23) som die Jehovah-getuies se siening van die Heilige Gees soos volg op: "Nee, die heilige gees is nie 'n persoon nie, en dit is nie 'n deel van 'n Drie-eenheid nie. Die heilige gees is God se werkende krag wat hy gebruik om sy wil uit te voer."

Die argumente wat die Jehovah-getuies gebruik vir hierdie siening van die Heilige Gees, kan op grond van hulle publikasies *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:20-23) en *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:144-145) soos volg opgesom word:

- Verse wat die Heilige Gees as 'n Persoon beskryf, is maar net nog 'n voorbeeld van personifikasie in die Bybel, waarvolgens "iets" as "iemand" voorgestel word (WTBTS, 1989:21).

- * Die Heilige Gees kan nie direk praat nie, maar net deur mense of engele (WTBTS, 1989:22).
- * Daar word op 'n onpersoonlike manier na die Heilige Gees verwys (WTBTS, 1985a:144).
- * Die Heilige Gees het nie 'n naam nie (WTBTS, 1989:22).
- * Die Bybel verwys na die Heilige Gees as "dit" (onsydig) (WTBTS, 1989:22).
- * Die Heilige Gees kan verdeel word (WTBTS, 1989:20).

Redenering uit die Skrif (WTBTS, 1985a:145) gee voor dat die Christene die Bybel selektief gebruik vir hulle siening van die Heilige Gees, en beklemtoon dat vir "die korrekte identifisering van die heilige gees . . . al die tekste (moet) pas wat van daardie gees praat". Vir die doel word nou eers gekyk na wat die Bybel oor die wese van die Heilige Gees sê, en daarna na die Skrifgegewens wat die Jehovah-getuies vir hulle siening aanvoer.

6.6.3 SKRIFUITSPRAKE OOR DIE WESE VAN DIE HEILIGE GEES

6.6.3.1 Eienskappe van die Heilige Gees

Eerstens word gekyk na verskillende Skrifuitsprake oor die eienskappe van die Heilige Gees, met die doel om te sien of dit eienskappe is wat by 'n Persoon of 'n krag tuihoort. Die Bybel beskryf die Heilige Gees met die volgende eienskappe:

- * *Hy is Parakletos*

Johannes 14:16 noem die Heilige Gees *Parakletos*. *Parakletos* kan vertaal word met "Advokaat, Parakleet, Helper" (Braumann, 1979:88). Wanneer Jesus Sy dissipels inlig dat Hy nie altyd so op aarde by hulle gaan wees nie, sê Hy: "Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster [*Parakletos*] gee om by julle te bly tot in ewigheid." (Joh. 14:16.) Volgens Johannes 14:26 verwys Jesus hier na die Heilige Gees as "ander Trooster" (vgl. Verkuyl, 1992:283-284).

Dit is logies om te verwag dat as een Helper (die Persoon Jesus Christus) deur 'n ander Helper (die Heilige Gees) opgevolg word, laasgenoemde ook 'n Persoon sal wees. Dit word bevestig deur die Here Jesus se beskrywing van wat die Heilige Gees as Helper gaan kom doen (vgl. 6.6.3.2).

1 Johannes 2:1 noem Jesus die gelowiges se *Parakletos*.

* *Hy is waarheid*

1 Johannes 5:6 noem die Heilige Gees "die waarheid". Dit is moeilik om te kan dink hoe 'n onpersoonlike krag 'n eienskap soos "waarheid" kan hê. Wat is "waarheid" aan onpersoonlike kragte soos gravitasiekrag of elektrisiteit?

Johannes 14:6 noem Jesus ook "die waarheid".

* *Hy is ewig*

Johannes 14:16 sê dat die Heilige Gees "ewig" by die gelowiges bly. Dit hou die moontlikheid in dat Hy 'n krag of 'n persoon kan wees. 'n Mens kan byvoorbeeld sê dat 'n krag soos gravitasiekrag ewig by die mens sal wees. 'n Goddelike Persoon (soos Jesus Christus) kan egter ook ewig met die gelowiges wees.

Volgens Johannes 12:34 en Matteus 28:20 is Jesus ook "ewig" met die gelowiges.

* *Hy is heilig*

Die Heilige Gees word onder andere in Matteus 12:32 en Handeling 5:3 "heilig" genoem. Beide verse waarsku dat oortreding teen die Gees swaar gestraf word - juis ook vanweë Sy heiligheid. Om 'n krag as "heilig" te beskryf maak nie sin nie. Selfs geweldige natuurkragte soos weerligstrale sal 'n mens tog nie as "heilig" beskou nie. Die Jehovah-getuies erken dit indirek deur van "God se werkende krag" te praat wanneer na die Heilige Gees verwys word (WTBTS, 1989:20) in plaas van "God se heilige krag". Volgens die standaard Griekse woordeboek van Liddell en Scott (1976:5) beteken "heilig" (*hagios*) as dit na 'n voorwerp verwys dat die ding gewy is aan God of 'n afgod, en as dit na 'n persoon verwys dat die persoon suiwer en edel is. 'n Krag voldoen nie aan hierdie beskrywing nie.

In Markus 1:24 en Handeling 3:14 word Jesus ook "heilig" genoem.

6.6.3.2 Dade/gebruike van die Heilige Gees

As die Heilige Gees 'n Persoon is, kan verwag word dat die Bybel dinge sal beskryf wat Hy bewustelik doen. As Hy 'n blote krag is, sal die Bybel beskryf hoe hierdie onbewuste/lewelose/onpersoonlike krag deur God gebruik word. Die volgende gegewens word deur die Skrif hiervoor gegee:

• *Hy gee*

1 Korintiërs 11:7-11 beskryf die gawes wat die Heilige Gees gee. Die vraag is of Hy hier as 'n onpersoonlike krag beskryf word waardeur God die gawes gee, soos die staat byvoorbeeld vir baie huise lig verskaf deur 'n onpersoonlike krag soos elektrisiteit; en of die Heilige Gees 'n Persoon is wat bewustelik die gawes gee. Volgens vers 11 is laasgenoemde waar: "Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil." Dit is baie duidelik (as 'n mens die vers en die voorafgaande lees) dat die "Hy" wat "wil" grammaties hier net na "Gees" kan verwys. Hier word die Heilige Gees dus as 'n bewuste persoon beskryf wat self besluit hoe Hy gawes aan die gelowiges uitdeel.

Efesiërs 4:8 en 11 beskryf die gawes wat Christus gee.

• *Hy verheerlik*

Volgens Johannes 16:14 sal die Heilige Gees Jesus "verheerlik". Dat dit 'n bewuste daad van verheerliking is deur 'n Persoon, blyk duidelik uit die res van die vers waar staan dat die Heilige Gees "sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig".

Johannes 17:4-5 sê dat Jesus Sy Vader verheerlik en omgekeerd.

• *Hy het lief*

Romeine 15:30 praat van die "liefde van die Gees". 'n Onpersoonlike krag kan nie liefhê nie. Die Heilige Gees moet 'n bewuste Persoon wees om te kan liefhê.

Romeine 8:35 praat van die "liefde van Christus".

• *Hy troos*

Handelinge 9:31 verwys na die " vertroosting van die Heilige Gees". Dit dui eerder op 'n Persoon wat troos, as op die troos wat 'n onpersoonlike krag dalk kan bring.

Filippense 2:1 verwys na die "troos in Christus".

• *Hy help*

Volgens Romeine 8:26 kom die Heilige Gees "ons swakhede te hulp". 'n Mens kan wel sê dat 'n krag soos gravitasiekrag 'n mens "help" om op die aarde te bly, of dat 'n weerligstraal as dit donker is verdwaaldes "te hulp kom". 'n Mens praat egter meestal van persone wat jou "te hulp" kom. Die *New World Translation* vertaal die gedeelte soos volg: "... the spirit also joins in with help for our weakness ...", wat ook eerder dui op

die toetrede en hulpverskaffing deur 'n Persoon as die hulp wat 'n onpersoonlike krag 'n mens gee.

Hebreërs 2:18 sê dat Jesus "dié help wat versoek word".

* *Hy tree in/pleit*

Romeine 8:26-27 sê "die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge" by God. 'n Krag kan nie vir 'n mens pleit of vir 'n mens intree nie - net 'n Persoon kan. Dit is ook hieruit duidelik dat die Heilige Gees nie 'n onpersoonlike krag is wat van God uitgaan nie, want hoe kan iemand se krag by hom kom pleit vir iemand anders. Die Heilige Gees moet duidelik 'n persoonlikheid los van God die Vader hê om vir die gelowiges by Hom te kan intree.

Romeine 8:34 en Hebreërs 7:25 sê dat Jesus "vir ons intree".

* *Hy het 'n wil*

1 Korintiërs 12:11 wys daarop dat die Heilige Gees gawes aan die gelowiges uitdeel "soos Hy wil". Slegs 'n Persoon het 'n wil. 'n Onpersoonlike krag het geen wil nie.

Matteus 11:27 wys daarop dat die Here Jesus Sy Vader openbaar aan wie Hy "wil".

* *Hy besluit*

Volgens Handeling 15:28-29, wat deur die Jehovah-getuies gebruik word in hulle argumentasie teen bloedoortapping (vgl. 7.9), "besluit" die Heilige Gees. 'n Onpersoonlike krag kan tog geen besluite neem nie.

* *Hy lei en gee leiding*

In Johannes 16:13 en Matteus 4:1 staan dat die Heilige Gees gelowiges in die hele waarheid "lei". Hy het Jesus ook "weggelei die woestyn in". Hy lei dus en gee leiding - dinge wat moeilik van 'n krag gesê kan word.

Johannes 10:27 en Openbaring 7:17 sê dat die Here Jesus die gelowiges "lei" en hulle Hom volg.

* *Hy stuur en word gestuur*

Handeling 10:19-20 en 13:2-4 stel duidelik dat die Heilige Gees mense stuur. Volgens Johannes 14:26 sal God die Vader die Heilige Gees stuur. Die Heilige Gees word dus met 'n opdrag na hierdie wêreld gestuur, en Hy stuur dan weer op sy beurt mense om

hierdie opdrag uit te voer. Dit is net moontlik indien die Heilige Gees 'n Persoon is. Hiervolgens kan Hy beslis geen onpersoonlike krag wees soos wat die Jehovah-getuies beweer nie.

Volgens Johannes 17:18 is Jesus deur Sy Vader na hierdie wêreld gestuur, en stuur Hy weer op Sy beurt mense in hierdie wêreld in.

Johannes 15:26 sê dat ook Jesus die Heilige Gees "sal stuur". As die Heilige Gees werklik die onpersoonlike krag van God die Vader is soos die Jehovah-getuies beweer, dan kan Hy nie deur Jesus gestuur word nie. Net die Vader sou dan beheer hê oor Sy eie krag.

* *Hy dryf uit*

Markus 1:12 wys daarop dat dit die Heilige Gees was wat Jesus "uitgedryf" het in die woestyn. Dit is tipies van baie kragte dat dit iets aandryf, byvoorbeeld elektrisiteit wat 'n motor aandryf. Hier het 'n mens egter met "uitdryf" te doen, wat eerder op 'n persoon of dier van toepassing sal wees as op 'n krag. So sal 'n mens byvoorbeeld sê dat soldate die vyand uit die stad uitgedryf het, of dat hye die mense uit die bos uitgedryf het. Tog kan baie weerligstrale 'n mens ook, by wyse van spreke, uit 'n rotsvesting dryf.

Matteus 9:34 praat van Jesus wat duiwels uitdryf.

* *Hy verhinder/laat nie toe nie*

Handelinge 16:6 vertel dat die Heilige Gees Paulus en sy reisgenote "verhinder het om in Asië die Woord te verkondig". 'n Mens kan sê dat 'n krag jou verhinder om iets te doen. Hier het 'n mens egter met 'n bewuste verhinderings te make, wat eerder daarop dui dat die Heilige Gees iets anders vir die apostels in gedagte gehad het. Vers 7 sê dan ook dat die Heilige Gees hulle ander planne "nie toegelaat het nie", wat verder beklemtoon dat die Heilige Gees hier bewustelik aan die werk is en nie 'n onbewuste onpersoonlike krag is nie.

Lukas 4:41 vertel dat Jesus die duiwels "nie toegelaat (het) om te praat nie".

* *Hy oortuig*

In Johannes 16:8 staan dat die Heilige Gees "die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel". 'n Mens kan wel sê dat 'n elektriese skok jou "oortuig" het om nie meer daarmee te speel nie. Dit beteken egter dat 'n mens deur dit wat met jou gebeur het toe jy met hierdie krag te doen gekry het, self tot die oortuiging gekom het dat jy daarvoor moet oppas. In die sin wat Johannes 16:8 sê dat die Heilige Gees 'n

mens "oortuig" van dinge soos sonde, geregtigheid en oordeel, is dit duidelik dat 'n mens hier met 'n denkende Persoon te doen het wat in staat is om jou van iets te oortuig.

• *Hy stel aan*

In Handeling 20:28 staan dat die Heilige Gees mense "as opsieners aangestel het". 'n Krag kan niemand aanstel nie. Slegs 'n persoon en daarby 'n persoon met hoër gesag, kan iemand anders aanstel. Daarby stel die Heilige Gees hierdie opsieners aan met 'n bewuste doel, naamlik "om as herders die gemeente van God te versorg".

Volgens Johannes 15:16 het Jesus Sy dissipels "aangestel".

• *Hy deursoek/ondersoek*

Die Heilige Gees "ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God", volgens 1 Korintiërs 2:10. 'n Krag kan tog nie ondersoek loods nie. Die Heilige Gees is so 'n magtige Persoon dat Hy selfs "die dieptes van God" kan ondersoek.

In Openbaring 2:23 staan dat die "Seun van God" "niere en harte deursoek" en aan elkeen gee volgens sy werke.

• *Hy maak dinge duidelik/profeteer*

Hebreërs 9:8 sê dat "die Heilige Gees dit duidelik maak dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is" nie. 1 Petrus 1:11 sê dat "die Gees van Christus . . . vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom". 'n Mens kan net van 'n persoon sê dat hy dinge duidelik maak en profeteer.

Johannes 12:33, 18:32 en 21:19 wys daarop dat Jesus ook dinge vooruit aangedui het.

• *Hy getuig van die waarheid*

Johannes 15:26, Hebreërs 10:15 en 1 Johannes 5:6 beklemtoon die waarheid van die getuienis van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is dus iemand wat die waarheid praat, wat betroubare getuienis gee. Dit kan net van 'n Persoon gesê word.

Johannes 7:7 beklemtoon die effek wat die ware getuienis van Jesus op die wêreld het.

• *Hy openbaar*

Lukas 2:26 leer dat die Heilige Gees aan Simeon "geopenbaar" het dat hy nie sou sterf voordat hy die Here Jesus Christus gesien het nie. Dit is so dat kragte ook dinge kan openbaar. So kan die natuur en die kragte daarin die heerlikheid en grootheid van God

openbaar. Dit beteken dat 'n mens in die natuur kan sien hoe groot en almagtig God is wat dit alles gemaak het. Wat die Heilige Gees aan Simeon geopenbaar het, was egter nie soortgelyk aan hierdie voorbeeld nie. Aan hom is die wil van die Here en sy genadige beskikking oor sy en ander se lewens geopenbaar. Net 'n Persoon kan so iets openbaar, en die Persoon wat dit in hierdie geval geopenbaar het, word duidelik die Heilige Gees genoem.

Galasiërs 1:12 praat van die "openbaring" wat Paulus van Jesus Christus ontvang het.

• *Hy herinner*

In Johannes 14:26 sê Jesus dat die Heilige Gees die dissipels aan alles sal "herinner" wat Hy (Jesus) aan hulle gesê het. 'n Krag kan soos 'n leweloze voorwerp 'n mens aan iets herinner. Die pyn op 'n mens se maag kan jou daaraan herinner dat jy die dag nog niks geëet het nie. Maar hier word dit eerder in die sin gebruik van iemand wat kom om die dissipels doelbewus aan iets te herinner, want die vers sê nie net dat die Heilige Gees die dissipels gaan "herinner" nie, maar ook dat Hy hulle dinge gaan "leer".

In Johannes 15:20 herinner Jesus Sy dissipels aan woorde wat Hy voorheen gespreek het.

• *Hy leer/onderrig*

In Lukas 12:12 en Johannes 14:26 staan dat die komende Heilige Gees die dissipels sal "leer" (- onderrig). 'n Mens kan baie dinge leer deur 'n boek of deur hoe gravitasiekrag werk. In die genoemde verse gaan dit egter nie om selfonderrig nie, maar om iemand anders wat kom en die volgelinge van Christus leer of onderrig. Die Heilige Gees is 'n Persoon wat aan mense onderrig sal gee.

Die vier evangelies is vol onderrig wat die Here Jesus gegee het (vgl. bv. Matt. 5:2).

• *Hy verkondig*

Johannes 16:13-15 leer dat die Heilige Gees gekom het om aan die gelowiges dinge te "verkondig". Hier het 'n mens weereens met 'n bewuste verkondiging van dinge deur 'n Persoon te doen, en nie met byvoorbeeld die verkondiging van God se grootheid in die natuur in die sin dat jy Sy almag daaruit kan aflei nie.

Johannes 4:25-26 leer dat ook Jesus gekom het om dinge te "verkondig".

- *Hy praat direk met mense en gee opdragte*

Handelinge 8:29, 10:19, 11:12 en 13:2 is almal tekste wat aandui dat die Heilige Gees direk met mense gepraat het. 'n Krag kan hoogstens gebruik word om iemand anders se stem te herlei, byvoorbeeld die kragte wat die spreker se stem deur 'n mikrofoon na luidsprekers herlei. 'n Mens sal egter nie sê dat dit die luidspreker is wat met jou gepraat het nie, maar wel die persoon. Dit is duidelik wat die Bybel hier leer - dat die Heilige Gees as Persoon direk met hierdie gelowiges gepraat het en opdragte gegee het. 'n Mens vind hierteenoor ook baie voorbeelde waar onheilige geeste met mense praat (vgl. Hand. 19:15). Die Jehovah-getuies ontken nie dat hierdie onheilige geeste persone is nie (WTBTS, 1988b:1018-1019).

Dwarsdeur die evangelies lees 'n mens dat Jesus direk met mense praat.

- *Hy praat deur mense*

Volgens Handelinge 28:25 het "die Heilige Gees deur Jesaja, die profeet, tot ons vaders gespreek". Dit maak van die Heilige Gees geen krag of blote spreekbuis nie - intedeel. Die profeet is eerder die spreekbuis. Tog sal niemand die feit dat die profeet 'n persoon was bevraagteken nie. Dat die Heilige Gees mense kan gebruik om God se Woord uit te dra, beklemtoon juis Sy bewuste en Goddelike Persoonwees. Handelinge 28:25-27 is 'n aanhaling uit Jesaja 6:9-10 waar dit duidelik God self is wat aan die woord is.

In Hebreërs 1:1 staan dat "God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete".

- *Hy praat met gesag*

1 Timoteus 4:1 ken aan die Heilige Gees groot gesag toe met die volgende stelling: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidelike geeste en leringe van duiwels sal aanhang." Net 'n magtige Persoon kan sulke dinge met nadruk sê.

Johannes 7:46 wys daarop dat Jesus ook werklik met gesag gepraat het.

- *Hy hoor*

Johannes 16:13 sê dat die Heilige Gees net sal spreek "wat Hy hoor". 'n Krag (selfs nie eers 'n radiogolf nie - vgl. WTBTS, 1989:22) hoor tog nie dinge en vertel dit dan oor nie. Dit is net 'n Persoon met verstand wat dinge kan hoor en oorvertel.

Johannes 15:15 sê ook van Jesus dat Hy dit wat Hy van Sy Vader gehoor het aan Sy dissipels oorvertel het.

* *Hy neem/ontvang*

Johannes 16:14-15 beskryf die Heilige Gees as iemand "wat neem uit wat aan My [Christus] behoort" en dit dan weer verkondig. Slegs 'n bewuste, denkende Persoon kan dit doen.

Openbaring 2:27 beskryf weer hoe Jesus op Sy beurt van die Vader dinge "ontvang het".

* *Hy word ontvang*

Johannes 14:17 praat van die ongelowiges wat nie die Heilige Gees kan "ontvang" ("receive" - *New World Translation*) nie. Dit dui nie werklik aan of die Heilige Gees 'n Persoon of 'n krag is nie. Net so maklik as wat 'n mens kan sê dat jy "krag ontvang", kan 'n mens sê dat jy "Iemand ontvang".

Johannes 1:12 praat van die baie gelowiges wat Jesus kon aanneem ("receive" - *New World Translation*).

* *Hy vervul mense*

Volgens Handeling 2:4 en Efesiërs 5:18 kan gelowiges met die Heilige Gees vervul word. Dit kan dui op 'n krag wat 'n mens vul, of op 'n Persoon onder wie se invloed 'n mens kom. In Efesiërs 5:18 word vervulling deur die Gees teenoor vervulling deur drank (dronkenskap) gestel. By beide word die Griekse woord *plerôo* vir vervul gebruik. Hier beteken dit duidelik dat 'n mens nie vol drank, dit wil sê onder die invloed van drank moet wees nie, maar vol van die Heilige Gees, dit wil sê onder die invloed van die Heilige Gees. Dit dui dus daarop dat die Heilige Gees eerder 'n Persoon is as 'n krag, hoewel laasgenoemde in hierdie geval nie uitgesluit kan word nie.

* *Hy bly in mense*

Volgens Johannes 14:17 is die Heilige Gees "in" die gelowiges. Johannes 14:23 sê dat God die Vader en die Seun "woning maak" by die gelowiges - in hulle woon. Romeine 8:9 en 11 sê dat die Heilige Gees "in julle [*en humin*] woon". Romeine 8:10 sê dat "Christus in julle [*en humin*] is".³⁰ Die Jehovah-getuies maak graag 'n saak daarvoor uit dat die Heilige Gees 'n krag moet wees, want "dit" is/bly in baie verskillende mense. 'n Persoon kan volgens hulle nie in baie verskillende persone bly nie. Beide Johannes 14 en Romeine 8 wat leer dat die Heilige Gees in verskillende persone is, leer terselfdertyd dat God die Vader en die Seun ook in daardie verskillende persone is. 'n Goddelike

Persoon kan dus in Sy almag duidelik in verskillende mense tegelyk aanwesig wees. Hierdie verse misken nie die Heilige Gees se Persoonwees nie, hulle onderstreep eerder Sy Goddelike Persoonwees en die Drie-eenheidsleer.

• *Hy het krag*

Romeine 15:13 en 19 praat van die "krag van die Heilige Gees". Dit dui daarop dat die Heilige Gees nie 'n krag is nie, maar 'n Persoon wat krag het. Dit is sinloos om te praat van die krag van 'n krag (De Bruyn, 1974:7).

6.6.3.3 Optrede teenoor die Heilige Gees

'n Mens se optrede teenoor 'n Persoon en teenoor 'n krag verskil vanselfsprekend. Vervolgens word gekyk na wat die Bybel leer oor hoe teenoor die Heilige Gees opgetree kan word.

• *'n Mens kan Hom weerstaan*

Handelinge 7:51 verwys na mense wat die Heilige Gees "weerstaan". 'n Mens kan jou sowel teen 'n krag as teen 'n persoon verset. So word gelowiges byvoorbeeld in Jakobus 4:7 opgeroep om die duiwel te "weerstaan". Die Jehovah-getuies erken self dat die duiwel 'n persoon is (WTBTS, 1988b:866-870). Dit is 'n diskrepansie dat die persoonwees van die bese geeste erken word, maar nie dié van die Heilige Gees nie!

• *'n Mens kan Hom versoek*

Handelinge 5:9 vertel van 'n vrou wat die Heilige Gees wou "versoek" en dat sy die doodstraf daarvoor gekry het. 'n Mens kan nie 'n krag "versoek" nie. Die Heilige Gees moet 'n Persoon wees.

Hebreërs 4:15 verklaar dat die Here Jesus "in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde".

• *'n Mens kan Hom ken*

Volgens Johannes 14:17 "ken" net die gelowiges die Heilige Gees. 'n Mens kan sowel 'n persoon as 'n krag ken. As 'n mens na die beskrywing van die Heilige Gees in Johannes 14 kyk, dan is dit duidelik dat hier bedoel word dat die gelowiges die Heilige Gees as Persoon ken.

Johannes 10:14 en 14:7-9 sê dat net die gelowiges die Here Jesus ken - al het ook ongelowiges met Hom te doen gehad.

* *'n Mens kan vir Hom lieg*

Handelinge 5:3 vertel dat Ananias vir die Heilige Gees gelieg het. 'n Mens kan nie vir 'n krag (swaartekrag, radiogolwe of elektrisiteit) lieg nie, jy kan slegs vir 'n Persoon lieg. Ananias kry die doodstraf van God omdat hy vir die Heilige Gees gelieg het.

Volgens Markus 14:56-57 het mense vals teen die Here Jesus getuig.

* *'n Mens kan teen Hom laster*

Matteus 12:31, Markus 3:29 en Lukas 12:10 waarsku dat lastering teen die Heilige Gees 'n mens ewig in die veroordeling sal bring. 'n Mens kan nie teen 'n krag (elektrisiteit of radiogolwe - WTBT, 1989:20, 22) laster nie, net teen 'n persoon.

Matteus 12:32 en Lukas 12:10 noem 'n uitspraak van 'n mens teen Christus in dieselfde asem lastering teen die Heilige Gees.

* *'n Mens kan Hom bedroef*

Jesaja 63:10 en Efesiërs 4:30 praat daarvan dat 'n mens die Heilige Gees kan "bedroef". Daar is geen manier waarop 'n mens enige krag kan bedroef of hartseer maak nie. Slegs 'n bewuste Persoon kan bedroef wees!

Matteus 26:37 praat van hoe "bedroef" Jesus in Getsemané geword het.

* *'n Mens kan Hom beledig/smaad*

Hebreeërs 10:29 verwys na die straf vir hulle wat "die Gees van genade gesmaad het". 'n Mens kan nie iets soos elektrisiteit smaad of beledig nie. Slegs 'n Persoon kan gesmaad word.

Matteus 27:28-31 vertel hoe Jesus voor sy kruisiging gesmaad is.

* *'n Mens kan in Sy Naam gedoop word*

Matteus 28:19 leer gelowiges om te doop "in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees". Die Heilige Gees word hier duidelik as Persoon naas Vader en Seun genoem. Dit sou onsinnig wees om te sê "doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Vader se krag".

6.6.3.4 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat nie een van bogenoemde Skrifuitsprake oor die Heilige Gees die moontlikheid uitsluit dat Hy 'n Persoon is nie. Om die waarheid te sê, dit word telkens juis beklemtoon dat Hy 'n bewuste, en selfs Goddelike Persoon is. By die meeste Skrifuitsprake is ook aangetoon dat dieselfde wesenskenmerk van die Heilige Gees ook waar is van die Here Jesus Christus, Wie se Persoonwees die Jehovah-getuies nie ontken nie.

Hierteenoor is talle verse genoem wat die moontlikheid totaal uitsluit dat die Heilige Gees 'n onbewuste krag is soos die Jehovah-getuies beweer. Hulle bewering dat die Skrifuitsprake oor die Heilige Gees eenstemmig daaroor is dat Hy 'n blote krag van God is, is dus vals. Die Bybel leer duidelik dat die Heilige Gees 'n bewuste Persoon is (vgl. Verkuy, 1992:280-289).

6.6.4 JEHOVAH-GETUIES SE ARGUMENTE GEWEEG

6.6.4.1 'n Persoon of die verpersoonliking van 'n krag?

In die lig van al die duidelike Skrifuitsprake oor die Heilige Gees hierbo genoem, moet die Jehovah-getuies toegee dat die Bybel van die Heilige Gees as 'n Persoon praat. *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:21) erken dat die Heilige Gees "dikwels beskryf word asof dit 'n persoon is", maar verweer dan dat dit "in die Skrif... nie ongewoon (is) dat iets verpersoonlik word nie". Van al die Skrifgedeeltes wat duidelik leer dat die Heilige Gees 'n Persoon is, word dan gesê dat dit maar net 'n vorm van beeldspraak (personifikasie) is (WTBTS, 1985a:144).

Dat die Bybel wel soms in persoonlike terme na iets abstraks en onpersoonliks verwys, is waar. *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:21-22) noem as voorbeelde van verpersoonliking in die Bybel dat die wysheid kinders het (Luk. 7:35), sonde en dood konings is (Rom. 5:14, 21), sonde voor die deur lê en loer (Gen. 4:7), en dat water en bloed saam met die Gees getuies genoem word (1 Joh. 5:8).

Dat daar verpersoonliking in die Bybel voorkom, is nie te ontken nie. Geen skrywer wat verstaan wil word en beslis ook nie God nie, sal egter personifikasie op 'n manier gebruik wat Sy lesers kan mislei nie. Nie een van die voorbeelde van verpersoonliking hierbo weergegee, is enigszins misleidend nie. 'n Mens word nie verwar om te dink dat wysheid regtig kinders kry nie. Die wysheid se kinders is hulle wat wysheid najaag. 'n Mens praat daarvan dat die sonde heers in die wêreld, maar bedoel beslis nie daardeur

dat die sonde (of die dood) 'n persoon is nie en niemand neem dit so op nie. Dit is duidelik dat water en bloed vir die gelowiges tot 'n getuienis is, byvoorbeeld by die sakramente van doop en nagmaal. Niemand twyfel daaroor dat hier nie na persone verwys word nie.

Maar ten opsigte van die Heilige Gees is die teenoorgestelde waar. Soos die onheilige of bose geeste duidelik as persone in die Bybel beskryf word (en die Jehovah-getuies dit ook so aanvaar), soveel te meer word die Heilige Gees herhaaldelik as 'n bewuste Persoon beskryf, soos uit die Skrifgedeeltes hierbo aangehaal duidelik gesien kon word. Jesus troos Sy dissipels baie duidelik met die Helper wat in Sy plek kom (Joh. 14-16). Hy tree as 'n Persoon op, want Hy verheerlik, het lief, troos, help, pleit vir gelowiges, besluit, het 'n wil, lei en gee leiding, stuur en word gestuur, dryf uit, verhinder dinge, oortuig, stel aan, ondersoek, maak dinge duidelik, getuig, openbaar, herinner, onderrig, verkondig, praat direk met mense, praat deur mense, praat met gesag, hoor, neem, het krag, ensovoorts. 'n Mens kan nie 'n krag bedroef, belieg, smaad, laster, versoek, ensovoorts, soos wat 'n mens volgens die Skrif teenoor die Heilige Gees kan doen nie.

As die Heilige Gees met hierdie beskrywing van Hom in Gods Woord nie 'n Persoon is nie, dan mislei die Woord van God en Jesus by name die mensdom. Dan kan 'n mens nie seker wees of enigiemand wat in die Bybel beskryf word 'n werklike persoon is of nie. Dan staan die hele Christelike godsdiens op losse skroewe. Nee, die Bybel is juis deur God geïnspireer dat die mens daardeur die waarheid duidelik en in volheid kan leer ken (2 Tim. 3:16-17). En die Bybel verkondig die Heilige Gees as 'n Goddelike Persoon.

Die inkonsekwentheid van die Jehovah-getuies se standpunt blyk duidelik uit die motivering wat hulle gee waarom die duivel 'n werklike persoon en nie 'n verpersoonliking van 'n krag is nie. Onder die opskrif *Satan die Duiwel - Personifikasie of 'n Persoon?*, stel die *Ontwaak!* van 08/12/1973 (p. 27) dat "'n onintelligente 'krag' nie 'n gesprek met iemand kan voer nie, asook dat die Bybel Satan 'n mensemoordenaar, 'n leuenaar, 'n vader en 'n regeerder noem". Hieruit maak hulle die gevolgtrekking dat "alleen 'n intelligente persoon aan al hierdie beskrywings kan voldoen" en dat Satan daarom nie die personifikasie van 'n krag is nie. As die Jehovah-getuies hierdie selfde redeneringe op die Heilige Gees toegepas het, sou hulle nie by die ongegronde gevolgtrekking gekom het dat die onheilige geeste persone is, maar die Heilige Gees 'n blote krag nie.

6.6.4.2 Kan die Heilige Gees selfstandig kommunikeer?

Omdat die Heilige Gees dikwels "deur engele of mense" praat, lei die Jehovah-getuies hieruit af dat dit ook waar is van die gevalle waar daar staan dat die Heilige Gees direk gepraat het (WTBTS, 1989:22). Dit dui dan vir hulle daarop dat die Heilige Gees nie 'n Persoon is nie, maar 'n krag.

Ook met hierdie argument is die Jehovah-getuies nie konsekwent nie. God maak dikwels van mense of engele gebruik om Sy boodskap te bring (bv. Heb. 1:1; Luk. 1:11-20), maar dit maak nie van Hom 'n blote krag nie - ook nie volgens die Jehovah-getuies nie. Die teendeel is eerder waar. Hy wat die boodskap stuur moet 'n bewuste Persoon wees, terwyl die een wat gebruik word om die boodskap oor te dra 'n persoon of byvoorbeeld 'n boek of stuk papier kan wees. Dat die Heilige Gees met mense deur mense praat (Hand. 28:25) en deur Gods Woord praat (2 Pet. 1:20-21) en die kerk onder Sy leiding besluite neem (Hand. 15:28), beklemtoon juis die bewuste en Goddelike Persoonwees van die Heilige Gees!

Buitendien hef die feit dat Hy boodskappers gebruik nie op dat die Heilige Gees direk met 'n mens kan praat, soos die Jehovah-getuies beweer nie. God het behalwe deur Sy Woord, deur engele en deur mense soos die profete, ook direk met mense gepraat (Gen. 15-18). Net so lees 'n mens in die Skrif dat ook die Heilige Gees direk met mense gepraat het (Hand. 8:29; 10:19; 11:12; 13:2). Hierdie argument van die Jehovah-getuies gaan dus geensins op nie en beklemtoon juis dat die Heilige Gees 'n Persoon is.

6.6.4.3 Sien die Bybel die Heilige Gees as onpersoonlik?

Dit het reeds duidelik geblyk dat die Bybel na die Heilige Gees as 'n Persoon verwys (vgl. 6.6.3). Die volgende verse word deur die Jehovah-getuies aangevoer om te bewys dat die Bybel ook na die Heilige Gees as 'n onpersoonlike krag verwys (WTBTS, 1989:21-22).

- * In Rigters 14:6 staan dat toe "die Gees van die Here" oor Simson "vaardig geword" het, hy genoeg krag gehad het om 'n leeu te verskeur. Dat die Heilige Gees aan Simson die krag gegee het, beteken egter geensins dat die Gees self 'n onpersoonlike krag is nie.
- * Matteus 3:11 en Lukas 3:16 bring die Heilige Gees en vuur met mekaar in verband. Dit maak egter nie van die Heilige Gees 'n krag nie. God word dikwels met vuur in verband gebring (vgl. Eks. 3:2-4; Deut. 4:24; 9:3; Heb. 12:29).

- * Markus 1:10 sê dat "die Gees soos 'n duif" op Jesus neergedaal het. Dit beteken glad nie dat die Heilige Gees soos die Jehovah-getuies beweer 'n onpersoonlike krag is nie, maar dat Hy hier sigbaar in die vorm van 'n duif verskyn. Hoeveel plekke vind 'n mens nie dat Jahweh in die vorm van 'n mens of 'n engel verskyn nie (vgl. Gen. 16:13; 18:1-22; 32:24-30; 35:1-13; Eks. 24:9-11; 33:18-23)?
- * In Lukas 5:17 staan dat die Here Jesus krag gehad het om mense te genees. Die Jehovah-getuies (WTBTS, 1989:21) beweer dat hierdie "krag" wat die Here gehad het die Heilige Gees is. Dit is egter 'n aanname met geen gronde nie, want die Heilige Gees word glad nie in die gedeelte genoem nie.
- * Handeling 2:4 en Efesiërs 5:18 praat van vervul word deur die Heilige Gees. Dit sou dan ook 'n bewys wees dat die Heilige Gees iets onpersoonlik is (WTBTS, 1989:22). In Efesiërs 5:18 word vervul word deur die Heilige Gees gestel teenoor vervul word deur (dronk word van) wyn. Vervul word met wyn beteken nie dat 'n mens van jou voete af opgevol word met wyn nie, maar dat jy onder die invloed van wyn kom. Efesiërs 5:18 leer gelowiges dan om nie die beheer van hulle lewens oor te gee aan 'n onpersoonlike ding soos wyn nie, maar dat hulle alleen deur die Heilige Gees persoonlik beheer moet word. Die Efesiërs-brief sê ook dat 'n mens deur Christus/God vervul kan word (Ef. 3:19). In Romeine 13:13 en 14 word 'n lewe onder beheer van Christus ook teenoor dronkenskap geplaas.

Bogenoemde Skrifgedeeltes wat die Jehovah-getuies gebruik, bewys dus glad nie dat die Heilige Gees 'n onpersoonlike krag is nie. Dit onderskryf eerder Sy bewuste Persoonwees.

6.6.4.4 **Het die Heilige Gees 'n persoonlike naam?**

Moet jy aan die Drie-eenheid glo? (WTBTS, 1989:22) beweer dat selfs die bevel van die Here om te doop in die Naam van die Heilige Gees (Matt. 28:19) nie beteken dat Hy 'n Naam het nie. Dit moet saamgelees word met *Die Wagting* van 15/07/1957 (p. 432) waarin beweer word dat "die feit dat dit [die Heilige Gees - HGS] geen onderskeidende naam het nie" bewys dat die Heilige Gees nie 'n Persoon is nie.

Eers moet opgemerk word dat as iemand in die Bybel nie met 'n eiename genoem word nie, dit nie beteken dat die persoon nie 'n persoon is nie. Die twee mans wat saam met Christus gekruisig is en die engel by Sy graf se name word hyvoorbeeld nie genoem nie, maar hulle is tog duidelik persone. Die Bybel verwys wel op verskillende maniere na hierdie Gees as die Heilige Gees, die Gees van God en die Trooster (vgl. Mark. 13:11, Joh. 14, 16).

In Matteus 28:19 beveel Jesus dat ook in die Naam van die Heilige Gees gedoop moet word. Die Jehovah-getuies probeer verbykom dat hier na die Naam van die Heilige Gees verwys word, deur te sê dat 'n mens ook van iets onpersoonliks se "naam" kan praat, byvoorbeeld "in die naam van die wet" (WTBTS, 1989:22). Geen voorbeeld van so 'n gebruik van die woord "naam" (*onoma*) kan egter by een van die 288 keer wat *onoma* in die Nuwe Testament voorkom, gevind word nie. In Matteus 28:19 verwys die woord "Naam" beslis na Persone, want dit word gebruik om ook na die Vader en die Seun te verwys.

Die Jehovah-getuies wys ook daarop dat die woord "mag of gesag" kan uitdruk (WTBTS, 1989:22). Dit onderstreep egter juis die Persoonwees van die Heilige Gees, want 'n mens praat tog nie van die mag of gesag van 'n krag nie, maar wel van die mag of gesag van iemand.

Deur die verwysing na die sogenaamde gebrek aan 'n persoonlike naam vir die Heilige Gees in die Bybel, slaag die Jehovah-getuies steeds nie daarin om aan te toon dat Hy 'n onpersoonlike krag is nie, maar weereens blyk die teendeel eerder waar te wees.

6.6.4.5 Sien die Bybel die Heilige Gees as onsydig?

Volgens *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:22) is "gees" (*pneuma*) onsydig in die oorspronklike Grieks van die Nuwe Testament en moet daar daarom na die Heilige Gees as "dit" verwys word. Hierdie argument gaan egter nie op nie. In Duits word byvoorbeeld na 'n meisie ("das Mädchen") in die onsydige vorm verwys, terwyl 'n meisie duidelik vroulik is. 'n Mens sal tog nie in 'n vertaling uit die Duits na 'n meisie as "dit" verwys nie. Daar word agt keer in die onsydige vorm na die beslis manlike Johannes die Doper verwys in Lukas 1:59-67 (WTBTS, 1985b:254-255), maar dit maak nie van hom 'n onpersoonlike "dit" nie.

Die neutrum (onsydige) vorm word in die Grieks dus nie net vir die Heilige Gees gebruik nie, maar dit word ook vir God (Joh. 4:24) en Jesus (vyf keer in Matt. 2:8-21 - WTBTS, 1985b:21-23) gebruik, asook onder andere vir engele (Heb. 1:14), demone (Matt. 12:24-28, Mark. 7:26-30), kindjie (*brephos* - Luk. 1:41, 44, 2:16, 18:15), kind (*paidion* - Mark. 5:39-41), en dogtertjie (*korasion* - Matt. 9:24-25, Mark. 5:41-42).

Dit is duidelik dat die beskrywing van iemand in die onsydige vorm nie sy of haar geslag of persoonwees wegneem nie.³¹ Dit gebeur dan ook nie met die Persoonwees van die Heilige Gees nie! Ook hierdie argument van die Jehovah-getuies gaan nie op nie.

Hierteenoor is daar duidelike Bybelverwysings waar die Heilige Gees na Homself as "Ek" of "My" verwys (1Hand. 10:20, 13:2) wat ondubbelsinnig laat blyk dat Hy 'n Persoon is. Jesus verwys ook na die Heilige Gees as "Hy" (Joh. 16:7-15).

6.6.4.6 Kan die Heilige Gees verdeel word?

Die Jehovah-getuies gebruik graag Numeri 11:17 en 25 as bewys dat die Heilige Gees nie 'n Persoon kan wees nie maar net "God se werkende krag" (WTBTS, 1989:20). Hier sê God aan Moses: "Van die Gees wat op jou is, sal Ek afsonder en op hulle lê." Dit lyk asof 'n deel van die Gees weggeneem sal word van Moses, en aan die 70 volksleiers van Israel gegee word. Moses kry dus, volgens die leer van die Jehovah-getuies dat die Heilige Gees 'n krag van God is, nie meer die volle stroom van krag van God nie, maar dit word gedeel met die 70 leiers.

Dit klink na 'n moontlike verklaring, totdat 'n mens besef dat God almagtig is. Hy beskik oor onbeperkte krag en hoef nie soos iemand wat beperkte krag het, dit te verdeel tussen almal wat dit nodig het nie. Wat God wel verdeel vir die welsyn van Sy volk, is die gawes van die Heilige Gees. As een persoon al die gawes het en al die verantwoordelikheid op hom moet neem, sal hy gou uitgeput raak. Dit is presies wat met Moses gebeur het (vgl. Num. 11:11-16). God verdeel dan die gawes van Sy Gees soos Hy dit vandag nog doen, soos onder andere in 1 Korintiërs 12:1-11 beskryf word. Hier is dit duidelik dat dit nie die Gees is wat verdeel word nie, maar die Heilige Gees wat uitdeel - "een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil" (1 Kor. 12:11).

Hieruit blyk dit weereens duidelik dat die Heilige Gees 'n bewuste Persoon is wat gawes uitdeel. Sy almag kom ook daarin uit dat Hy dit kan doen "soos Hy wil".

6.6.4.7 Waarom het God 'n onpersoonlike krag nodig?

Volgens die Jehovah-getuies is God nie alomteenwoordig nie. Hy het 'n geestelike liggaam en Hy bly iewers in die hemelruim³² (vgl. 6.2.5). Hy gebruik dan onder andere sy Heilige Gees, wat (anders as Hy) wel "oral" kan wees (WTBTS, 1989:21).

Hier word, in aansluiting by wat reeds gesê is in 6.2.5, net enkele opmerkings gemaak oor hierdie valse beskrywing van God dat Hy nie alomteenwoordig is nie, en daarom 'n alomteenwoordige krag nodig het om Sy belange te behartig. Eerstens kan die vraag gevra word dat as God die hemelruim geskep het soos Hy inderdaad gedoen het (Gen. 1:1; Ps. 102:25-28; Jes. 44:24; Heb. 1:10-11), waar het Sy geestelike liggaam gebly voordat Hy dit geskep het?

In teenstelling met die beperkte siening wat die Jehovah-getuies van God het, leer die Bybel dat die hemele God nie kan bevat nie (1 Kon. 8:27; Jes. 66:1; Hand. 7:48-49), asook dat God die heelal vul (Jer. 23:23-24; Hand. 17:27-28). Die Bybel leer dan ook dat hoewel Christus (self God) opgevaar het na die hemel, Hy steeds oral by mense teenwoordig is (Matt. 18:20; 28:20; Kol. 3:11).

Hoe beheer God buitendien die Heilige Gees as onpersoonlike, ondenkende krag wat Hy op die aarde loslaat as Hy self nie aanwesig is nie? Hierdie hele leerstelling van die Jehovah-getuies wat die bewuste Persoonwees van die Heilige Gees en God se alomteenwoordigheid misken, is nie net onjuis nie, maar ook 'n miskiening van die wese van God die Heilige Gees.

6.6.5 WIE IS DIE HEILIGE GEES?

6.6.5.1 Die Gees van Christus

As die Heilige Gees die krag van God die Vader is soos wat die Jehovah-getuies beweer (WTBTS, 1989:23), kan Hy nie terselfdertyd Jesus Christus se krag ook wees nie. As die Heilige Gees egter 'n aparte Persoon is, kan Hy deur sowel die Vader as die Seun gestuur word, en kan Hy as sowel die Gees van God die Vader as die Gees van Christus bekendstaan. Laasgenoemde is wat die Bybel leer, soos blyk uit die volgende gedeeltes:

- * Handeling 2:33 stel dit duidelik dat Jesus "die Heilige Gees" uitgestort het.
- * Romeine 8:9 sê dat die Gees van God en die Gees van Christus een en dieselfde Gees is (vgl. ook 1 Kor. 12:3, 4, 11).
- * Galasiërs 4:6 noem die Heilige Gees die Gees van die Seun van God en verklaar ook dat "God die Gees van Sy Seun in julle harte uitgestuur" het.
- * Filippense 1:19 noem die Heilige Gees "die Gees van Jesus Christus".
- * 1 Petrus 1:11 beskryf die Heilige Gees duidelik as "die Gees van Christus".

Die Heilige Gees kan net tegelyk van beide Vader en Seun uitgaan as Hy 'n aparte Persoon is en/of as die eenheid tussen Vader en Seun (Joh. 10:30) erken word - dus as die Drie-eenheidsleer erken word.

As eers ingesien is dat die Heilige Gees wel 'n bewuste Persoon is, bring dit 'n mens by die vraag of Hy God is. Dat die Heilige Gees God is, word bevestig deur al die magtige daade waarby Hy betrokke is en was. Boonop sal die enigste onvergeeflike sonde en lastering alleen kan wees teenoor Iemand wat waarlik God is (Matt. 12:31-32; Mark. 31:29; Luk. 12:10). Die volgende Bybelverse beklemtoon dat die Heilige Gees Here en God is:

- * Jesaja 6:8-10 in vergelyking met Handeling 28:25-27 toon duidelik dat die Heilige Gees as Here ("Jehovah" volgens die *New World Translation*) spreek. Jeremia 31:33-34 in vergelyking met Hebreërs 10:15-17 wys weer dat die Heilige Gees as Verbondsgod ("Jehovah" volgens die *New World Translation*) spreek.
- * Matteus 28:19 bewys dat die Heilige Gees saam met God die Vader en die Seun Goddelike eer ontvang. Die vers beklemtoon ook die eenheid van God daarin dat gelowiges in die "Naam [enkelvoud, een naam - HGS] van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees" (drie Goddelike Persone) gedoop word, dit is die Drie-enige God.
- * Volgens Handeling 5:3-4 is die Heilige Gees God. As 'n mens vir die Heilige Gees lieg, dan lieg jy vir God. En die straf op so 'n leuen is die dood.
- * 1 Korintiërs 12:11 wys op die almag van die Heilige Gees. Psalm 139:7 beklemtoon Sy alomteenwoordigheid. 1 Korintiërs 2:10-11 beskryf Sy alwetendheid.
- * 2 Korintiërs 3:17-18 praat van "die heerlikheid van . . . die Here wat die Gees is". Die Gees is Here ("Jehovah" volgens die *New World Translation*).³³

6.6.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die Heilige Gees is, volgens die Bybel en in teenstelling met die Jehovah-getuies se leerstellings, beslis 'n Persoon, 'n Goddelike Persoon, waarlik God. In die Bybel, wat onder leiding van die Heilige Gees geskryf is, openbaar Hy Hom as Here en God - die derde Persoon van die drie-enige God (vgl. Velema, 1957:39-48). Die leerstelling van die Jehovah-getuies wat van God die Heilige Gees 'n onpersoonlike krag wil maak, is 'n onchristelike leer gegrond op 'n verdraaiing van dit wat die Bybel leer.

6.7 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is die godsbeskouing van die Wagtoring-organisasie gemeet aan die Bybel, om daardeur vas te stel of die Jehovah-getuies 'n onchristelike leer oor God verkondig al dan nie. Dat dit wel die geval is, het uit elke onderafdeling geblyk.

Met hulle leerstelling oor die beperkte teenwoordigheid en kennis van God, 'n God wat ver is en nie bewus is van alles wat op aarde gebeur nie, word 'n onbybelse en dus onchristelike siening van God gegee. Hulle stel God ook as onmagtig voor, hulle beweer dat Hy wel voorspellings kan waag, maar moet wag om te sien presies wat gebeur. Hierteenoor leer die Bybel dat God almagtig, alwetend en alomteenwoordig is.

Deur die Drie-eenheidsleer te verwerp, wys die Jehovah-getuies dat hulle nie 'n Christen-organisasie is nie. Op grond van die Bybel verkondig die Christendom vir baie eeue al dat daar net een God is, en dat Vader, Seun en Heilige Gees hierdie een God is. Hierteenoor verkondig die Jehovah-getuies in wese 'n veelgodedom, met een almagtige oppergod en baie ondergeskikte of mindere gode. Die Jehovah-getuies se vervanging van die Drie-eenheidsleer wat op die Bybel gegrond is met 'n heidense veelgodedom, bewys dat hulle 'n onchristelike organisasie is.

Die siening van die Jehovah-getuies dat Jehovah (oftewel Jahweh) die eienaam van die Vader is, in onderskeid van die Seun en die Heilige Gees, is deur Skrif-met-Skrif-vergelyking van Bybelgegewens verkeerd bewys. God Drie-enig is die almagtige, ewige en enigste God wat Hom as Jahweh in die Ou Testament openbaar het. Die Jehovah-getuies se siening strook nie met die Bybel nie en is daarom nie 'n Christelike leerstelling nie.

Uit die bespreking van Wie Jesus is, blyk duidelik dat die Jehovah-getuies se Christologie radikaal verskil van dié van die Christendom. Hulle ontkenning dat Hy ewige Skepper is, almagtige God en aanbiddingswaardig, is direk in stryd met wat die Bybel leer en met wat die Christendom op grond van die Bybel leer, en is 'n vergryp teen die Here self. Hierdie organisasie verkondig 'n radikaal onchristelike leer oor die Here Jesus Christus.

In teenstelling met die Jehovah-getuies se leer dat die Heilige Gees 'n onpersoonlike krag is, blyk dit duidelik uit die Bybel dat die Heilige Gees 'n Persoon en self God is - die derde Persoon van die drie-enige God (Grosheide, 1949:94-115). Die Jehovah-getuies se leer oor die Heilige Gees bewys nog eens die onchristelike karakter van die organisasie.

Die godsbeskouing van die Jehovah-getuies is deur en deur onchristelik. Dit is in stryd met wat die Christendom deur die eeue op grond van die Bybel geleer het oor God. Die leerstelling van die Drie-eenheid is deur die loop van die geskiedenis telkens opnuut deur die kerk bely en uit die Skrif bevestig. Dit geld ook van die leer van die Bybel dat die drie-enige God Hom in Jesus Christus volmaak aan die mensdom en ter wille van die mensdom geopenbaar het. Die leerstelling van die Drie-eenheid is nie deur geestelikes opgestel om daardeur hulle houvas op mense te behou soos die Jehovah-getuies beweer nie (WTBTS, 1989:31), maar is opgestel om reg te laat geskied aan hoe God Hom in Sy Woord openbaar.

Die mens het geen reg om te peuter aan die openbaring van God oor Homself (soos die Jehovah-getuies doen), ter wille daarvan om dit meer verstaanbaar vir sy nietige logika te maak nie. Die woorde van *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:31) kan net so toegepas word op die Wagtoring-organisasie wat die ware drie-enige God verwerp: "Juiste kennis van God bring groot verligting. Dit bevry ons van leerstellings wat strydig is met God se Woord en van organisasies wat afvallig geword het."

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 6

1. Dit word deur die hele Bybel weerspieël. Let maar net op hoe God deur die profete reageer op grond van dinge wat Sy volk en ander volkere doen.
2. Op die debat tussen *infralapsarisme* en *supralapsarisme* word hier nie dieper ingegaan nie. Heyns (1978:92-93) wys daarop dat volgens die *infralapsariese* voorstelling die besluite tot die verkiesing en die verwerping *na* die sondeval deur God geneem is. Volgens die *supralapsariese* voorstelling is die besluite tot die verkiesing en verwerping *voor* die sondeval deur God geneem.
3. Enige van die profete in die Bybel kan in hierdie opsig as verwysing dien.
4. Vergelyk die uiteensetting in hoofstuk 5 (5.2) van hoe die Jehovah-getuies dit erken en selfs hierop aanspraak maak in hulle uitwerk van sogenaamde Bybelse kronologieë.
5. Die *New World Translation* van die Wagtoring-organisasie vertaal 1 Johannes 3:20 dan ook: "... God is greater than our hearts and knows all things."
6. As die Jehovah-getuies reg is dat God 'n woonplek moet hê in die heelal - waar het Hy dan in die ewigheid voor die skepping gebly?
7. Die *New World Translation* verander "Christ in you" wat so vertaal in die oorspronklike Grieks staan (en so in *The Kingdom Interlinear Translation of the Greek Scriptures* van die organisasie weergegee word - WTBTS, 1985b:822), na "Christ is in union with you" (WTBTS, 1984a:1450), om so die alomteenwoordigheid van die Here Jesus te probeer wegvertaal (vgl. 7.11).
8. In die res van die hoofstuk sal die Jehovah-getuies se standpunte veral aan die hand van hierdie publikasie uiteengesit word, omdat dit hulle eie samevatting van hulle standpunt oor die Drie-eenheid, asook die wese van die Vader, die Seun en die Heilige Gees bevat. Daar is omtrent nie 'n geskrif van die Wagtoring-organisasie waarin aspekte van hulle godsídee nie na vore kom nie. *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (1989) gee egter 'n resente en sterk apologetiese samevatting daarvan. Die volgorde waarin sake in die boekie aangesny word, word dan ook in die oorweging daarvan gevolg.
9. Met al hierdie punte het die Wagtoring-organisasie probleme, soos wat hieronder sal blyk.
10. Hierdie vers word later in die hoofstuk (6.4 en 6.5) verder behandel. Die manier waarop die *New World Translation* die organisasie se dogmas in die Bybel invertaal het, word in hoofstuk 7 (7.11) bespreek. Die invoeg van die woord "position" dui weer op die organisasie se ruimtelike siening van God.
11. Hoewel heelwat Skrifgedeeltes hier gegee word, word nie aanspraak op volledigheid gemaak nie. Heelwat meer teksgedeeltes word genoem in die verdere uitwerking wat later volg (6.4 tot 6.6).
12. Dit erken die Jehovah-getuies ook self in *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:12-13).
13. Jesus word ook deur die organisasie as bloot 'n engel (die aartsengel Migaël) beskou (vgl. 6.5.2).
14. Dit is in lyn met wat sowel Ridderbos (1962:122-123) as Bowman (1989:52) in hulle eksegese van Psalm 8:6 sê.
15. Die Griekse vertaling van die Ou Testament.
16. In *Die Wagtoring* van 12/1881 (p. 301) word beweer dat mense deur wedergeboorte goddelike wesens en daarom gode word. Die leer van 'n veelgodedom kom dus al 'n lang pad in die organisasie se geskiedenis.
17. Volgens Link (1979:71) word daar gereken dat die oorspronklike uitspraak van God se naam YHWH *Yahweh* was. Uit eerbied vir die naam het die Jode dit in hulle spraak vervang met *Adonai*. Die vokale van *Adonai* is by die konsonante YHWH gevoeg. "This gave rise to the mistaken form Jehovah."

- Oor die geskiedenis en betekenis van die naam Jahweh kan Van Genderen en Velema (1992:137-140) geraadpleeg word.
18. My eie vertaling van Johannes 1:18 op grond van die Griekse teks en gesteun deur Groenewald (1980:39-40).
 19. Groenewald (1980:221) sê in sy kommentaar op Johannes 8:59 die volgende: "Die Jode begryp dat Jesus Hom met God gelyk gestel het [deur die woorde 'Ek is' - HGS], en in hulle oë is so iets die ergste godslastering. Iemand wat hom hieraan skuldig maak, moet gestenig word (Lev. 24:16)."
 20. Jesus het self voor Sy dood en opstanding mense uit die dood opgewek.
 21. Die *New World Translation* vertaal *proskunein* in Matteus 4 met "aanbid", maar in Matteus 28 met "hulde betoon".
 22. Die *New World Translation* (WTBTS, 1984a:1490, 1545) vertaal *proskunein* in Openbaring 22 met "aanbid", maar in Hebreërs 1 met "hulde betoon". Die 1961-uitgawe van die *New World Translation* (WTBTS, 1961a:1293) het *proskunein* in Hebreërs 1:6 nog met "aanbid" vertaal.
 23. Volgens Hendriksen (1976c:350) is die "enige waaragtige God" "die Vader soos geopenbaar in die Seun".
 24. In vers 13 staan dan ook dat die Persoon aan die Woord "Een soos die Seun van die mens" is - 'n manier waarmee die Here Jesus na Homself verwys (Matt. 16:13). Openbaring 2:8 beskryf ook "die eerste en die laaste" as die Een "wat dood was en lewend geword het".
 25. Jesus se alwetendheid word in Johannes 16:30 deur Sy dissipels erken. Johannes 6:64 (vgl. 6.2.4.3.2) verklaar dat Jesus "van die begin af gewees het . . . wie hy was wat Hom sou verrai".
 26. Vergelyk ook Joh. 13:13 waar Jesus sê: "Julle noem my Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit."
 27. 2 Pet. 1:11 noem Jesus "ons Here en Saligmaker, Jesus Christus". 2 Pet. 1:1 noem Jesus "ons God en Saligmaker, Jesus Christus". Eersgenoemde vertaal die *New World Translation* net so omdat dit vir hulle geen probleem is dat Jesus Here genoem word nie. By laasgenoemde word 'n "(die)" egter in hakies voor Saligmaker ingevoeg, om dit te laat klink asof Petrus Jesus hier nie God noem nie.
 28. Die *New World Translation* vertaal hierdie vers dat dit klink asof God en die Een wat Sy bloed gegee het aparte persone is. Volgens Grosheide (1950b:115) is so 'n vertaling nie die voor die hand liggende een nie, en dui "God" hier na alle waarskynlikheid op Christus.
 29. Vergelyk *Die Geloofsbelydenis van Atanasius*, sowel as Artikels 8 en 11 van *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* en Sondag 20 van *Die Heidelbergse Kategismus* (1987:484, 485, 490, 491, 494, 538).
 30. Die *New World Translation* vertaal *en humin* in vers 9 met "in you", maar in vers 10 met "in union with you". Hulle doen dit omdat hulle argumenteer dat die Heilige Gees nie 'n Persoon is nie, omdat Hy in gelowiges is. Hierdie argument word weerlê deur die feit dat daar net 'n vers verder beklemtoon word dat Jesus ook in gelowiges is. Die Wagtoring-organisasie verander dus eerder aan die Bybel as wat hulle hulle standpunt wysig.
 31. Die Hebreuse woord vir "gees", *ruach*, is in die vroulike vorm. As die woord grammaties 'n vroulike vorm het, beteken dit nie dat die saak waarna dit verwys noodwendig vroulik is nie.
 32. Die *Ontwaak!* van 22/8/1963 (p. 28) stel dit duidelik dat God volgens die Jehovah-getuies nie alomteenwoordig is nie, maar dat Hy die skepping beheer deur Sy "handelende krag" (die Heilige Gees) en deur Sy engele.
 33. Vir 'n verdere uiteensetting van die Godheid van die Heilige Gees kan die volgende dogmatiese werke onder andere geraadpleeg word: Bavinck (1918b:260-346), Grosheide (1949:94-115), Heyns (1978:47-52, 291-296), Jonker (1983:14-17, 102-136), Velema (1957:39-48) en Verkuyl (1992:280-289).